



**Wes-Kaapse  
Regering**

Onderwys

**Jaarverslag 2014/2015**  
Onderwysdepartement

## Inhoud

### **Deel A: Algemene Inligting**

1.	Algemene Inligting van Departement .....	1
2.	Lys van Afkortings/Akronieme .....	2
3.	Voorwoord deur die Minister .....	3
4.	Verslag van die Rekenpligtige Beamppte .....	6
5.	Verklaring van Verantwoordelikheid en Bevestiging van die Akkuraatheid van die Jaarverslag .....	12
6.	Strategiese Oorsig .....	13
6.1	Visie .....	13
6.2	Missie .....	13
6.3	Waardes .....	13
7.	Wetgewende en Ander Mandate .....	13
8.	Organisatoriese Struktuur .....	14
9.	Entiteite wat aan die Minister rapporteer .....	14

### **Deel B: Prestasie-inligting**

1.	Verslag van die Ouditeur-Generaal: Voorafbepaalde Doelwitte .....	17
2.	Oorsig van Departementele Prestasie .....	17
2.1	Diensleweringomgewing .....	17
2.2	Diensleweringverbeteringsplan .....	19
2.3	Organisatoriese Omgewing .....	29
2.4	Belangrike Beleidsontwikkeling en Wetgewende Veranderings .....	32
3.	Strategiese Uitkomsgeoriënteerde Doelwitte .....	35
4.	Prestasie-inligting per Program .....	37
4.1	Program 1: Administrasie .....	37
4.2	Program 2: Openbare Gewone Skoolonderwys .....	46
4.3	Program 3: Subsidies vir Onafhanklike Skole .....	63
4.4	Program 4: Openbare Spesiale Skoolonderwys .....	67
4.5	Program 5: Verdere Onderwys en Opleiding .....	75
4.6	Program 6: Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes .....	79
4.7	Program 7: Vroeëkindontwikkeling .....	84
4.8	Program 8: Infrastruktuurontwikkeling .....	88
4.9	Program 9: Hulp- en Verwante Dienste .....	91
5.	Oordragbetalings .....	97
5.1	Oordragbetalings aan Openbare Entiteite .....	97
5.2	Oordragbetalings aan Alle Organisasies Buiten Openbare Entiteite .....	97

## **Deel B: Prestasie-inligting (Vervolg)**

6.	Voorwaardelike Toelaes.....	99
6.1.	Voorwaardelike Toelaes en Geormerkte Fondse Betaal.....	99
6.2.	Voorwaardelike Toelaes en Geormerkte Fondse Ontvang .....	99
7.	Donateursfondse .....	105
7.1.	Donateursfondse Ontvang.....	105
8.	Kapitale Belegging.....	106
8.1.	Kapitale Belegging, Instandhouding en Batebestuursplan .....	106

## **Deel C: Beheer**

1.	Inleiding .....	111
2.	Risikobestuur .....	113
3.	Bedrog en Korrupsie.....	114
4.	Minimalisering van Belangebotsing .....	115
5.	Gedragkode .....	115
6.	Gesondheid, Veiligheid en Omgewingskwessies.....	115
7.	Portefeuljekomitees.....	115
8.	SKOOR-besluite .....	115
9.	Vorige Wysigings aan Ouditverslae .....	121
10.	Interne Kontrole-eenheid.....	122
11.	Interne Oudit en Ouditkomitees .....	123
12.	Verslag van die Ouditkomitee.....	124

## **Deel D: Menslike Hulpbronbestuur**

1.	Wetgewing wat Menslike Hulpbronbestuur beheer .....	127
2.	Inleiding .....	127
3.	Oorsig van Menslike Hulpbronstatistiek .....	130

## **Deel E: Finansiële Inligting**

1.	Verslag van Ouditeur-Generaal.....	163
2.	Jaarlikse Finansiële State.....	168

## **BYLAES**

1.	Bylae A: Aksieplan tot 2014 en Aanwysers van Leweringsooreenkoms (Nasionaal) .....	235
2.	Bylae B: Opsomming van Nasionaal-bepaalde Program-Prestasiemaatstawwe .....	238
3.	Bylae C: Programprestasie-aanwysers – Tegniiese Aanwysers .....	257



Deel A  
**Algemene Inligting**

## 1. Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) Algemene Inligting

Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) is verantwoordelik vir openbare skoolonderwys in die provinsie, vanaf Graad R tot 12. Die WKOD is werksaam in agt onderwysdistrikte en het 'n hoofkantoor in Kaapstad.

Ligging	Posadres	Telefoon	Faks
WKOD-hoofkantoor	Privaatsak 9114, Kaapstad, 8000	021 467 2000	021 467 2996
Metro-Sentraal	Privaatsak X4, Mowbray, 7705	021 514 6700	021 514 6953
Metro-Oos	Privaatsak X23, Kuilsrivier, 7579	021 900 7000	086 556 9519
Metro-Noord	Privaatsak X45, Parow, 7500	021 938 3000	021 938 3180
Metro-Suid	Privaatsak X2, Mitchells Plain, 7785	021 370 2000	021 372 1856
Kaapse Wynland	Privaatsak X3102, Worcester, 6849	023 347 4600	023 342 2898
Eden & Sentraal Karoo	Privaatsak X6510, George, 6530	044 803 8300	044 873 3428
Overberg	Privaatsak X08, Caledon, 7230	028 214 7300	028 214 7400
Weskus	Privaatsak X3026, Paarl, 7620	021 860 1200	021 872 5394

### WKOD-inbelsentrums:

Navrae oor Personeel en Finansies: 0861 923 322; Veilige Skole: 0800 45 46 47

**Webwerf:** WKOD-aanlyn <http://wced.school.za>

**E-poslys:** WKODnuus <http://list.pgwc.gov.za/mailman/listinfo/wcednews>.

**Twitter** (mikro-webjoernaal)

WKODnuus <http://twitter.com/wcednews> (vir twiete oor onderwysverwante nuus); WKODleer <http://twitter.com/wcedlearn> (vir onderwysverwante twiete)

**Tumblr** (webjoernaal)

WKOD/Nuus/Tuisblad <http://wcednewshome.tumblr.com/>; WCEDnews <http://wcednews.tumblr.com/>

**Posterous** (webjoernaal)

WKODnuus <http://posterous.com/wcednews>

## 2. Lys van afkortings /akronieme

AOO: Algemene Onderwys en Opleiding	NK(B): Nasionale Kurrikulum (Beroepsgerig)
ASIDI: Versnelde Skoolinfrastruktuur-ontwikkeling-inisiatief	NKV: Nasionale Kurrikulumverklaring
BOOV: Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes	NKR: Nasionale Kwalifikasieraamwerk
DBO: Departement van Basiese Onderwys	NSS: Nasionale Senior Sertifikaat
DHOO: Departement van Hoër Onderwys en Opleiding	NSVP: Nasionale Skoolvoedingsprogram
DOBIS: Distriksonderwysbestuur-inligtingstelsel	OBIS: Onderwysbestuurinligtingstelsel
DVP: Distrikverbeteringsplan	OIT: Onderwysinfrastruktuurtoekenning
EAT: Eerste Addisionele Taal	PFMA: Wet op Openbare Finansiële Bestuur
GHS: Algemene Huishoudelike Opname	PILIR: Beleid en Prosedure oor Ongeskiktheidsverlof en Aftrede weens Swak Gesondheid
GIS: Geografiese Inligtingstelsel	PPA: Programprestasie-aanwyser
GOS: Gevorderde Onderwyssertifikaat	PPM: Programprestasiemaatstaf
Gr: Graad	SAKO: Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid
HOI: Hoër Onderwysinstelling	SASW: Suid-Afrikaanse Skolewet
HSE: Heelskoolevaluering	SBL: Skoolbeheerliggaam
HT: Huistaal	SBS: Skoolbestuurspan
IBB: Institusionele Bestuur en Beheer	SETA: Onderwys-en-opleidingsektor-owerheid
IKT: Inligting-en-Kommunikasie-tegnologie	SOBIS: Sentrale Onderwysbestuur-inligtingstelsel
JNA: Jaarlikse Nasionale Assessering	SVM: Skoolverbeteringsmonitering
JSO: Jaarlikse Skoolopname	SVP: Skoolverbeteringsplan
KABV: Kurrikulum- en Assesserings-beleidsverklaring	UOWP: Uitgebreide Openbare Werke-program
KOLI: Kaapse Onderwys- en Leierskap-instituut	U-AMP: Gebruiker-Batebestuursplan
LOOM: Leer-en-onderrig-ondersteuningsmateriaal	VKO: Vroeëkindontwikkeling
LSOB: Leerders met Spesiale Onderwysbehoefte	VOO: Verdere Onderwys en Opleiding
MTUR: Mediumtermyn Uitgaweraamwerk	VRL: Verteenwoordigende Raad van Leerders
WNOB: Wet op Nasionale Onderwysbeleid	WKOD: Wes-Kaap Onderwysdepartement

### **3. Voorwoord deur die Minister**

Sedert ek net meer as 'n jaar gelede aangestel is, was dit 'n uitdagende, dog opwindende tydperk gevul met nabetragting, veranderinge en vooruitgang.

Ek het die voorreg gehad om met die Wes-Kaapse Onderwysdepartement saam te werk om onderwysuitkomst in die Provinsie te verbeter. Ek is trots op wat ons saam bereik het, en sien uit na wat ons nog gaan bereik.

Vanaf 2009-2014 het die Wes-Kaapse Regering die grondslag gelê vir massiewe verbetering in leerder-prestasie en kwaliteit binne die stelsel. Daar is beskikbare bewys van die toename in leerders se prestasies in taal, wiskunde asook die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) oor hierdie tydperk, 'n toename in die retensiekoers, vermindering in die aantal onderpresterende skole, verbetering in administratiewe stelsels en meer skole as ooit tevore wat vervang of nuut gebou is.

Die rede vir hierdie verbetering in die stelsel as geheel, was as gevolg van 'n kombinasie van faktore – soos uiteengesit in ons 2009 Strategiese Plan – met die oorkoepelende oogmerk om kwaliteit onderwys aan alle leerders in hierdie provinsie te voorsien, wat die hoeksteen vorm van ons visie van 'n oopgeleentheidsamelewing vir almal.

Dit raak egter al moeiliker in die huidige fiskale klimaat. Ons staar al meer finansiële beperkings in die gesig, gekombineer met 'n toename in leerdergetalle elke jaar. Ons moet al hoe meer doen met al hoe minder. Ons finansiële bestuur was nog altyd uitstekend, en ek wil graag hulde bring aan almal in die Departement wat ons daarmee bystaan onder leiding van die SG, Penny Vinjevold en HDF, Leon Ely. Dit het ons in staat gestel om meer as 700 nuwe onderwysers in hierdie boekjaar aan te stel.

As 'n verantwoordelike en verantwoordbare regering, het ons die doelwitte wat ons in 2009 gestel het, hersien, en as gevolg daarvan 'n nuwe Strategiese Plan ontwikkel.

Ons het weer eens gedurende 2015/2016 onself daartoe verbind om geld te spandeer aan projekte, hulpbronne en mense wat kwaliteit onderwys aan al die leerders in hierdie provinsie sal voorsien.

Ons sal hierdie jaar 'n hele aantal opwindende inisiatiewe bekendstel wat almal direk gekoppel is aan die drie hoof indikatore vir sukses soos uiteengesit in ons Strategiese Plan, naamlik:

1. Verbetering in die vlak van taal en wiskunde in alle skole
2. Verbetering in getal en gehalte van die geslaagdes in die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS), en
3. Verbetering in die kwaliteit van onderwysvoorsiening in armer gemeenskappe.

Ons is daarvan oortuig dat die inwerkingstelling van ons e-Leer strategie sal bydra tot die bereiking van hierdie doelwitte, met die eerste skole wat in die 2015/2016 boekjaar gekoppel word aan die WAN en LAN. In ooreenstemming met ons pro-arm strategie, sal ons by die armste skole begin.

Ons sal ook graag meer kompetisie tussen skole wil sien om verbetering te aan te vuur.

Ons hoofdoelwit is om kwaliteit onderwys te verskaf aan alle leerders in hierdie provinsie, met ons hoofokus op die leerders in meer behoeftige gemeenskappe. Dit spreek duidelik uit alles wat ons doen, en ons sal voortgaan om dit te doen.

Ons is veral trots op die verskillende inisiatiewe wat ons onderneem het om meer behoeftige leerders en skole te ondersteun. Van die hoogtepunte, is die uitbreiding van die skoolvoedingsprogram wat twee gesonde maaltye per dag insluit, waarmee 457 000 leerders uit 1028 skole gevoed word; 'n toename in befondsing by fooibetalende skole wat minder gegoede gemeenskappe bedien; die betaling van meer as R44 miljoen in vergoeding om skole te help om sommige van die uitdagings wat hulle as gevolg van die nie-betaling van skoolgeld ervaar, te verlig.

Die WKOD gaan voort om die tweehonderd en sestig (216) fooibetalende skole wat behoeftige gemeenskappe bedien, te ondersteun nadat hulle in die 2014-skooljaar gekies het om geenfooi-skole te word toe hulle die geleentheid gegun is. Die WKOD gaan ook voort om die meer as 50 000 leerders in ons armer landelike gebiede te ondersteun deur leerdervervoer na en van die skool te voorsien.

Ons het verlede jaar die gebruik van Bevoegdheidsgebaseerde Assessering vir kandidate op die kortlys vir skoolhoofposte geloods om seker te maak dat die mees geskikte kandidaat aangestel word, en dat opleidingsbehoefte geïdentifiseer word. Hierdie jaar beoog die WKOD om die Bevoegdheidsgebaseerde Assessering uit te brei vir die aanstelling van Adjunk-skoolhoofde en Departementshoofde. Hierdie toetse het bewys om baie voordelig te wees vir alle betrokkenes.

Die WKOD is ook voortdurend op soek na maniere om sy stelsels te verbeter, en die bevoegdheidstoetse vir nasieners was een van die nuwe elemente wat gedurende 2011 ingevoer is om die nasieners-standaard van die NSS eksamens te verbeter. Die bevoegdheidstoetse word ontwikkel met die oog op die assessering van die onderwyser/vakbeampte se kennis van die vak, nasienvaardighede sowel as die vaardighede in die ontwikkeling en toepassing van die memorandum. Hierdie drieledige benadering is die afgelope vier jaar gebruik en bied 'n goeie basis as dit kom by die keuse van bevoegde nasieners. In 2014 is bevoegdheidstoetse toegepas vir 11 vakke, wat almal van 2013 ingesluit het, sowel as Engels Huistaal wat vir die eerste keer in 2014 bygevoeg is.


Ek is trots daarop dat die Wes-Kaap steeds die enigste provinsie is wat hierdie tipe bevoegdheidstoetse uitvoer, beide vir skole se leierskapspanne en NSS-nasieners.

Kwaliteit en verantwoordbaarheid is deurslaggewend in die skoolstelsel om voortgesette verbetering te verseker. Ons Distriksdirekteure het dit ook met ope arms aanvaar en het uitsonderlik gevaar, met elk van ons agt distrikte wat 'n 80% of hoër slaagsyfer gehad het in die 2014 NSS, en Weskus en Overberg onder die top 5 distrikte in die land! Wel gedaan almal. Dit was met groot hartseer wat ons moes afskeid neem van ons Direkteur van Metro-Oos, Melvyn Caroline, na 'n kort siekbed. Hy laat 'n groot leemte.

Ek is tevrede met die vooruitgang wat ons tot dusver in onderwys in hierdie Provinsie gemaak het. Ek is ook baie opgewonde oor die visie vir onderwys in die Wes-Kaap oor die volgende vier jaar. Ek het geen twyfel dat die ingrypings wat ons besig is om te bekend te stel leerderuitkomst sal verbeter, sowel as die geleenthede beskikbaar aan ons jongmense, spesifiek in samewerking met ander departemente wat met ons saamwerk aan Provinsiale Doelstelling 2.



Ons sien uit daarna om Onderwys "Saam is ons Beter" te maak, en om onderwysuitkomste sowel as die stelsel te verbeter in die jare wat voorlê. Saam kan ons verseker dat ons visie van 'n oopgeleenthedsamelewing bewaarheid word.



**Debbie Schäfer**  
**Provinsiale Minister van Onderwys**  
**Wes-Kaapse Regering**

#### 4. Verslag van die Rekenpligtige Beampte

##### Oorsig van die werksaamhede van die departement:

In 2009 het die WKOD sy Vyfjaarplan vir onderwys in die Wes-Kaap ontwikkel en gepubliseer. Nog elke jaar sedert 2009 het ons bestendige vordering op daardie plan gerapporteer. In hierdie finale verslag oor die vyfjaarplan bied ons die prestasies van die 2014/15 boekjaar aan.

Die volgende faktore het 'n impak gehad op ons werk in 2014/15: 'n substansiële vermeerdering in leerdergetalle; 'n beperkte begroting; en sosio-ekonomiese omstandighede wat in 'n ernstige mate die geleenthede van baie kinders om te leer, affekteer. Hierdie dinge moet in gedagte gehou word wanneer die 2014/15 Jaarverslag gelees word.

Die Jaarverslag is georganiseer na aanleiding van die nege begrotingsprogramme van al die provinsiale onderwysdepartemente. Daar is vooruitgang gemaak in al ons programme van 2014/15. Ons doen ook verslag ook aspekte waar die WKOD kon en moes beter vaar.

In Program 2 tot 7 rapporteer ons oor leerder / student-inskrywings by elk van die ses instellingstipes wat deur die WKOD befonds en ondersteun word; die uitslae van eksterne assessering van leerders / studente by hierdie instellings en die verskillende vorme van ondersteuning aan leerders, onderwysers en bestuurders by hierdie instellings.

- Program 2 – Openbare gewone skole
- Program 3 – Onafhanklike skole
- Program 4 – Skole vir Leerders met Spesiale Behoeftes
- Program 5 – VOO kolleges
- Program 6 – Sentrums vir Volwasse Onderwys
- Program 7 – Vroeëkindontwikkeling

Die bogenoemde ses programme is afhanklik van effektiewe en doeltreffende administrasie vir hul sukses, veral gegewe die vermeerdering in die aantal inskrywings en beperkte begrotings. Die WKOD se pogings met betrekking tot verbeterde administrasie word in **Program 1** aangespreek. Die verslag oor hierdie program dui aan dat die begroting spandeer is soos beplan, en dat beduidende stappe geneem is om gerieflike, effektiewe en doeltreffende dienste aan skole en onderwysers te voorsien. Dit het deeglike beplanning; betroubare data; bewys-gebaseerde beleidskeuses; toegewyde en verantwoordbare personeel en deurlopende monitering en evaluering geveer.

Die toename in leerdergetalle en die veroudering van ons skool infrastruktuur het gelei tot 'n aansienlike verhoging in die begroting vir nuwe klaskamers en skole, asook die onderhoud aan bestaande infrastruktuur. **Program 8** beskryf die stappe wat geneem is vir die verbetering van die omgewing waarin ons onderwysers en kinders werksaam is.

Ten einde vas te stel of ons kinders vordering maak met leer – wat die hart van ons besigheid is – het die WKOD 'n verskeidenheid van interne en eksterne assesseringsdoelwitte, maatreëls en instrumente gebruik. **Program 9** beskryf die eksterne eksamens en toetse wat deur die WKOD afgeneem is.

Die WKOD streef daarna om inskrywings te vermeerder en om leerders en studente in gepaste onderwysprogramme te hou. Ons sukses om leerders in onderwysinrigtings te hou, blyk duidelik uit hierdie verslag.

Ons grootste uitdaging lê daarin om te verseker dat elke leerder kwaliteit onderrig ontvang in 'n sorgsame en veilige omgewing. Daar is vele uitstekende en hartroerende voorbeelde van hoe WKOD-personeel en onderwysers dit elke dag aan duisende leerders voorsien. Ons wil hulle bedank vir hulle toewyding in moeilike tye. Hulle voorbeeld sal die riglyn wees vir die werk van die WKOD oor die volgende vyf jaar.

### Oorsig van die finansiële resultate van die departement:

#### Departementele ontvangste

Departementele ontvangste	2014/2015			2013/2014		
	Beraam	Werklike Bedrag Ingevorder	(Oor)/Onderinvordering Uitgawes	Beraam	Werklike Bedrag Ingevorder	(Oor)/Onderinvordering Uitgawes
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Verkoop van goedere en dienste buiten kapitale bates	13,499	11,762	1,737	11,906	11,959	(53)
Boetes, strafgeld en verbeurings	228	1,185	(957)	228	774	(546)
Rente, dividende en huur vir grond	1,998	2,216	(218)	1,998	1,818	180
Finansiële transaksies in bates en laste	12,502	19,526	(7,024)	26,698	19,003	7,695
<b>Totaal</b>	<b>28,227</b>	<b>34,689</b>	<b>(6,462)</b>	<b>40,830</b>	<b>33,554</b>	<b>7,276</b>

Eie inkomste wat deur die departement gegenereer is, beloop 0,2 % van die totale begroting. Dit is in ooreenstemming met die begrote bedrag. Die departement se belangrikste bronne van eie inkomste is –

- Invordering van skuld aan die departement verskuldig
- Kommissie op versekering en loonbeslag-aftrekkings
- Fooie gehef vir eksamenverwante dienste, bv. die hernasiening van vraestelle en versoeke om afskrifte van senior en ander sertifikate. Hierdie tariewe word deur die (Nasionale) Departement van Basiese Onderwys bepaal.
- Reprografiese dienste aan ander provinsiale departemente.

Alle tariewe word in 'n tariefregister gelys en word jaarliks hersien om voorsiening te maak vir inflasie. Die onderinvordering op departementele ontvangste vir 2014/15 is R6.4 miljoen, en word hoofsaaklik toegeskryf aan die feit dat meer skuld afgeskryf is as wat verwag was, wat ontvangbare inkomste beïnvloed. Alle skulde word afgeskryf ingevolge die departement se beleid oor skuldafskrywing. Hierdie beleid behels 'n aantal stappe, insluitend pogings om debiteure op te spoor.

Program Uitgawes

Naam van program	2014/2015			2013/2014		
	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor)/ onderbesteding	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor)/ Onderbesteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
1. Administrasie	666,659	661,621	5,038	579,744	571,149	8,595
2. Openbare gewone skoolonderwys	12,156,707	12,156,526	181	11,381,365	11,362,779	18,586
3. Subsidies vir onafhanklike skole	89,845	89,845	-	84,648	84,648	-
4. Openbare spesiale skoolonderwys	973,642	973,642	-	910,338	910,338	-
5. Verdere onderwys en opleiding	377,913	377,865	48	353,097	353,078	19
6. Basiese onderwys en opleiding vir volwassenes	36,609	34,633	1,976	37,898	37,898	-
7. Vroeëkindontwikkeling	511,778	511,778	-	465,637	465,535	102
8. Infrastruktuurontwikkeling	1,453,432	1,439,491	13,941	1,192,946	1,054,312	138,634
9. Hulp en verwante dienste	759,745	755,870	3,875	663,112	662,459	653
Totaal	17,026,330	17,001,271	25,059	15,668,785	15,502,196	166,589

Die departement het 99.85 persent van die aangesuiwerde begroting vir 2014/15 bestee. Onderbesteding het R25.059 miljoen, of 0.15 persent van die aangesuiwerde begroting beloop, wat goed binne die nasionale norm van 2 persent is.

**Redes vir onderbesteding is soos volg:**

- *R7.014 miljoen vir die Billike Aandeel.* Die bedrag van R7.014 miljoen wat onderspandeer is vir Program 1: Administrasie as gevolg van die aanskaffing van die e-Onderwys IKT wat nie teen jaareinde voltooi kon word nie; en Program 6: Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes omdat minder eise as verwag van die onderskeie VOO-sentrums ontvang is.
- *R0.020 miljoen vir die Nasionale Skoolvoedingsprogramsubsidie.* Hierdie bedrag is onverbonde en moet aan Nasionale Tesourie teruggegee word.
- *R0.161 vir die UOWP Aansporingstoelae aan Provinsies vir die Sosiale Sektor.* Minder eise is van VOO kolleges ontvang vir opleiding van datavasleggers. Die bedrag is onverbonde en moet aan Nasionale Tesourie teruggegee word.
- *R0.048 vir die Verdere Onderwys en Opleiding Toelae.* Die bedrag is onverbonde en moet aan Nasionale Tesourie teruggegee word.
- *R13.941 miljoen voorwaardelike toelae vir die Onderwysinfrastruktuurtoekenning (OIT), UOWP voorwaardelike toelae vir Provinsies en die Onderwys aansporingstoelae geormerk vir MOD-sentrums.* Die onderbesteding is as gevolg van verdragings in die Versnelde Skoolinfrastruktuur-ontwikkelingsinisiatief (ASIDI) se kapitale infrastruktuur projekte by gewone openbare skole en verdragings met die implementering van instandhoudingsprojekte. Die bedrag van R12.755 miljoen is toegeken vir uitgawes wat nie teen 31 Maart 2015 betaal is nie, en die onverbonde saldo moet aan die Nasionale en Provinsiale Tesourie teruggegee word.
- *R3.875 miljoen vir die toelae vir MIV/Vigs (lewensvaardighede-onderwys) en Onderwys aansporingstoelae geormerk vir MOD-sentrums.* Die volle bedrag is onverbonde en moet aan Nasionale en Provinsiale Tesourie teruggegee word.

Behalwe vir die onverbonde fondse wat aan Nasionale Tesourie teruggegee is, is die onbestede fondse almal aan beplande projekte toegeken, en 'n versoek vir die heruitreiking van fondse om hierdie projekte te voltooi, is aan Provinsiale Tesourie voorgelê. Die fondse sal dus vir die bestemde doel aangewend word.

### **Viremente/heruitreiking**

Provinsiale Tesourie het die volgende viremente tussen hoofverdelings in die Begrotingspos goedgekeur:

- Verskuiwing van R7 326 000 vanaf program 1 na program 2 vir die hoër as verwagte lewenskoste aanpassings, en vir oorpasing van fondse oorgebring vir Norme en Standaarde (Skoolfooie vir Kwintiel 1-3) om skole met finansiële uitdagings by te staan.
- Verskuiwing van R18 971 000 vanaf program 1 na program 8 vir infrastruktuur onderhoud en opgradering van skoolsale en sportvelde by openbare skole.
- Verskuiwing van R27 121 000 vanaf program 4 na program 2 vir die hoër as verwagte lewenskoste aanpassings.
- Verskuiwing van R10 241 000 vanaf program 9 na program 8 vir infrastruktuur onderhoud en opgradering van skoolsale en sportvelde by openbare skole.

Die volgende heruitreikings is versoek:

- R12 755 miljoen van die Onderwysinfrastruktuurtoekenning (OIT) is versoek vir die uitgawes wat nie teen 31 Maart 2014 vir ASIDI-kapitale infrastruktuurprojekte by gewone openbare skole betaal is nie.

### **'n Beskrywing van die redes vir ongemagtigde, vrugtelose en verkwiste uitgawes en die bedrae betrokke, asook stappe wat gedoen is om 'n herhaling daarvan te verhoed.**

Die departement het nie gedurende die oorsigtydperk enige ongemagtigde uitgawes aangeaan nie. Ten einde onreëlmatige uitgawes te beperk, het die departement voorsieningskettingsbestuurskampvegters in al 42 direktorate geïdentifiseer en hulle het opleiding ontvang in alle aspekte van VKB. VKB-profielvorms is opgestel om die nodige prosesse en prosedures te struktureer en beheer. Ten einde die voorkoms van onreëlmatige uitgawes te verminder, het die Interne Kontrole-eenheid 'n post-oudit op alle betalingsbewyse gedoen. Die Eenheid het toe aan die VKB-kampvegters en hul direktorate terugvoer gegee oor potensiële onreëlmatige uitgawes. Hierdie stappe het 'n vermindering in onreëlmatige uitgawes tot gevolg gehad.

### **Toekomsplanne van die departement**

Die drie doelwitte van die WKOD vir die volgende vyf jaar (2015 – 2019) is

1. 'n Verbetering in die vlak van taal en wiskunde in alle skole
2. 'n Verbetering in die aantal en kwaliteit van geslaagdes in die Nasionale Senior Sertifikaat
3. 'n Verbetering in die kwaliteit van onderwysvoorsiening in behoeftige gemeenskappe.

Die drie doelwitte sal bereik word deur aandag te gee aan die volgende doelstellings:

### **1. Uitnemende administrasie verstewig deur aanlyn-dienste**

Die WKOD sal aanlyn-dienste aan skole, onderwysers en leerders verskaf. Die doel van die aanlyn-dienste is om die administrasielas op skole te verminder, en akkurate, effektiewe en koste-effektiewe voorsiening van hulpbronne en dienste aan skole te verseker. Hierdie dienste sal deur middel van kliënte-tevredenheid opnames nagegaan word vir opvolgaksie na aanleiding van klagtes.

### **2. 'n Vyfjaar-onderwyserontwikkelingsplan**

Die vyfjaar-onderwyserontwikkelingsplan (2015 – 2019) sal 'n duidelike raamwerk en plan voorsien vir voor-diens opleiding van nuwe toetreders tot die onderwysprofessie, en in diens-opleiding vir bestaande onderwysers. Die opleiding sal gefokus, relevant en prakties van aard wees. Hierdie plan sal voorstelle insluit vir meesters, sowel as aansporings vir onderwysers wat graag hul kwalifikasies, onderwyspraktyk en leeruitkomste wil verbeter.

### **3. Provinsiale kurrikulum bestuurstrategieë**

Die WKOD se Taal en Wiskunde Strategieë vir 2015 tot 2019 sal in 2015 in werking gestel word. Hierdie strategieë het ten doel om die akademiese prestasie van alle graad R – 12 leerders te verbeter deur die ontwikkeling van kennis en pedagogiese praktyke van kurrikulum-amptenare, departementshoofde en onderwysers; voorsiening van 'n minimum stel LOOM en deurlopende evaluering en refleksie oor praktyke, planne en vordering. Die WKOD sal ook nuwe tegniese vakke bekendstel, met beter toegang en ondersteuning van beroepsgerigte vakke. Goeie kurrikulumbepanning sal verseker dat skole die beste onderwysdiensleweringplan vir elke geografiese area bied.

### **4. Goeie skoolbestuur**

Die WKOD sal prosesse verbeter vir die werwing, keuse en ondersteuning aan skoolhoofde, onderhoofde en departementshoofde. Distrikskantore sal daarop fokus om toe te sien dat skole optimaal funksioneer, en dat skoolbeheerspanne doelmatige en effektiewe akademiese programme bied. Dit sluit in die hantering van uitdagende gedrag en ander onderbrekings in die 200-dag onderrigprogram.

### **5. Behoeftte-gebaseerde onderwysvoorsiening**

Die WKOD sal die nodige hulpbronne voorsien sodat goeie onderrig en leer kan plaasvind. Dit sluit in personeel, boeke, toerusting, fasiliteite en toegang tot IKT.

### **6. Maatskaplike ondersteuning en 'n platform vir jeugontwikkeling**

Deur middel van die skoolvoedingsprogram, vrystelling van skoolfoeie en veilige skole-ingrypings word beoog om 'n stabiele leeromgewing te skep wat leerders gesond, veilig en so lank as moontlik op skool sal hou. Die WKOD sal op verskeie maniere bydra tot jeugontwikkeling, en vennootskappe aangaan waar ook al dit die mees kwesbares kan help.

## **7. Ondersteuning aan onafhanklike skole**

Onafhanklike skole wat leerders uit behoeftige gemeenskappe toelaat, sal ondersteuning ontvang deur middel van subsidies, onderwysopleidingsprogramme en skoolbesoeke. Alle onafhanklike skole wat subsidies ontvang, moet die WKOD se jaarlikse sistemiese toetse in taal en wiskunde aflê.

## **8. Program om leerstoornisse te verminder**

Die WKOD sal geleenthede voorsien en omsien na leerders met leerstoornisse of sodanige risiko loop. Die WKOD sal met ander departemente en NRO's saamwerk om hierdie leerders te ondersteun.

## **9. Kwaliteit Graad R**

In die toekoms sal die klem val op die kwaliteitverbetering van leer in graad R. Dit sal geskied deur te fokus op die vaardighede en professionele status van die onderwyser, asook om diegene wat remediërende bystand benodig vroegtydig te identifiseer. Die oogmerk is om te verseker dat daar gedurende die graad R-jaar 'n effektiewe grondslag gelê word vir leer.

## **10. Effektiewe infrastruktuur-program om 'n inspirerende leeromgewing te skep**

Oor die volgende vyf jaar sal die fokus wees op die aanbou van nuwe skole en klaskamers waar daar 'n behoefte is aan addisionele akkommodasie; die vervanging van skole wat van onvanpaste materiaal gemaak is; en beplande onderhoudswerk sodat meer skole en leerders kan voordeel trek uit die infrastruktuur-begroting.

## **Publieke/Private Vennootskappe**

Die Departement het nie enige sodanige reëling aangegaan gedurende die oorsigtydperk nie.

## **Gestaakte aktiwiteite / aktiwiteite wat gestaak gaan word**

Geen

## **Nuwe of voorgestelde aktiwiteite**

Bo en behalwe die doelstellings en doelwitte wat hierbo genoem is, is die WKOD die leidende departement vir Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 2: Verbeter onderwys-uitkomst en geleenthede vir jeugontwikkeling. Die eerste drie doelwitte van die doelstelling stem ooreen met die drie doelstellings van die WKOD. Hulle is:

1. Verbetering in die vlak van taal en wiskunde in alle skole
2. Verbetering in die aantal en kwaliteit van geslaagdes in die Nasionale Senior Sertifikaat
3. Verbetering in die kwaliteit van onderwysvoorsiening in behoeftige gemeenskappe.

Die oorblywende twee doelstellings is: "Om meer maatskaplike en ekonomiese geleenthede vir ons jeug te voorsien" en "Verbetering van gesinsondersteuning aan kinders en jeug, en die fasilitering van ontwikkeling."

## **5. Verklaring van verantwoordelikheid en Bevestiging van die Akkuraatheid van die Jaarverslag**

Na die beste van my kennis en wete, bevestig ek die volgende:

Alle inligting en bedrae wat in die jaarverslag bekend gemaak word, is konsekwent.

Die jaarverslag is volledig, akkuraat en vry van enige weglatings.

Die jaarverslag is opgestel in ooreenstemming met die riglyne vir die jaarverslag, soos uitgereik deur Nasionale Tesourie.

Die finansiële jaarstate (Deel E) is in ooreenstemming met die gemodifiseerde kontantstandaard en die betrokke raamwerke en riglyne voorberei wat deur Nasionale Tesourie uitgereik is.


Die Rekenpligtige Beampte is verantwoordelik vir die voorbereiding van die finansiële jaarstate en vir die menings wat in hierdie inligting gegee word.

Die Rekenpligtige Beampte is verantwoordelik vir die daarstelling en implementering van 'n stelsel van interne kontrole wat ontwerp is om redelike versekering oor die integriteit en betroubaarheid van die prestasie-inligting, die menslike hulpbronne-inligting en die finansiële jaarstate te verskaf.

Die eksterne ouditeure is verantwoordelik om 'n onafhanklike mening oor die finansiële jaarstate te gee.

Na my mening is die jaarverslag 'n redelike weerspieëling van die bedrywighede, prestasie-inligting, menslike hulpbronne-inligting en finansiële sake van die departement vir die boekjaar geëindig 31 Maart 2015.

Die uwe



**Rekenpligtige Beampte**  
**PA Vinjevoold**  
**31 Mei 2015**



## 6. Strategiese Oorsig

### 6.1 Visie

Om geleenthede te vir almal deur verbeterde onderwysuitkomst te skep.

Hieraan word uitdrukking gegee deur drie oorkoepelende doelwitte<sup>1</sup>:

1. Verbeterde taal en wiskunde in laerskole
2. Hoër getal en gehalte van geslaagdes in die Nasionale Senior Sertifikaat
3. Vermindering in die getal onderpresterende skole

### 6.2 Missie<sup>2</sup>

Om gehalte-onderwys aan alle leerders in die provinsie deur die volgende te verskaf:

- Oorhoofse beplanning vir, en bestuur van, die onderwysstelsel
- Onderwys in openbare gewone skole
- Ondersteuning aan onafhanklike skole
- Onderwys in openbare spesiale skole
- Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) by openbare VOO kolleges
- Onderwys en opleiding vir Volwassenes (OOV) in gemeenskapsleersentrums
- Vroeëkindontwikkeling in (VKO) in Graad R
- Opleidingsgeleenthede vir onderwysers en nie-onderwysers
- 'n Geteikende voedselprogram en ander maatreëls vir armoede-verligting en veiligheid
- Steun aan onderwysers deur die voorsiening van basiese diensvoorwaardes, aansporings en 'n werknemer-welstandsprogram

### 6.3 Waardes

- Die uiterste belang van die leerder
- Die waardes van die Suid-Afrikaanse Grondwet en die Handves van Regte
- Uitnemendheid deur die voorsiening en ondersteuning van 'n toegeruste, positiewe en florerende onderwyskorps wat professioneel en toegewyd is
- Aanspreeklikheid en deursigtigheid
- Integriteit en uitnemendheid in administratiewe steunfunksies

## 7. Wetgewende en Ander Mandate

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996)

Die Grondwet van die Wes-Kaap Provinsie, 1998 (Wet 1 van 1998)

Die Wes-Kaapse Wet op Provinsiale Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997)

Die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASW), 1996 (Wet 84 van 1996)

Die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid (WNOB), 1996 (Wet 27 van 1996)

---

<sup>1</sup> Let op dat hierdie oopgedateer is vir die jare 2015 - 2019. Hierdie is die doelwitte vir die oorsigjaar.

<sup>2</sup> Vanaf 1 April 2015 is Verdere Onderwys en Opleiding, en Onderwys en Opleiding vir Volwassenes oorgedra na die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding. Dit is dus die laaste maal dat daar in hierdie Jaarverslag oor hierdie twee programme gerapporteer sal word.


Die Wet op Verdere Onderwys- en Opleidingskolleges, 1998 (Wet 16 van 2006)  
Die Wet op die Gehalteversekering van Algemene en Verdere Onderwys en Opleiding, 2001 (Wet 58 van 2001)  
Die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998)  
Die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999)  
Die Wet op die Jaarlikse Verdeling van Inkomste, 2012 (Wet 5 van 2012)  
Die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994)  
Die Wet op die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid, 1995 (Wet 58 van 1995)  
Die Wet op die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders, 2000 (Wet 31 van 2000)  
Die Wet op Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes, 2000 (Wet 52 van 2000)

## **8. Organisasoriese Struktuur**

Sien keersy

## **9. Entiteite wat aan die Minister/LUR rapporteer**

Nie van toepassing





Deel B  
**Prestasie-inligting**

## 1. Verslag van die Ouditeur-Generaal: Voorafbepaalde Doelwitte

Die OGSA voer tans sekere ouditprosedures op die prestasie-inligting uit om redelike versekering in die vorm van 'n ouditbevinding te gee. Die ouditbevinding oor die prestasie teen voorafbepaalde doelwitte is by die verslag aan bestuur ingesluit, met wesenlike bevindinge wat onder die Voorafbepaalde Doelwitte-opskrif in die verslag oor ander regs- en regulatoriese vereistes van die ouditeur se verslag aangegee word.

Verwys na bladsy 165 van die Verslag van die Ouditeur-Generaal, gepubliseer as DeelE: Finansiële Inligting.

## 2. Oorsig van Departementele Prestasie

### 2.1 Diensleweringomgewing

Die Suid-Afrikaanse onderwyssektorplan is vervat in *Aksieplan 2019 vir Skoolonderwys tot 2030*<sup>3</sup> wat nou in ooreenstemming is met die Nasionale Ontwikkelingsplan en Nasionale Uitkoms 1. Die plan bestaan uit 27 doelwitte. Die eerste 13 handel oor leeruitkomste en die ander 14 doelwitte handel oor hoe hierdie leeruitkomste bereik kan word.

Die aanspreeklikheidstelsel eie aan hierdie plan is gekoppel aan die Suid-Afrikaanse onderwys-**doelwitte**, die **aanwysers** daarvoor, en die **teikens** en **mylpale** daarvan. Die aantal doelwitte is beperk; die aanwysers is meetbaar. Die teikens moet 'haalbaar' wees en moet daarop gemik wees om onderwysuitkomste toenemend te verbeter. Dit word per provinsie verdeel en moenie as plafon beskou word nie. Alhoewel nasionale teikens oor die langtermyn gestel is, fokus mylpale oor die algemeen op gewenste prestasie oor die mediumtermyn (tot vyf jaar in die toekoms). Mylpale is gestel vir doelwitte 1 – 13, maar nie vir doelwitte 14 tot 27 nie.

Die doelwitte vir **leeruitkomste** is:

- 1 ► Verhoog die aantal leerders in Graad 3 wat teen die einde van die jaar die minimum bevoegdheids in taal en gesyferdheid vir Graad 3 bemeester het.
- 2 ► Verhoog die aantal leerders in Graad 6 wat teen die einde van die jaar die minimum bevoegdheids in taal en wiskunde vir Graad 6 bemeester het.
- 3 ► Verhoog die aantal leerders in Graad 9 wat teen die einde van die jaar die minimum bevoegdheids in taal en wiskunde vir Graad 9 bemeester het.
- 4 ► Verhoog die aantal Graad 12-leerders wat in aanmerking kom vir 'n Baccalaureusprogram op universiteit.
- 5 ► Verhoog die aantal Graad 12-leerders wat *wiskunde* slaag.

<sup>3</sup> Vantevoren was dit opgestel tot 2025, maar is verleng om die plan vir die volgende periode te dek

Die doelwitte vir **leeruitkomste** (vervolg):

- 6 ► Verhoog die aantal Graad 12-leerders wat natuurwetenskap slaag.
- 7 ► Verbeter die gemiddelde prestasie van Graad 6-leerders in tale.
- 8 ► Verbeter die gemiddelde prestasie van Graad 6-leerders in wiskunde.
- 9 ► Verbeter die gemiddelde prestasie van Graad 8-leerders in wiskunde.
- 10 ► Verseker dat alle kinders by 'n skool ingeskryf is tot ten minste die jaar waarin hulle 15 word.
- 11 ► Verbeter die toegang van kinders tot gehalte-vroeëkindontwikkeling (VKO) onder Graad 1.
- 12 ► Verbeter die graadvordering van leerders vanaf Graad 1 tot 9.
- 13 ► Verbeter die toegang van jeugdiges tot verdere onderwys en opleiding na Graad 9.

Die doelwitte vir **hoe** die leeruitkomste bereik sal word, is:

- 14 ► Lok elke jaar 'n nuwe groep jong, gemotiveerde en toepaslik opgeleide onderwysers na die onderwysberoep.
- 15 ► Verseker dat die beskikbaarheid en benutting van onderwysers van so 'n aard is dat uitermatig groot klasse vermy word.
- 16 ► Verbeter die professionalisme, onderrigvaardighede, vakkennis en rekenaargeletterdheid van onderwysers dwarsdeur hulle loopbaan.
- 17 ► Streef na 'n onderwyskorps wat gesond is en 'n sin van werksbevrediging geniet.
- 18 ► Verseker dat leerders al die onderwerpe en vaardighede dek wat hulle in hul huidige skooljaar behoort te dek.
- 19 ► Verseker dat elke leerder toegang het tot die minimum stel handboeke en werkboeke wat ingevolge nasionale beleid benodig word.
- 20 ► Bevorder leerders se toegang tot 'n wye reeks media, insluitend rekenaars, wat hulle opvoeding verryk.
- 21 ► Verseker dat die basiese jaarlikse bestuursprosesse in alle skole in die land plaasvind op 'n wyse wat bydra tot 'n funksionele skoolomgewing.
- 22 ► Verbeter ouers en die gemeenskap se deelname aan die beheer van skole, deels deur toegang tot belangrike inligting via die e-Onderwysstrategie.
- 23 ► Verseker dat alle skole befonds word op ten minste die minimum per-leerder-vlak wat nasionaal bepaal word en dat fondse deursigtig en doeltreffend aangewend word.
- 24 ► Verseker dat die fisiese infrastruktuur en omgewing van elke skool leerders inspireer om te wil skoolgaan om te leer, en vir onderwysers om te onderrig.
- 25 ► Gebruik skole as 'n voertuig vir die bevordering van toegang tot 'n reeks openbare dienste onder leerders, soos byvoorbeeld gesondheid, armoedeverligting, psigososiale ondersteuning, sport en kultuur.
- 26 ► Verhoog die aantal skole wat die inklusiewe onderwysbeleid doeltreffend implementeer en toegang het tot sentrums wat deskundige dienste bied.
- 27 ► Verbeter die gereeldheid en gehalte van die monitering en steundienste wat deur distrikskantore aan skole voorsien word, deels deur beter benutting van e-Onderwys.

Die WKOD se prestasie op bogenoemde nasionale aanwysers, word in Bylae A (bladsy 235) verskaf.

Die Jaarlikse Prestasieplan vir 2014/15 het vyf belangrike fokusareas geïdentifiseer. Die eerste vier was dié wat op nasionale vlak geïdentifiseer is: i) Tekste, insluitend die nasionale werkboeke; ii) Kurrikulum-versterkende maatreëls ter ondersteuning van die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV); iii) Jaarlikse Nasionale Assesering; iv) Infrastruktuur. Die WKOD het 'n vyfde fokuspunt bygevoeg: Stelsels en ondersteuning vir verbeterde leeruitkomste.

Vooruitgang deur die WKOD met betrekking tot Tekste, Kurrikulum en die JNA's word in Program 2 uiteengesit. Vooruitgang met betrekking tot infrastruktuur word in Program 8 in punt 8.1 (bladsy 106) onder "Kapitale belegging, instandhouding en batebestuursplan" uiteengesit. Stelsels en ondersteuning word onder beide Program 1 en Program 2 bespreek.

2014/15 was 'n stabiele arbeidstydperk. Dit het die WKOD in staat gestel om op sy belangrikste werk – die verbetering van onderwysuitkomste – te fokus. Menslike en finansiële hulpbronne en alle ingrypings is toegespits op die skole met die grootste behoefte aan ondersteuning.

Geweld, misdaad en sosio-ekonomiese toestande stel volgehoue eise aan skole, skoolonderwys en die WKOD. Waar moontlik, het die WKOD ondersteuning verskaf om die impak van misdaad en armoede te verlig.

'n Aanlynstelsel wat inskrywings byhou, was in 2014 opgestel vir leerders wat nie vir 2015 ingeskryf was by skole nie sodat hulle met 'n unieke registrasienommer kon registreer. Die doel hiervan was om duidelikheid te hê oor die werklike aantal leerders wat nie plek in 'n skool het nie, en sodoende te verseker dat hulle maklik plek kry. Ten spyte van aanvangsprobleme met die stelsel, was daar 'n verbetering in die hantering van inskrywings in 2015.

Die toenemende vraag na plekke in Wes-Kaapse skole word in Program 2 uitgelig.

## **2.2 Diensleweringverbeteringsplan**

Die departement het 'n Diensleweringverbeteringsplan (DLVP) voltooi. Onderstaande tabelle toon die diensleweringplan, asook die prestasies tot op hede.

## Hoofdienste en standaarde

Hoofdienste	Begunstigdes	Huidige/werklike diensstandaard	Verlangde diensstandaard	Werklike prestasie
<b>Verskaf Telekommunikasiediens by WKOD-hoofkantoor</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Leerders</li> <li>• Opvoeders</li> <li>• Amptenare by Hoofkantoor</li> <li>• Lede van die publiek</li> </ul>	a)–d) Inligting oor werklike prestasie nie beskikbaar weens verlore inligting aangesien die buffer wat die inligting berg, vol was. Die WKOD het 'n proses in werking gestel vir die verkryging van 'n nuwe PABX-stelsel.	<p>a) Verminder verlore oproepe met 10%</p> <p>b) 85% van oproepe word tydens die eerste oproep afgehandel</p> <p>c) 10% van oproepe word na Veilige Skool-koördineerders verwys vir opvolg</p> <p>d) 8% van oproepe word verwys vir verdere berading</p>	<p>a-d) Inligting oor werklike prestasie met betrekking tot die skakelbordstelsel vir die huidige finansiële jaar is nie beskikbaar nie.</p> <p>Die Kuberinbelstelsel en Privaat Outomatiese Taksentrale stelsel (PABX) is nog nie vervang nie. Die Staatsinligting-tegnologie Agentskap (SITA) het 'n tenderproses voltooi vir 'n nuwe uitgebreide stelsel. Die VVB-prosesse sal binnekort afgehandel word.</p>
<b>Voorsien eerstelynondersteuning aan slagoffers van mishandeling, geweld en skoolmisdaad by WKOD-instellings</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 900 000 leerders</li> <li>• 31 000 opvoeders</li> <li>• 7 000 staatsdiens-amptenare</li> <li>• Leerders uit 1 500 skole en 131 onafhanklike skole</li> <li>• Lede van Skoolbeheerliggame (SBL)</li> <li>• Lede van die gemeenskap, insluitend ouers</li> </ul>	a) In die proses van verkryging van 'n nuwe PABX-stelsel		a) Die Kuberinbelstelsel wat die WKOD se Veilige Skole-oproepsentrum hanteer, is nog nie vervang nie. Inligting oor die prestasies met betrekking tot die Veilige Skole-oproepsentrum vir die huidige boekjaar is nie beskikbaar nie. Die jaarlikse Klantevredenheid-opname van 2014 toon 'n verbetering in dienslewering vanaf 2013 vir die Veilige Skole



Hoofdienste	Begunstigdes	Huidige/werklike standaard van diens	Verlangde standaard van diens	Werklike prestasie
		<p>b) Die Veilige Skole oproepsentrum het 14 854 oproepe ontvang. (77% tydens eerste oproep afgehandel.)</p> <p>c) Het verdere bystand en ondersteuning benodig, 612 was oproepe van misdadaad- verwante voorvalle; 1 055 was oproepe m.b.t. aanmelding van diefstal en vandalisme</p> <p>d) 3 433 oproepe (23%) 394 gevalle van mishandeling is aangemeld – 52 was m.b.t. gevalle van boelery en 228 oproepe het berading en sielkundige ondersteuning benodig. 'n Verdere 524 oproepe was navrae m.b.t. die Skoolbeheerliggaam</p>		<p>b) Die Veilige Skole Oproepsentrum het 6 464 inkomende oproepe aange- teken (40% van alle oproepe afgehandel tydens eerste oproep)</p> <p>c) 3 890 (60%) veilige skole-oproepe het verdere bystand en ondersteuning benodig, 738 was m.b.t. misdadaad- verwante voorvalle; 1 097 was oproepe m.b.t. aanmelding van diefstal en vandalisme</p> <p>d) 439 gevalle van mishandeling is aangemeld – waarvan 39 was m.b.t. gevalle van boelery en 277 oproepe het berading en sielkundige ondersteuning benodig. 'n Verdere 538 oproepe was navrae m.b.t. die Skoolbeheer- liggaam</p>

**Batho Pele reëlings met begunstigdes (toegang tot raadgewing, ens.)**

Huidige/werklike reëlings	Gewenste reëlings	Werklike prestasies
<p><b>Voorsien Telekommunikasie- dienste by WKOD Hoofkantoor</b></p> <p><b>Konsultasie:</b></p> <p>a) Aansienlike verbeterings op vorige jare se Kliënte- tevredenheidsopnames is aanteken</p> <p>b) Die aanlyn-terugvoerstelsel, wat deur die Theta Nathi Stelsel vervang is, het geen spesifieke klagtes oor oproepbeheer vir die verslag- tydperk aangeteken nie</p> <p>c) Klagtes wat intern in die WKOD geregistreer word, word op vriendskaplike basis hanteer</p>	<p><b>Konsultasie:</b></p> <p>a) Die jaarlikse Kliënte- tevredenheidsopname is 'n bron van konsultasie aangesien kliënte geteiken word</p> <p>b) Die Theta Nathi meganisme vir klagtes en komplimente is ingespan om huidige vlakke van dienslewering te verbeter</p> <p>c) Terugvoer aan Direkoraat Kommunikasie deur die "Kontak WKOD-vorm" op die WKOD se aanlyn webwerf</p>	<p><b>Konsultasie:</b></p> <p>a) Effense afname in die goed- keuringsbeoordeling m.b.t. oproepe by Hoofkantoor was aangeteken in die Kliënte- tevredenheidsopname verge- leke met die vorige jaar se opname</p> <p>b) Die aanlyn-terugvoerstelsel, wat deur die Theta Nathi Stelsel vervang is, het geen spesifieke klagtes oor oproepbeheer vir die verslag-tydperk aangeteken nie</p> <p>d) Klagtes wat intern in die WKOD geregistreer word, word op vriendskaplike basis hanteer</p>

Huidige/werklike reëlings	Gewenste reëlings	Werklike prestasies
<p>d) Alle oproepers (kliënte) word by WKOD Hoofkantoor verwelkom, met waardigheid behandel, en gevra hoe die konsultante van diens kan wees</p> <p>e) Geen klagtes is ontvang</p>	<p>d) Alle oproepers (kliënte) word by WKOD Hoofkantoor verwelkom, met waardigheid behandel, en gevra hoe die konsultante van diens kan wees</p> <p>e) Skakelbord-Bestuurder hanteer klagtes</p>	<p>c) Alle oproepers (kliënte) word by WKOD Hoofkantoor verwelkom, met waardigheid behandel, en gevra hoe die konsultante van diens kan wees</p> <p>e) 306 interne klagtes ontvang en suksesvol hanteer</p>
<p><b>Toegang:</b></p> <p>a) WKOD Hoofkantoor in Kaapstad</p> <p>b) Besigheidsure van die Inbelsentrum is: 07:30 – 16:00. (Gesluit gedurende etenstyd van 12:30 -13:00)</p>	<p><b>Toegang:</b></p> <p>a) WKOD Hoofkantoor in Kaapstad</p> <p>b) Besigheidsure van die Inbelsentrum is: 07:30 – 16:00. (Gesluit gedurende etenstyd van 12:30 -13:00)</p>	<p><b>Toegang:</b></p> <p>a) WKOD Hoofkantoor in Kaapstad</p> <p>a) Besigheidsure van die Inbelsentrum is: 07:30 – 16:00. (Gesluit gedurende etenstyd van 12:30 -13:00)</p>
<p><b>Hoflikheid:</b></p> <p>a) Alle oproepers (kliënte) word by WKOD Hoofkantoor verwelkom, met waardigheid behandel, en gevra hoe die konsultante van diens kan wees</p> <p>b) Die aanlyn-terugvoerstelsel, wat deur die Theta Nathi Stelsel vervang is, het geen spesifieke klagtes oor oproepbeheer vir die verslagtydperk aangeteken nie</p> <p>c) Ontvang met tussenposes maandeliks klagtes oor oorlading vanaf gebruikers in die Goue Akker. Primêre Koers Skakelingslyne (PRI) is verkry om hierdie probleem aan te spreek. Die diensverskaffer het met die Sentrumbestuurder van die Goue Akker Sentrum vergader oor die installering van Primêre Koers Skakelingslyne (PRI's)</p> <p>d) Slegs 1 klagte was gedurende Februarie 2014 ontvang en is onmiddellik met die skakelbordpersoneel opgeneem. Die saak was suksesvol afgehandel.</p> <p>e) Slegs 1 klagte was gedurende Februarie 2014 ontvang en is onmiddellik met die skakelbordpersoneel opgeneem.</p> <p>f) Geen klagtes is ontvang nie</p>	<p><b>Hoflikheid:</b></p> <p>a) Alle oproepers (kliënte) word by WKOD Hoofkantoor verwelkom, met waardigheid behandel, en gevra hoe die konsultante van diens kan wees</p> <p>b) Oproepers het onbeantwoorde lyne en oorlading by skakelbordoperateurs aan. Operateurs teken die klagtes aan vir die doel van telefoonbestuursverslae</p> <p>c) Die Theta Nathi meganisme vir klagtes en komplimente wat op die WKOD se Diensleweringshandves verskyn, is 'n meganisme om oor amptenare se gedrag te kla</p> <p>d) Die bestaan van die Theta Nathi diens sal aan kliënte oorgedra word terwyl hulle wag om na die onderskeie amptenare deurgeskakel te word</p> <p>e) Terugvoer aan Direkoraat Kommunikasie deur die "Kontak WKOD-vorm" op die WKOD se aanlyn webwerf</p> <p>f) Klagtes word na die Skakelbordbestuurder verwys</p>	<p><b>Hoflikheid:</b></p> <p>a) Alle oproepers (kliënte) word by WKOD Hoofkantoor verwelkom, met waardigheid behandel, en gevra hoe die konsultante van diens kan wees</p> <p>b) Ontvang met tussenposes klagtes oor oorlading vanaf gebruikers in die Goue Akker. Primêre Koers Skakelingslyne (PRI) is verkry om hierdie probleem aan te spreek</p> <p>c) Die aanlyn-terugvoerstelsel, wat deur die Theta Nathi Stelsel vervang is, het geen spesifieke klagtes oor oproepbeheer vir die verslagtydperk aangeteken nie</p> <p>d-f) Interne klagtes wat gedurende die verslagjaar aangemeld is, was onmiddellik hanteer met skakelbordpersoneel en suksesvol afgehandel.</p>
<p><b>Oopheid en Deursigtigheid:</b></p> <p>a) Geen voorstelle is gedurende die verslagtydperk via die WKOD webwerf ontvang om Kliëntekontaksentrums op te knap nie</p> <p>b) Geen voorstelle is gedurende die verslagtydperk via die voorstelle-busse ontvang om Kliëntekontaksentrums op te knap nie</p>	<p><b>Oopheid en Deursigtigheid:</b></p> <p>a) Op die WKOD webwerf</p> <p>b) Kliëntekontaksentrums het voorstelle-busse vir kliënte se kommentaar</p>	<p><b>Oopheid en Deursigtigheid:</b></p> <p>a) Geen voorstelle is gedurende die verslagtydperk via die WKOD webwerf ontvang om Kliëntekontaksentrums op te knap nie</p> <p>b) Geen voorstelle is gedurende die verslagtydperk via die voorstelle-busse ontvang om Kliëntekontaksentrums op te knap nie</p>

Huidige/werklike reëlings	Gewenste reëlings	Werklike prestasies
<p>c) 'n Aansienlike verbetering in vorige jaar se Kliëntetevredenheidsopnames is aangeteken</p> <p>d) 'n Aansienlike verbetering in vorige jaar se Kliëntetevredenheidsopnames is aangeteken</p>	<p>c) Terugvoer ontvang in die voorstelle-busse word gemonitor, oor verslag gedoen en praktiese insette word in die WKOD se telekommunikasie bestuursbeleid geïnkorporeer</p> <p>d) Die jaarlikse Kliëntetevredenheidsopname evalueer die persepsie van WKOD-dienste en bied 'n geleentheid vir kritiek, voorstelle vir verbetering en klagtes</p> <p>e) Die telekommunikasie bestuursbeleid word jaarliks hersien</p>	<p>c) 4.3% van kommentaar ontvang uit die 2014 Kliëntetevredenheidsopnames was met verwysing na die WKOD se webwerf, waarvan 11 as klagtes beskou kon word. Geen tasbare voorstelle om die diens te verbeter was aangeteken nie</p> <p>d) 36% van kommentaar ontvang uit die 2014 Kliëntetevredenheidsopnames was klagtes, 'n verbetering van die vorige jaar se 59% in die opname</p> <p>e) Die telekommunikasie bestuursbeleid was opgedateer en wysigings goedgekeur</p>
<p><b>Waarde vir Geld:</b></p> <p>a) Skakelbordoperateurs ontvang daaglikse oproepe vir die Inbelsentrum</p> <p>b) Spesifiek toegekende lyne vir WKOD Veilige Skole asook Eksamenlyne (gedurende piektye) word vir inligtingsdoeleindes aan kliënte beskikbaar gestel</p> <p>c) 4 toegewyde operateurs hanteer die oproepe na hoofkantoorgeboue</p> <p>d) Ondersteunende toestelle word by die skakelbord gebruik vir personeel met visuele gestremdheid</p> <p>e) Beleid vir telekommunikasiebestuursdienste en –steun verskyn op die WKOD-webwerf</p>	<p><b>Waarde vir Geld:</b></p> <p>a) Oproepers wat wil navrae doen oor sake m.b.t. korporatiewe dienste (Menslike Hulpbronne, en Finansiële Bestuur) word via die skakelbord na die WKOD Inbelsentrum verwys vir toegewyde aandag</p> <p>b) Spesifiek toegekende lyne vir WKOD Veilige Skole asook Eksamenlyne (gedurende piektye) word vir inligtingsdoeleindes aan kliënte beskikbaar gestel</p> <p>c) 4 toegewyde operateurs hanteer die oproepe na hoofkantoorgeboue</p> <p>d) Ondersteunende toestelle word by die skakelbord gebruik vir personeel met visuele gestremdheid</p> <p>e) Beleid vir telekommunikasiebestuursdienste en –steun verskyn op die WKOD-webwerf</p> <p>f) Beleid vir telekommunikasiebestuursdiens word opgedateer soos wysigings goedgekeur word</p>	<p><b>Waarde vir Geld:</b></p> <p>a) Skakelbordoperateurs ontvang daaglikse oproepe vir die Inbelsentrum. Die PABX-stelsel kon nie die nodige statistieke verskaf nie</p> <p>b) Spesifiek toegekende lyne vir WKOD Veilige Skole asook Eksamenlyne (gedurende piektye) is vir inligtingsdoeleindes aan kliënte beskikbaar gestel</p> <p>c) 1 addisionele toegewyde operateur het gedurende die aanmeldingstydperk bystand verleen met oproepe na hoofkantoorgeboue</p> <p>d) Ondersteunende toestelle is by die skakelbord gebruik vir personeel met visuele gestremdheid</p> <p>e) Beleid vir telekommunikasiebestuursdienste en –steun verskyn op die WKOD-webwerf</p> <p>f) Beleid vir telekommunikasiebestuursdiens is opgedateer en wysigings goedgekeur</p>
<p><b>Voorsien eerstelyndondersteuning aan slagoffers van mishandeling, geweld en skoolmisdaad by WKOD-instellings</b></p> <p><b>Konsultasie:</b></p> <p>a) Die kuber-inbelstelsel is nog nie opgegradeer nie. 'n Nuwe Veilige Skole Bestuurstelsel is egter ontwikkel wat die skep van verwysingsnommers en die aantekening van die oproeper se inligting terwyl hy/sy nog aanlyn is, bespoedig</p>	<p><b>Konsultasie:</b></p> <p>a) Ontwikkel en loods 'n aanlyn-gradering van diens</p>	<p><b>Konsultasie:</b></p> <p>a) Die kuber-inbelstelsel en die PABX-stelsel is nog nie vervang nie. Die Staatsinligtingstechnologie-agentskap (SITA) het 'n tenderproses vir 'n nuwe uitgebreide stelsel voltooi. Die WKOD wag op bevestiging van die suksesvolle tenderaar</p>

Huidige/werklike reëlings	Gewenste reëlings	Werklike prestasies
<p>b) Telefoon konsultasies</p> <p>c) 'n Opnamevorm is saamgestel om opvattinge oor diens aan te teken. Dit sal gedurende die 2014/15-boekjaar afgeteken word vir implementering totdat die stelselopgradering voltooi is.</p> <p>d) Regstreekse konsultasie met navraers (oproepers) vind plaas terwyl oproepe aangeteken en gevalle verwys word</p> <p>e) Aansienlike verbetering vergeleke met vorige jare se Kliëntetevredenheidsopnames is aangeteken</p> <p>f) Die aanlyn terugvoerstelsel, wat die Theta Nathi-stelsel vervang het, het geen spesifieke klagtes oor telefoonbestuur vir die verslagtydperk aangeteken nie</p> <p>g) Die aanlyn terugvoerstelsel, wat die Theta Nathi-stelsel vervang het, het geen spesifieke klagtes oor telefoonbestuur vir die verslagtydperk aangeteken nie</p>	<p>b) Telefoon konsultasies</p> <p>c) Distrikte konsulteer met veilige skole-kusters</p> <p>d) Regstreekse konsultasie met navraers (oproepers) vind plaas terwyl oproepe aangeteken en gevalle verwys word</p> <p>e) Die jaarlikse Kliëntetevredenheidsopname is 'n bron van konsultasie omdat kliënte geteiken word</p> <p>f) Die Distriks-webwerf terugvoerfasiliteit</p> <p>g) Die Theta Nathi-meganisme vir klagtes en komplimente insette word gebruik om huidige vlakke van dienslewering te verbeter</p>	<p>b) 'n Opnamevorm is saamgestel om opvattinge oor diens aan te teken. Dit was afgehandel en aanvaar vir gebruik in die 2015/16-boekjaar</p> <p>c) 'n Opnamevorm is saamgestel om opvattinge oor diens aan te teken. Dit was afgehandel en aanvaar vir gebruik in die 2015/16-boekjaar</p> <p>d) Regstreekse konsultasie met navraers (oproepers) het plaasgevind terwyl oproepe aangeteken en gevalle verwys was</p> <p>e-g) Die Kliëntetevredenheidsopname vir die periode 2012 – 2014 dui op 'n verbetering in die dienste wat by Veilige Skole aangebied word</p>
<p><b>Toegang:</b></p> <p>a) 2de verdieping, Grand Central-gebou (via telefoon/professionele inbelsentrum)</p> <p>b) Tolvry-lyn: Veilige Skole: 0800 45 46 47</p> <p>c) Bedryfsure van die Inbelsentrum is: 07:30 – 16:00. Na-ure aantekening van navrae word die volgende werksdag opgevolg</p>	<p><b>Toegang:</b></p> <p>a) 2de verdieping, Grand Central-gebou (via telefoon/professionele inbelsentrum)</p> <p>b) Tolvry-lyn: Veilige Skole: 0800 45 46 47</p> <p>c) Bedryfsure van die Inbelsentrum is: 07:30 – 16:00. Na-ure aantekening van navrae</p>	<p><b>Toegang:</b></p> <p>a) 2de verdieping, Grand Central-gebou (via telefoon/professionele inbelsentrum). Share-Call nommer 0861 923 322</p> <p>b) Tolvry-lyn: Veilige Skole: 0800 45 46 47</p> <p>c) Bedryfsure van die Inbelsentrum is: 07:30 – 16:00. Na-ure aantekening van navrae is die volgende werksdag opgevolg</p>
<p><b>Hoflikheid:</b></p> <p>a) Bestuurder: Onderwysveiligheid hanteer alle navrae en toon hoflikheid</p> <p>b) Die aanlyn terugvoerstelsel, wat die Theta Nathi-stelsel vervang het, het geen spesifieke klagtes oor telefoonbestuur vir die verslagtydperk aangemeld nie</p>	<p><b>Hoflikheid:</b></p> <p>a) Bestuurder: Onderwysveiligheid</p> <p>b) Terugvoer aan Direkoraat Kommunikasies deur die "Kontak WKOD-vorm" op die WKOD se webwerf</p>	<p><b>Hoflikheid:</b></p> <p>a) Bestuurder: Onderwysveiligheid het alle navrae stiptelik hanteer</p> <p>b) Die aanlyn terugvoerstelsel wat die Theta Nathi-stelsel vervang het, het geen spesifieke klagtes oor telefoonbestuur vir die verslagtydperk aangemeld nie</p>

Huidige/werklike reëlings	Gewenste reëlings	Werklike prestasies
<p>c) Alle oproepers (kliënte) word by die WKOD se hoofkantoor verwelkom, met waardigheid behandel en gevra hoe die konsultante hulle tot diens kan wees</p> <p>d) Indien en wanneer klagtes geregistreer is, is sodanige klagtes op geskeduleerde vergaderings bespreek om deur distrikskoördineerders en veldwerkers reggestel te word</p> <p>e) Die aanlyn-terugvoerstelsel, wat die Theta Nathi stel vervang het, het geen spesifieke klagtes oor telefoonbestuur vir die verslagtydperk aangemeld nie</p>	<p>c) Alle oproepers (kliënte) word by die WKOD se hoofkantoor verwelkom, met waardigheid behandel en gevra hoe die konsultante hulle tot diens kan wees</p> <p>d) Die Theta Nathi meganisme vir klagtes en komplimente wat gepubliseer is, word vir regstelling gebruik indien standarde nie nagekom word nie</p> <p>e) Distrikswebwerf-terugvoerfasiliteit</p>	<p>c) Alle oproepers (kliënte) was by die WKOD se hoofkantoor verwelkom, met waardigheid behandel en gevra hoe die konsultante hulle tot diens kon wees</p> <p>d) Die aanlyn-terugvoerstelsel, wat die Theta Nathi stel vervang het, het geen spesifieke klagtes oor telefoonbestuur vir die verslagtydperk aangemeld nie</p> <p>e) Indien en wanneer klagtes geregistreer is, is sodanige klagtes op geskeduleerde vergaderings bespreek om deur distrikskoördineerders en veldwerkers reggestel te word</p>
<p><b>Oopheid en Deursigtigheid:</b></p> <p>a) Die aanlyn-terugvoerstelsel, wat die Theta Nathi stel vervang het, het geen spesifieke klagtes oor telefoonbestuur vir die verslagtydperk aangemeld nie. Voorstelle-busse is nie gebruik nie</p> <p>b) Aansienlike verbetering van vorige jaar se Kliënte-tevredenheidsopname is aangeteken</p> <p>c) Veilige Skole koördineerders op distriksvlak sluit die dienste van die Veilige Skole-inbelsentrum in</p> <p>d) Die Veilige Skole Distriks-koördineerders en die Veilige Skole-veldwerkers in die distrik lewer die dienste van die Veilige Skool Inbelsentrum. Posbeskrywings is gewysig om hierdie faktore van inklusiwiteit in te sluit</p>	<p><b>Oopheid en Deursigtigheid:</b></p> <p>a) Op die WKOD-webwerf; en die Kliënte-kontaksentrums het voorstelle-busse vir klient-insette</p> <p>b) Die jaarlikse Kliënte-tevredenheidsopname evalueer die persepsie van WKOD-dienste en bied geleentheid vir kritiek, voorstelle vir verbetering en klagtes</p> <p>c) Veilige Skole koördineerders op distriksvlak sluit die dienste van die Veilige Skole-inbelsentrum in</p> <p>d) Telefoonbemarking</p>	<p><b>Oopheid en Deursigtigheid:</b></p> <p>a) Die aanlyn-terugvoerstelsel, wat die Theta Nathi stel vervang het, het geen spesifieke klagtes oor telefoonbestuur vir die verslagtydperk aangemeld nie. Voorstelle-busse is nie gebruik nie</p> <p>b) Die Kliëntetevredenheidsopname vir die periode 2012 – 2014 dui op 'n verbetering in die dienste wat by Veilige Skole aangebied word</p> <p>c) Die Veilige Skole Distrikskoördineerders en die Veilige Skole-veldwerkers in die distrik lewer die dienste van die Veilige Skool Inbelsentrum. Posbeskrywings is gewysig om hierdie faktore in te sluit</p> <p>d) Geen telefoonbemarking is gedurende die verslagtydperk uitgevoer deur middel van die Veilige Skole Inbelsentrum nie</p>
<p><b>Waarde vir Geld:</b></p> <p>a) Die Veilige Skole Inbelsentrum het 14 854 hanteer</p>	<p><b>Waarde vir Geld:</b></p> <p>a) Alhoewel die Inbelsentrum se personeel klein is, en die aantal oproepe wat geregistreer word, minimaal is, is dit die veldwerk wat gedoen word deur middel van vennootskappe, die gebruik van Veilige veldwerkers en sielkundiges wat waarde toevoeg</p>	<p><b>Waarde vir Geld:</b></p> <p>a) 3 890 veilige skole-oproepe het verdere bystand en steun nodig. Dit was:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 738 misdaad-verwante voorvalle;</li> <li>• 1 097 aanmeldings van diefstal en vandalisme;</li> <li>• 439 sake van mishandeling aangemeld – waarvan 39 betrekking gehad het op boelery en 277 oproepe het berading en sielkundige ondersteuning nodig; en</li> <li>• Verder was 538 oproepe m.b.t. kwessies rakende die Beheerliggaam</li> </ul>

Huidige/werklike reëlings	Gewenste reëlings	Werklike prestasies
<p>b) Die Veilige Skole-veldwerkers volg leerders op wat stokkies draai, assesseer leerder-probleme en fasiliteer die herintegrasie van leerders in die skool deur samewerking met toepaslike rolspelers soos die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling</p> <p>c) Die Veilige Skole-veldwerkers bied mentorskap en afrigting aan risiko-leerders om te verseker dat leerders toegang het tot die nodige dienste</p> <p>d) Die Veilige Skole-inbelsentrum het 314 voorvalle van stokkiesdraai aangeteken, waarvan 285 na die distrik verwys is vir ingryping deur die Veilige Skole-veldwerker. Die 20 aangestelde Veilige Skole-veldwerkers het die Veilige Skole-jeugklubs gefasiliteer as deel van die vakansieprogram 78 jeugklubs is gestig 101 lokale vir vakansie-programme het voorsiening gemaak vir 13 968 leerders</p>	<p>b) Veiligheidsveldwerkers volg leerders op wat stokkies draai en assesseer leerder-probleme</p> <p>c) Om mentorskap en afrigting aan risiko-leerders te bied en te verseker dat leerders toegang het tot die nodige dienste</p> <p>d) Fasiliteer die Veilige Skole-jeugklubs as deel van die vakansieprogram</p>	<p>b) Die Veilige Skole-veldwerkers het leerders opgevolg wat stokkies draai, leerder-probleme geassesseer en die herintegrasie van leerders in die skool gefasiliteer deur samewerking met toepaslike rolspelers soos die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling</p> <p>c) Die Veilige Skole-veldwerkers het mentorskap en afrigting gebied aan risiko-leerders om te verseker dat leerders toegang tot die nodige dienste gehad het</p> <p>d) Die Veilige Skole-inbelsentrum het 267 voorvalle van stokkiesdraai aangeteken, waarvan 220 na die distrik verwys is vir ingryping deur die Veilige Skole-veldwerker Die 23 Veilige skole-veldwerkers het die Veilige Skole-jeugklubs gefasiliteer as deel van die vakansieprogram 72 jeugklubs is gestig 115 lokale vir vakansie-programme het voorsiening gemaak vir 15 485 leerders</p>

### Inligtingshulpmiddel oor dienslewering

Huidige/werklike inligtingshulpmiddels	Gewenste inligtingshulpmiddels	Werklike prestasies
<p><b>Voorsien Telekommunikasiediens by WKOD Hoofkantoor</b></p> <p>a) Kommunikasie met alle interne kliënte en kliënte verbonde aan skole is deur middel van amptelike korrespondensie (omsendbriewe / omsendminute), wat op die webwerf gestoor word vir toegang deur algemene kliënte</p> <p>b) Briefhoofde, insluitend die Diensleweringshandves, is by alle onderwys-webwerwe en steunkantore beskikbaar</p> <p>c) E-pos</p> <p>d) Webwerf van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement</p> <p>e) Geen behoefte het ontstaan vir die Skakelbordbestuurder om met kliënte te kommunikeer nie</p>	<p>a) Kommunikasie met alle interne kliënte en kliënte verbonde aan skole is deur middel van amptelike korrespondensie (omsendbriewe / omsendminute), wat op die webwerf gestoor word vir toegang deur algemene kliënte</p> <p>b) Briefhoofde, insluitend die Diensleweringshandves, is by alle onderwys-webwerwe en steunkantore beskikbaar</p> <p>c) E-pos</p> <p>d) Webwerf van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement</p> <p>e) Skakelbordbestuurder</p>	<p>a) Alle interne kliënte en kliënte verbonde aan skole word gekoppel aan die amptelike korrespondensie ontvang (omsendbriewe / omsendminute). Dit word op die webwerf gestoor vir toegang deur algemene kliënte</p> <p>b) Briefhoofde, insluitend die Diensleweringshandves vir elke spesifieke Distrik en Hoofkantoor is by alle onderwys-webwerwe en steunkantore beskikbaar</p> <p>c) E-pos</p> <p>d) Webwerf van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement</p> <p>e) Die Skakelbordbestuurder en/of die onderskeie Adjunk-direkteurs het met interne kliënte via e-pos gekorrespondeer m.b.t. die intermitterende onderbrekings in die telefoondienste</p>

Huidige/werklike inligtingshulpmiddels	Gewenste inligtingshulpmiddels	Werklike prestasies
<b>Voorsien eerste-lyn ondersteuning aan slagoffers van mishandeling, geweld en skoolmisdaad by WKOD-instellings</b>		
a) Die Veilige Skole-inbelsentrum voorsien die distrik van statistiek oor alle insidente, wat hulle help met die beplanning van ontwikkelings- en ingrypingsprogramme	a) Veilige Skole-kluuster vergaderings	a) Geskeduleerde vergaderings is gehou met Distriks-koördineerders en veldwerkers
b) Versprei brosjures bevattende inligtingstabelle by byeenkomste	b) Versprei brosjures by byeenkomste	b) Versprei brosjures bevattende inligtingstabelle by byeenkomste
c) Versprei brosjures bevattende inligtingstabelle by byeenkomste. Die nommer van die Veilige Skole-inbelsentrum is op alle amptelike briefhoofde en skryfbehoeftes gedruk	c) Inligtingstabelle by byeenkomste	c) Versprei brosjures bevattende inligtingstabelle by byeenkomste. Die nommer van die Veilige Skole-inbelsentrum is op alle amptelike briefhoofde en skryfbehoeftes gedruk
d) Versprei brosjures bevattende inligtingstabelle by byeenkomste	d) Distrik-webwerf terugvoerfasiliteit	d) Die Veilige Skole-inbelsentrum voorsien die distrik van statistiek oor alle insidente, wat hulle help met die beplanning van ontwikkelings- en ingrypingsprogramme
e) Die nommer van die Veilige Skole-inbelsentrum is op alle amptelike briefhoofde en skryfbehoeftes gedruk insluitend die Dienslewerings-handves wat by alle onderwysterreine en steunkantore beskikbaar is	e) Die nommer van die Veilige Skole-inbelsentrum is op alle amptelike briefhoofde en skryfbehoeftes gedruk insluitend die Dienslewerings-handves wat by alle onderwysterreine en steunkantore beskikbaar is	e) Die nommer van die Veilige Skole-inbelsentrum was op alle amptelike briefhoofde en skryfbehoeftes gedruk insluitend die Dienslewerings-handves wat by alle onderwysterreine en steunkantore beskikbaar is
f) Die nommer van die Veilige Skole-inbelsentrum is op alle amptelike briefhoofde en skryfbehoeftes gedruk. Die nommer verskyn ook op die hand-model metaal-opspoorders sowel as op die inligtingsborde oor Beroeps-gesondheid en Veiligheid (BGV) en ander tekens (wat onwettige middels en gevaarlike wapens verbied) by alle skole	f) Bemerkingsmateriaal word jaarliks versprei om die deel van inligting te verbeter en om die unieke dienste wat aangebied word, te adverteer	f) Die nommer van die Veilige Skole-inbelsentrum is op alle amptelike briefhoofde en skryfbehoeftes gedruk. Die nommer verskyn ook op die hand-model metaal-opspoorders sowel as op die inligtingsborde oor Beroeps-gesondheid en Veiligheid (BGV) en ander tekens (wat onwettige middels en gevaarlike wapens verbied) by alle skole

### Meganismes vir klagtes

Huidige/werklike meganismes vir klagtes	Gewenste meganismes vir klagtes	Werklike prestasies
<b>Voorsien Telekommunikasiedienste by WKOD Hoofkantoor</b>		
a) Die aanlyn terugvoer wat die Theta Nathi stelsel vervang het, het geen spesifieke eksterne klagtes oor telefoonbestuur vir die verslagtydperk gemeld nie	a) Theta Nathi-statistiek is gemonitor, verslag oor gelewer en strategieë is geïmplementeer om die status quo aan te spreek en te verbeter	a) Die aanlyn terugvoer wat die Theta Nathi stelsel vervang het, het geen spesifieke eksterne klagtes oor telefoonbestuur vir die verslagtydperk gemeld nie
b) 306 interne klagtes is ontvang en suksesvol hanteer	b) Theta Nathi-meganisme vir klagtes en komplimente word vir regstelling gebruik waar standaard nie nagekom word nie	b) Geen telefoniese klagtes is via die terugvoer meganisme aangeteken vir die tydperk nie



Huidige/werklike meganisme vir klagtes	Gewenste meganisme vir klagtes	Werklike prestasies
c) Die aanlyn terugvoer wat die Theta Nathi stelsel vervang het, het geen spesifieke eksterne klagtes oor telefoonbestuur vir die verslagtydperk gemeld nie	c) Klagtes is na die Skakelbordbestuurder verwys	c) Die aanlyn terugvoer wat die Theta Nathi stelsel vervang het, het geen spesifieke eksterne klagtes oor telefoonbestuur vir die verslagtydperk gemeld nie
d) Die aanlyn terugvoer wat die Theta Nathi stelsel vervang het, het geen spesifieke eksterne klagtes oor telefoonbestuur vir die verslagtydperk gemeld nie	d) Terugvoerfasiliteit op webwerf	d) Die aanlyn terugvoer wat die Theta Nathi stelsel vervang het, het geen spesifieke eksterne klagtes oor telefoonbestuur vir die verslagtydperk gemeld nie
<p><b>Verskaf eerste-lyn ondersteuning aan slagoffers van mishandeling, geweld en skoolmisdaad by WKOD-instellings</b></p> <p>a) Die Bestuurder: Onderwysveiligheid neem toepaslike stappe wanneer klagtes ontvang word; dit sluit in bemiddeling met die geaffekteerde persoon/ persone en/of ingryping / regstellende stappe vir die Veilige Skole-sentrumkonsultant d.m.v. indiensopleiding. Die Veilige Skole-inbelsentrum het 14 854 oproepe hanteer, wat insidente oor diefstal en vandalisme, misdaad en geweld, bendebedrywighede, misbruik en navrae oor skoolbeheerliggame ingesluit het</p> <p>b) Die aanlyn-terugvoerstelsel (wat Theta Nathi-stelsel vervang) het geen spesifieke klagtes rakende telefoonbestuur vir die verslagtydperk aangemeld nie</p> <p>c) Die aanlyn-terugvoerstelsel, wat die Theta Nathi-stelsel vervang het, het geen spesifieke klagtes rakende telefoonbestuur vir die verslagtydperk aangemeld nie</p> <p>d) Die aanlyn-terugvoerstelsel, wat die Theta Nathi-stelsel vervang het, het geen spesifieke klagtes rakende telefoonbestuur vir die verslagtydperk aangemeld nie</p>	<p>a) Die Bestuurder: Onderwysveiligheid neem toepaslike stappe wanneer klagtes ontvang word</p> <p>b) Inbelsentrum-bestuurder beskikbaar om klagtes te hanteer</p> <p>c) Terugvoer-fasiliteit op webwerf</p> <p>d) Die Theta Nathi-meganisme vir klagtes en komplimente word gebruik om regstellings te doen waar standarde nie nagekom word nie</p>	<p>a) Die Bestuurder: Onderwysveiligheid neem toepaslike stappe wanneer klagtes ontvang word; dit sluit in bemiddeling met die geaffekteerde persoon/ persone en/of ingryping / regstellende stappe vir die Veilige Skole-sentrumkonsultant d.m.v. indiensopleiding. Volgens die Kuber-Inbelsentrum het die Veilige Skole-inbelsentrum 6 460 oproepe ontvang (gedeeltelike opnames a.g.v. foute op die stelsel). Hierdie oproepe sluit voorvalle in van diefstal en vandalisme, misdaad en geweld, bende-bedrywighede, mishandeling en navrae oor skoolbeheerliggame</p> <p>b-d) Die aanlyn-terugvoerstelsel (wat Theta Nathi-stelsel vervang) het geen spesifieke klagtes rakende telefoonbestuur vir die verslagtydperk aangemeld nie Die Kliëntetevredenheids-opname vir die periode 2012 – 2014 dui op 'n verbetering in die dienste wat by Veilige Skole aangebied word</p>



### **2.3 Organisasoriese Omgewing**

Die WKOD bestaan uit die provinsiale ministerie, die provinsiale hoofkantoor, distrikskantore en onderwysinstellings, insluitend gewone en spesiale openbare skole en VKO-terreine. Die VOO-kolleges en gemeenskapsleersentrums vir volwassenes word in hierdie jaarverslag aangedui, maar volgens onderstaande wetgewing is die bestuur van VOO en BOOV oorgedra na die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding vanaf 1 April 2015.

Daar is vier takke in die WKOD, elk met 'n Adjunkdirekteur-Generaal aan die hoof. Die takke is Onderwysbeplanning; Kurrikulum- en Assesseringsbestuur; Institusionele Ontwikkeling en Koördinasie en Finansies. Die Hoofdirektoraat vir Mensebestuur rapporteer aan die Departementshoof, soos ook die Direkorate vir Interne Kontrole, Kommunikasie, en Besigheidstrategie en Belanghebbendebestuur.

#### *Veranderinge in die oorsigjaar*

Die vroegtydige adverteer en vul van poste vir egalige oorskakeling is deel van die WKOD se strategie om enige potensiële negatiewe impak op verandering aan bestuurstrukture te verminder.

Die Hoofdirekteur vir Finansiële Bestuur, verantwoordelik vir toesig oor twee direkorate, Finansiële Rekeningkunde en Bestuursrekeningkunde het in 2014/15 afgetree. Sy pos is gevul deur die Direkteur: Bestuursrekeningkunde wat op 1 April 2015 diens sal aanvaar. Haar pos is geadverteer en sal vanaf 1 Junie 2015 gevul word.

Twee lede van die Senior Bestuursdienste, die Hoofdirekteur vir Besigheidsintelligensiebestuur asook die Direkteur vir Metro-Oos is gedurende die verslagjaar oorlede. Daardie poste is gevul deur waarnemende aanstellings tot tyd en wyl die poste geadverteer en gevul is.

Die nuutaangestelde Hoofdirekteur vir Kurrikulumbestuur en Onderwyserontwikkeling het in Januarie diens aanvaar. Onderhoude is gevoer om die pos van Direkteur: Assesseringsbestuur te vul wat vakant geraak het toe die vorige direkteur bevorder is na 'n pos by Umalusi.

Die pos van Direkteur: Menslike Hulpbronne Administrasie is geadverteer as gevolg van die aftrede van die posbeker wat op hande is, sodat die nuwe aanstelling sy-aan-sy kan werk met die huidige posbeker tot sy vertrek in Januarie 2016.

Die Departement beoog om 'n reaktiewe en doeltreffende organisatoriese kultuur te skep en sy besigheidsprosesse en -stelsels te verbeter. Die Hoofkantoor en agt distrikskantore van die WKOD is gestruktureer en ontwerp om kundige en snel-reagerende diens en ondersteuning aan skole en onderwysers te voorsien.

Wat betref organisasie, beoog die departement om die volgende te voorsien:

- amptenare wat omgee, ingelig is en georganiseer is om skole, onderwysers en leerders te ondersteun
- onderwysers wat teenwoordig is, voorbereid is en wat die tekste gebruik
- befondsing wat aangewend word vir doelgerigte armoede-verligting en om sukses te maksimaliseer
- voldoende en veilige skole
- 'n omgewing wat bevorderlik is vir vennote van onderwys om by te dra tot kwaliteit-onderwys: onderwysvakbonde, skoolbeheerliggame, onafhanklike skole, hoër onderwysinstellings en kolleges.

### WKOD-aktiwiteite – omvang en skaal

<b>Leerders</b>	
Leerders in Openbare Gewone Skole Graad 1 – 12 inklusief	964 840
Leerders in Graad R in Openbare Gewone Skole	64 140
Leerders in Graad R by Onafhanklike Sentrums	17 732
Leerders in Spesiale Behoeft-skole	18 571
Leerders in Onafhanklike Skole	45 634
Studente in VOO kolleges (koppe-telling)	71 712
Volwasse leerders	31 840
<b>Totaal</b>	
<b>Personeel</b>	
Opvoeders	32 033
Staatsdienspersoneel (goedgekeurde instelling)	9 118
<b>Totaal</b>	<b>41 151</b>
<b>Instellings</b>	
Openbare gewone skole	1 457
Skole vir leerders met spesiale behoeftes	72
Instellings vir verdere onderwys en opleiding	6
Gemeenskapsleersentrums vir volwassenes	308
Distrikskantore	8


Huidige instellings (alle openbare gewone skole) (31 Maart 2015)

Bron 2014: Jaarlikse Opname vir Skole voor-graad R tot matriek;

Opvoeders: PERSAL: 2014

Die agt onderwysdistrikte is in 49 kringe opgedeel, en bied regstreekse ondersteuning aan skole. Kurrikulumadviseurs, professionele persone wat onderwysdienste lewer (sielkundiges, maatskaplike werkers, leerondersteuningsadviseurs) en bestuurders van Institusionele Bestuur en Beheer ondersteun skole.

Die huidige verspreiding van skole word hieronder aangedui



Distrik		1	2	3	4	5	6	7	8	Totaal
Kaapse Wynlande	Skole	39	35	33	38	30	30	31	36	272
	Leerders	24 864	24 760	21 714	12 612	13 786	21 598	9 808	9 586	138 728
Eden en Sentraal-Karoo	Skole	29	32	24	32	36	37	29		219
	Leerders	8 733	23 330	23 009	19 696	12 212	14 185	14 151		115 316
Metro-Sentraal	Skole	32	44	36	35	30	33			210
	Leerders	20 624	21 634	20 889	22 377	20 196	22 247			127 967
Metro-Oos	Skole	26	23	25	23	23	26			146
	Leerders	24 582	25 857	23 454	22 069	21 319	29 254			146 535
Metro-Noord	Skole	28	28	30	27	33	31	31		208
	Leerders	26 363	20 452	34 219	25 415	21 984	19 957	33 261		181 651
Metro-Suid	Skole	34	35	28	16	17	30	30		190
	Leerders	26 469	21 417	17 275	11 875	18 512	32 303	29 799		157 650
Overberg	Skole	28	30	25						83
	Leerders	10 129	19 495	9 868						39 492
Weskus	Skole	25	25	23	25	31				129
	Leerders	14 244	9 169	16 711	7 464	9 913				57 501
<b>Groototaal</b>	<b>Skole</b>	<b>241</b>	<b>252</b>	<b>224</b>	<b>196</b>	<b>200</b>	<b>187</b>	<b>121</b>	<b>36</b>	<b>1 457</b>
	<b>Leerders</b>	<b>156 008</b>	<b>166 114</b>	<b>167 139</b>	<b>121 508</b>	<b>117 922</b>	<b>139 544</b>	<b>87 019</b>	<b>9 586</b>	<b>964 840</b>

## 2.4 Belangrike beleidsontwikkeling en wetgewende veranderingings

### a. Skole

Die *Wysigingswet op Basiese Onderwyswette, 2011 (Wet 15 van 2011)*, is op 19 September 2011 uitgevaardig. Die doel van die Wet is onder andere om aspekte van die daarstelling van die Departement van Basiese Onderwys en verwante aangeleenthede te akkommodeer; om wysigings aan te bring aan die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (WNOB), 1996 (Wet 27 van 1996), die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASW), 1996 (Wet 84 van 1996), die Wet op Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998), die Wet op die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders, 2000 (Wet 31 van 2000) en die Wet op die Gehalteversekering van Algemene en Verdere Onderwys en Opleiding, 2001 (Wet 58 van 2001). Die Wet maak ook voorsiening vir die verskeie tipes openbare skole vir leerders met spesiale opvoedkundige behoeftes, die addisionele funksies van skoolhoofde en die opleiding van beheerliggame deur erkende beheerliggaamverenigings.

Op 29 November 2013, het die Minister van Basiese Onderwys in Staatskoerant Nr. 37081 die Regulasies ten opsigte van Minimum Eenvormige Norme en Standaard vir Openbare Skoolinfrastruktuur voorgeskryf. Hierdie Regulasies is ingevolge artikel 5A(1)(a) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996) uitgevaardig. Die doel van die regulasies is onder andere die daarstelling van die minimum eenvormige norme en standaard vir openbare skoolinfrastruktuur; nakoming van die minimum eenvormige norme en standaard in die ontwerp en konstruksie van nuwe skole te verseker, insluitend opknappings en verbeterings by bestaande skole; en vir tydsraamwerke waarbinne die agterstande in skoolinfrastruktuur uitgewis moet word.

Die Departement van Basiese Onderwys het die *Nasionale Norme en Standaard vir Skoolbefondsing* met ingang 1 April 2011 gewysig. Die wysigings behels die voorsiening van operasionele fondse aan geen-fooi skole en vergoeding vir vrystelling van skoolfooie vir fooibetalende skole (paragraaf 170A). 'n Latere wysiging maak voorsiening dat die Graad 3 en Graad 6 Jaarlikse Nasionale Assesserings in openbare skole gebruik kan word om leerderprestasie te meet in daardie onafhanklike skole wat vir 'n subsidie in aanmerking kom.

Die *Nasionale Kurrikulumverklaring* Graad R-12 is verbeter en herverpak in die Kurrikulum-en-Assesseringsbeleidsverklaring (KABV). Die KABV spesifiseer in 'n enkele dokument die onderrigtyd, inhoud, vaardighede, leer-en- onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM) wat vir elke vak benodig word, asook die gewigte en voorskrifte vir assessering. Die KABV is in 2012 geïmplementeer in die Grondslagfase en Graad 10; in 2013 in die Intermediêre Fase en Graad 11; en in 2014 in die Senior Fase en Graad 12.

Die nasionale beleid ten aansien van die vorderings- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV) Graad R – 12, die Nasionale Protokol vir Assesering Graad R – 12 en die regulasies met betrekking tot die NKV is geïmplementeer ter aanvulling van die KABV.

Verdere wysigings aan die *Kinderwet, 2005* (Wet 38 van 2005) het op 1 April 2010 in werking getree. Kragtens artikel 196(3) van die *Kinderwet* het nywerheidskole en verbeteringskole, wat voorheen die verantwoordelikheid van die provinsiale Departement van Onderwys was, binne twee jaar na die aanvang van die tersaaklike hoofstuk in die Wet die verantwoordelikheid van die provinsiale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling geword. Na aanleiding van die beslissing van die Konstitusionele Hof in die saak tussen *The Teddy Bear Clinic for Abused Children en 'n Ander v Minister van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling en 'n Ander, SK 12/13*, onder andere, is die Wysigingswetsontwerp op Gereguleerde Aangeleenthede (Wet 42 van 2013) in Staatskoerant Nr. 37254, gedateer 22 Januarie 2014, gepubliseer. Hierdie Wet wysig onder andere die *Kinderwet, 2005*, die Wet op Kinderberegting, 2008, die Wysigingswet op Strafberegting (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede) 2007, insluitend aspekte van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet 2 van 2000). Hierdie wysigings is veral van toepassing op onderwys, aangesien dit handel met, onder andere, gedeeltes van wetgewing wat volgens die Konstitusionele Hof ongeregtvaardig inbreuk maak op kinders se grondwetlike regte, die Nasionale Register vir Seksoortreders en die skraping van rekords en die tydperk wat toegelaat word om toegang tot inligting te verkry ingevolge die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet 2 van 2000) (PAIA). Verder wysig dit die Wysigingswet op Strafberegting, 2007, om persone onder die ouderdom van 18 jaar uit te sluit van die toepassing van die Wet.

Die Nasionale Norme en Standaard vir Skoolbefondsing, Staatskoerant Nr. 29179 van 31 Augustus 2006 was in 2012 gewysig om (1) erkenning te verskaf aan die Vereniging van Skoolbeheerliggame wat beheerliggame van openbare skole verteenwoordig vir die doel van befondsing; (2) befondsing aan skoolbeheerliggame as 'n bydrae tot die betaling van lidmaatskapfoeie aan die erkende vrywillige vereniging waarvan hulle deel is; en (3) befondsing aan verenigings van skoolbeheerliggame vir kapasiteitsbou.

Na deeglike oorweging, het die WKOD erkenning gegee aan FEDSAS en die Beheerliggaamsstigting as in ooreenstemming te wees met bogenoemde Staatskoerant. Skole wat aansoek gedoen het, is voorsien van die fondse soos in (2) hierbo genoem. Geen vereniging het tot dusver befondsing ontvang soos in (3) hierbo genoem nie, aangesien daar nog nie voldoen is aan die kriteria om sodanige fondse te ontvang nie.

### **Nuwe provinsiale wetgewende ingrypings**

Artikel 63(1) van die Wes-Kaapse Wet op Provinsiale Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997) magtig die Provinsiale Minister om regulasies in te stel wat nie strydig is met die Grondwet nie, en waar van toepassing, onderhewig is aan enige nasionale norme en standaard soos bedoel in artikel 146(2) van die Grondwet. Vervolgens is die volgende regulasies in die tersaaklike tydperk voorberei:

- 1) Die Bepaling van die Funksies en Prosedures vir die Instelling en Verkiesing van Verteenwoordigende Raad van Leerders by Openbare Skole magtig die Provinsiale Minister om die funksies en prosedures te bepaal vir die instelling en verkiesing van Verteenwoordigende Rade van Leerders. Dit maak ook voorsiening vir die rol en funksie van onderwyser-skakelbeamptes en die pligte verbonde aan daardie beamptes as 'n Verkiesingsbeampte by die verkiesing van Verteenwoordigende Rade van Leerders. Die Vereniging van Skoolbeheerliggame en die Forum vir Skoolhoofde was versoek om

kommentaar te lewer op die dokument teen 2 September 2014. Daar is oorweging geskenk aan die kommentaar ontvang en die dokument is dienooreenkomstig gewysig. Die finale dokument, getiteld Vastelling van die Funksies en Prosedures vir die Instelling en Verkiesing van Verteenwoordigende Rade van Leerders in Openbare Skole was op 13 Oktober 2014 gepubliseer in die Spesiale Staatskoerant, Nr 7317, en aan skole gestuur deur middel van Omsendbrief 0001 van 2015.

- 2) Die konsepregulasies met betrekking tot die Departementshoof se Uitreiking van Prestasie-aanwysers wat Bindend is op Openbare Skole beoog die daarstelling van aanwysers vir openbare skole ten einde die akademiese prestasie van die openbare skool te monitor en evalueer sodat die Departement die betrokke openbare skole kan bystaan, adviseer en ondersteun beter te presteer. Die konsepregulasies was op Dinsdag, 25 November 2014 in Provinsiale Spesiale Staatskoerant Nr. 7335 gepubliseer vir kommentaar. Die sluitingsdatum vir kommentaar was 30 Januarie 2015. Daar is oorweging geskenk aan die kommentaar, die regulasies dienooreenkomstig gewysig, en die wysigings wetlik goedgekeur. Die gehalteversekering van die finale vertaling was gedoen, en die regulasies is gefinaliseer vir voorlegging en goedkeuring aan die Minister verantwoordelik vir onderwys in die Provinsie. Dit sal daarna in die Provinsiale Staatskoerant gepubliseer word.

Riglyne oor Speelgrondveiligheid by Openbare Skole is deur die Minister verantwoordelik vir onderwys in die Wes-Kaap goedgekeur, en aan skole gestuur deur middel van Omsendbrief Nr. 10/2014, vir implementering in Julie 2014. Die riglyne maak voorsiening vir die rol en verantwoordelikhede van personelede met betrekking tot die veiligheid van leerders op die speelgrond, die oppervlakte van speelgronde, giftige en andersins ongeskikte plante, sowel as leiding met betrekking tot die keuse van speelgrondtoerusting. Dit sluit bylaes in wat handel oor basiese omgewingsopnames, voorsorgmaatreëls met die aankoop en installasie van speelgrondtoerusting en die inspeksie en instandhouding van toerusting.

#### **b. VOO-kolleges en Onderwys en Opleiding vir Volwassenes**

Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) is in Mei 2009 op die been gebring met die doel dat dit uiteindelik verantwoordelik sal wees vir hoër onderwysinstellings, insluitend VOO-kolleges, SETA's en Onderwys- en Opleidingsentrums vir Volwassenes. Die DHOO en provinsiale onderwysdepartemente het 'n protokolooreenkoms onderteken met betrekking tot die oorgang, tussentydse beheer en bestuur van die VOO-kolleges. Die DHOO het provinsies genooi om 'n WKOD-amptenaar af te vaardig as funksionele verskuiwingsbestuurder om behulpsaam te wees met die oorgang.

Die *Wysigingswet op Verdere Onderwys en Opleidingskolleges, 2012 (Wet 3 van 2012)* het op 3 Mei 2012 van krag geword, en die *Wet op VOO-kolleges van 2006 (Wet 16 van 2006)* gewysig. In Staatskennigewing Nr. 367, gepubliseer in Staatskoerant Nr. 35336, gedateer 11 Mei 2012, het die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding bepaal dat sommige van die bepalings van die *Wysigingswet op Verdere Onderwys en Opleiding, 2012 (Wet 3 van 2012)* van krag sal wees vanaf die datum van ondertekening deur die President (11 Mei 2012 as die datum van kennisgewing deur die Minister) buiten Artikels 11, 12, 13, 14, 28(3) en 32(b).



Artikel 14 handel oor finansies gekoppel aan die verspreiding van die Voorwaardelike Toelae, en afdelings 11, 12, 13, 28(3) en 32(b) handel oor die verskuiwing van personeel vanaf Provinsiale Onderwysdepartemente na DHOO behoudens die bepalings van artikel 197 van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 55 van 1995). Hierdie prosesse moet eers voltooi word voordat die tersaaklike artikels van krag kan word op die datum deur die Minister bepaal en gepubliseer by wyse van 'n verdere Kennisgewing in die Staatskoerant. Op 26 Maart 2014 het die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding egter 'n kennisgewing (Kennisgewing Nr. 209), in Staatskoerant Nr. 37470 gepubliseer, waarin aangekondig is dat artikels 13, 28(3) en 32(b) met betrekking tot personeel op 1 April 2014 van krag sal word, terwyl artikels met spesifieke betrekking tot bestuurspersoneel, artikels 14, 11 en 12 op 1 April 2013 van krag sal word.

### c. Uitdagings as gevolg van beleidsaangeleenthede

Skole:

Die Regulasies ten opsigte van Minimum Eenvormige Norme en Standaard (November 2013) het 'n impak op die beplanning vir toekomstige geboue. Die potensiele impak hiervan op die bestaande geboue en groottes van skole sal tyd neem om te bepaal.

### 3. Strategiese Uitkomsgeoriënteerde Doelwitte<sup>4</sup>

<b>Strategiese Uitkomsgeoriënteerde Doelwit 1</b>	<b>Verbeterde Taal en Wiskunde in Laerskole</b>
<b>Doelwitverklaring</b>	Prestasie in Taal en Wiskunde moet verbeter sodat leerders volgens ouderdomnorme soos volg verbeter teen 2014: Graad 3: Taal: 42% van leerders en Wiskunde: 60% van leerders. Graad 6: Taal: 37% van leerders en Wiskunde: 33% van leerders. Graad 9: Taal: 50% van leerders en Wiskunde: 20% van leerders. Uitslae sal deur middel van jaarlikse toetsing gemonitor word en ingrypings sal dienooreenkomstig aangepas word.
<b>Strategiese Uitkomsgeoriënteerde Doelwit 2</b>	<b>Hoër aantal en gehalte van geslaagdes in die Nasionale Senior Sertifikaat</b>
<b>Doelwitverklaring</b>	Om die aantal leerders wat die NSS slaag deur middel van handboeke, onderwyser-opleidingsprogramme, bestuur en ondersteuning te verbeter. Die teikens vir 2014 is 43 000 leerders om die NSS te slaag en 20 400 wat met toegang tot Baccalaureus-gradstudies slaag; 13 200 leerders om Wiskunde te slaag en 8 300 om Fisiese Wetenskap te slaag.
<b>Strategiese Uitkomsgeoriënteerde Doelwit 3</b>	<b>Vermindering in aantal onderpresterende skole</b>
<b>Doelwitverklaring</b>	Afname in onderprestasie in die Nasionale Senior Sertifikaat in hoërskole: dat 10 skole 'n slaagsyfer van <60% teen 2014 het. Afname in onderprestasie in ander grade, soos gemeet deur die Jaarlikse Nasionale Assessering vir Graad 1 – 6 en 9 en die WKOD-toetse vir Graad 3, 6 en 9.

<sup>4</sup> Die doelwitte is soos in die Jaarlike Prestasieplan vir 2014/15.

Vordering met teikens in Strategiese Plan

Die WKOD het vordering gemaak met die bereiking van die doelwitte soos gestipuleer in die Strategiese Plan. Aanpassings in die doelwitte is uiteengesit, soos in die tersaaklike Jaarlikse Prestasieplanne vereis.



Doelwit 1: Verbeterde Taal en Wiskunde in Laerskole

Die onderstaande tabel bevat 'n opsomming van die toetsuitslae wat gebruik is om vordering te meet. Die standaard van die taaltoetse was in 2011 aangepas om die toetse meer uitdagend te maak. Na daardie verandering, was daar 'n geleidelike verbetering in die uitslae van die aangepaste basislyn. In 2009 was daar nog nie 'n basislyntelling vir Graad 9 nie, so die aanvanklike doelwitte is aangepas nadat daardie basislyntellings beskikbaar geword het.

		Jaar 2010	Jaar 2011	Jaar 2012	Jaar 2013	Jaar 2014	Doelwit
Graad 3	Wiskunde Doelwit	40	45	50	55	60	Nie aangepas nie
	Wiskunde werklik	48.3	47.2	51.5	55	54	
	Taal Doelwit	55	60	33	40	42	Aangepas nadat toets verander het
	Taal werklik	54.9	30.4	38.9	37	42.4	
Graad 6	Wiskunde Doelwit	15	20	25	30	33	Nie aangepas nie
	Wiskunde werklik	24.4	23.4	26.4	28	30.4	
	Taal Doelwit	45	50	35	37	37	Aangepas nadat toets verander het
	Taal werklik	52.3	31.5	36.9	30	37.9	
Graad 9	Wiskunde Doelwit	40	42	12	15	20	Aangepas na loodsing
	Wiskunde werklik	9.4	10.4	13.9	14	14.9	
	Taal Doelwit	45	50	45	50	50	Aangepas na loodsing
	Taal werklik	51.8	44.2	48.2	48	47.6	

Doelwitte 2 en 3: "Verbeterde aantal en gehalte van geslaagdes in die Nasionale Senior Sertifikaat" en "Vermindering in die aantal onderpresterende skole"

Die teikens vir Doelwitte 2 en 3 wat vir die vyfjaar-tydperk (2009 – 2014) gestel is, word hieronder aangetoon. Die effense afname gesien in 2014 weerspieël 'n afname in die nasionale uitslae as gevolg van 'n ingryping om die standaard van die Nasionale Senior Sertifikaat te verhoog.





#### 4. Prestasie-inligting per Program

##### 4.1 Program 1: Administrasie

###### Doel

Om algehele bestuur van en steun aan die onderwysstelsel te voorsien ingevolge die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en ander toepaslike beleide.

###### Die Administrasieprogram bestaan uit die volgende subprogramme<sup>5</sup>:

*Subprogramme 1.1: Kantoor van die LUR*

Om voorsiening te maak vir die funksionering van die kantoor van die Lid van die Uitvoerende Raad (LUR) vir Onderwys

*Subprogram 1.2: Korporatiewe Dienste*

Om bestuursdienste aan die onderwysstelsels te voorsien wat nie spesifiek onderwys-gerig is nie.

*Subprogram 1.3: Onderwysbestuur*

Om onderwysbestuursdienste vir die onderwysstelsel te voorsien.

*Subprogram 1.4: Menslike Hulpbronontwikkeling*

Om menslike hulpbronontwikkeling te voorsien vir kantoorgebaseerde personeel.

*Subprogram 1.5: Onderwysbestuursinligtingstelsel*

Om 'n onderwysbestuursinligtingstelsel te verskaf in ooreenstemming met die Nasionale Onderwysinligtingsbeleid

###### Strategiese Doelwitte

<b>Strategiese Doelwit 1.1</b>	Om menslike en finansiële hulpbronne te kanaliseer na daardie distrikte en skole met 'n geskiedenis van onderbelegging, asook algemene oorhoofse finansiële en MH-bestuur te verseker.
<b>Strategiese Doelwit 1.2</b>	Om die reaktiwiteit en doeltreffendheid van die WKOD te verbeter deur te fokus op die verbetering van die departement se sakeprosesse en stelsels.
<b>Strategiese Doelwit 1.3</b>	Om doelgerigte bestuursopleiding vir amptenare, lede van skoolbestuurspanne en skoolbeheerliggame te voorsien.

###### Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande mikpunt en werklike prestasie

###### Finansieel

Die WKOD het 99.9% van die goedgekeurde aansuiweringsbegroting vir 2014/15 spandeer.

Fondse is aangewend om die doelwitte van Aksieplan 2014 en die drie doelwitte van die WKOD te bereik. 73.0% van die begroting is toegeken aan die vergoeding van werknemers (Kvl), en meer as R1.79 biljoen aan Voorwaardelike Toelaes en noodsaaklike dienste. Die WKOD is verbind tot oordeelkundige besteding ten einde fondse te verskuif na diene met die grootste behoefte aan ondersteuning.

<sup>5</sup> Die subprogramme vorm deel van die nasionale sektor se profielvorm en is kategorieë wat deur Tesourie befonds word. Die fondse in Program 1 dek koste met betrekking tot die administrasie van die stelsel.

Besparings is in die KvW-begroting aangeteken, hoofsaaklik as gevolg van die implementering van doeltreffendheidsmaatreëls, byvoorbeeld die vermindering in die getal oortollige, tydelike en aflospersoneel.

Besparings is gekanaliseer na die verbetering van skoolinfrastruktuur en hulpverlening aan skole wat finansiële uitdagings in die gesig staar. Oordragbetalings is aan skole gemaak om voorsiening te maak vir geenfooi-skole, vergoeding vir vrystelling van skoolfonds, vir hulpbronne, vir verligting van munisipale diensteskuld en vir die verkryging van addisionele handboeke vir alle grade.

WKOD het deurlopend gefokus op goeie bestuur. Die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika het in sy audit van die 2013/14 Jaarlikse Finansiële State bevind dat die state in alle wesenlike aspekte 'n korrekte voorstelling van die finansiële posisie van die WKOD is. Die OGSA het ook bevind dat die WKOD geen wesenlike ongunstige aanwysers het nie.

#### *Menslike Hulpbronne*

Die bestuur van die personeeltoekenning aan skole in die WKOD is van wesenlike belang vir die sukses van skole. Die WKOD het altesaam 31 357 poste vir die 2014-skooljaar toegeken as gevolg van die toename in leerder-inskrywings. Die WKOD het die 2015-toekenning van onderwysposte met 'n verdere 676 vermeerder.

Die volgende tabel is 'n uiteensetting van posttoekennings vir die akademiese jare 2011–2015:

<b>Akademiese Jaar</b>	<b>Poste toegeken</b>
2011	30 989
2012	31 091
2013	31 091
2014	31 357
2015	32 033

Die WKOD streef deurlopend na 'n verbetering in die leerder-tot-onderwyser-verhouding in die Grondslagfase. Die WKOD het gedurende 2014/15 'n gemiddelde leerder-tot-onderwyser-verhouding gehandhaaf van 1:36 in laerskole en 1:34 in hoërskole.

Optimale plasing van botallige onderwysers is baie belangrik om te verseker dat hul vaardighede ten beste gebruik word tot die voordeel van leerders. Die salarisse wat aan botallige onderwysers betaal word, beïnvloed die aanstelling van onderwysers wat elders benodig word. Deur die ontwerp van 'n ontplooiingsplan, het die WKOD gedurende die tydperk 1 April 2014 tot 31 Desember 2014 die aantal botallige opvoeders met 156 verminder.

Die doel van die Beleid en Prosedure oor Ongeskiktheidsverlof en Aftrede weens Swak Gesondheid (PILIR) is om te verseker dat verlof met betaling slegs toegestaan word aan diegene wat geregtig is daarop, en dat daar geen onnodige vertraging is in die evaluering van hul geskiktheid daarvoor of oorbetalings vir diegene wat nie geregtig is op verlof nie.

Gedurende die tydperk 1 April 2014 tot 31 Desember 2014, is 403 uit 559 Funza Lushaka beursoeurs wat aan die einde van 2013 as onderwysers gekwalifiseer het, suksesvol geplaas in permanente, aflos- of tydelike poste.

Aan die begin van die 2015-skooljaar, het die WKOD gefokus op die permanente aanstelling van nuwe toetreders (insluitend Funza Lushaka beurshouers). Die sukses van die werwingsveldtog het die aanstelling van 1 780 nuwe toetreders tot gevolg gehad. Daar is in totaal 2 138 opvoeders permanent aangestel met effek vanaf 1 Januarie 2015.

Die advertering en aanstelling van adjunk-hoof- en skoolhoofposte het spesiale aandag geniet gedurende 2014. Hierdie poste is in elk van die WKOD se vakaturelyste en spesiale vakaturelyste geadverteer en geprioritiseer om die spoedige verwerking van die aansoeke te verseker. Hierdie stap het beteken dat minder mense in bevorderingsposte waargeneem het, die aantal tydelike personeel is verminder en skoolstabiliteit is verbeter.

Aanstellingskriteria en keuringsprosesse vir skoolhoofde is ook verstewig. 'n Bevoegdheids-gebaseerde Asseseringsmeganisme (BGA) is gebruik tydens die keuring van skoolhoofde in 2014/15. 'n Hoë persentasie van kandidate wat deelgeneem het aan die BGA as deel van die aanstellings- en keuringsproses het die assessering as waardevol vir professionele ontwikkeling ervaar. Terugvoer na individue het bygedra tot die ontwikkeling van toepaslike ontwikkelingsplanne vir nuut-aangestelde skoolhoofde. Die WKOD het ook versoeke ontvang vanaf dienende skoolhoofde vir BGA om hulle behulpsaam te wees in die ontwikkeling van vaardighede vir die verbeterde funksionering van die instellings wat hulle bestuur.

Die WKOD is in die proses om profielvorms te skep vir die poste van Adjunkhoof en Afdelingshoof ten einde 'n BGA-meganisme te ontwerp in 2015 vir hierdie poste.

Die data oor nuwe skoolhoof-aanstellings in die onderstaande tabel sluit aanstellings in vir die periode 1 April 2014 – 31 Maart 2015, en weerspieël aanstellings by alle openbare skole.

Nuwe Skoolhoofde per Jaar							
Distrikte	Totale aantal skole	2010	2011	2012	2013	2014	Totaal
Kaapse Wynlande	272	22	20	10	19	25	96
Eden & Sentraal-Karoo	219	13	12	9	27	32	93
Metro-Sentraal	210	30	14	6	24	38	112
Metro-Oos	146	21	6	10	12	29	78
Metro-Noord	208	16	10	16	14	30	86
Metro-Suid	190	18	8	8	5	25	64
Overberg	83	9	5	4	9	18	45
Weskus	129	13	11	5	15	14	58
<b>Totaal</b>	<b>1 457</b>	<b>142</b>	<b>86</b>	<b>68</b>	<b>125</b>	<b>211</b>	<b>632</b>

### *Inligting en Kommunikasie*

Die Sentrale Onderwysbestuurinligtingstelsel (SOBIS)

Die WKOD se Inligtingstelsel (SOBIS) is in 2014/15 verder ontwikkel om die toenemende aantal outomatiese sakeprosesse te ondersteun. Dit is ook meer effektief gebruik in die nasporing van leerder-registrasie. Die SOBIS het dus 'n belangrike rol gespeel in die ondersteuning, leiding en verstewiging van strategiese besluitneming. Soos in die verlede, het SOBIS regstreekse ondersteuning gebied aan eksamen- en asseseringsadministrasie en registrasie-prosesse; data verskaf vir die bepaling van personeeltoewysing en is gebruik vir aanlyn-opnames in gewone en spesiale skole. Die gereelde nasporing van leerder-inskrywings by skole was nuttig vir alle beplanningprosesse.

In 2014 is SOBIS weer eens gebruik vir die bestel van boeke by skole (KABV handboeke en werkboeke). Hierdie geoutomatiseerde proses het gelei tot doeltreffendheid met tyd, arbeid en koste, sowel as die aanlyn-kontrole van vordering. Die geoutomatiseerde aansoeke vir terugbetaling van skoolgeldvrystellings aan skole is verbeter, wat groter deursigtigheid, beter beheer en terugvoer tot gevolg gehad het. Aanlyn-kennisgewing van die toekenning van norme en standaarde, personeeltoekennings en assesseringsuitslae het skole met hul beplanning gehelp. 'n Kwartaalike skoolmoniteringsinstrument is deur distriksamptenare gebruik om vordering met betrekking tot sekere kommerwekkende aangeleenthede by skole op te volg met behulp van EduInfoSearch. In 2014 is skole se verbeteringsplanne op SOBIS gelaai. Die WKOD het ook die Skooltoelatingsbestuursinligting-module op SOBIS geloods en skole en distrikte bygestaan met die plasing van leerders vir 2015.

Die Distrikbestuursinligtingstelsel (DBIS) word in al 8 distrikskantore gebruik vir die beplanning en byhou van besprekings wat gedurende besoeke plaasvind, en om ooreenkomste en punte wat opgevolg moet word, aan te teken.

In 2013 het die WKOD die gebruik van 'n geoutomatiseerde e-werwingstelsel geloods. Alle vakatures is gedurende 2014/15 deur middel van die aanlyn-stelsel gepubliseer. 37 091 gebruikers het tot op hede op die stelsel geregistreer en 21 470 gebruikers het hul profiele op die stelsel voltooi.

#### Kommunikasie

Daar was besondere media belangstelling in die werk van die WKOD gedurende 2014/15. Daar was 4 280 berigte in verskeie formate (gedruk, radio en televisie) wat op onderwys in die Wes-Kaap gefokus het.

Die WKOD het gedurende die jaar veldtogte gehou om ouers en leerders aan te moedig om aktief deel te neem aan leeruitkomst en om die departement te ondersteun in sy pogings om die toegang tot kwaliteit onderwys te verbeter.

Dit was i) die Inskrywing 2015-velddog om kinders vroegtydig in te skryf wat laerskool of hoërskool begin, of indien hulle van skool verander; ii) 'n Taal- en Wiskunde-velddog vroeg in 2015 wat aan ouers verduidelik het wat om te doen om hulle kinders te help met die verbetering van vaardighede in lees, skryf en wiskunde. Die WKOD het meer as 110 000 Graad 1 ouer-gidse versprei as deel van die veldtog; iii) Die WKOD het die 2015 skoolbeheerliggaamverkiezings gedurende Februarie en vroeg-Maart 2015 aangemoedig deur ouers aan te moedig om hulself beskikbaar te stel en te stem.

Die media wat in die veldtogte gebruik is, het radio, advertensieborde, inligtingsblaadjies, advertensies in gemeenskapskoerante, advertensies in taxi's, asook boodskappe op sosiale media ingesluit.

Die WKOD het 'n reeks publikasies uitgebring in 2014/15, insluitend "Wenke vir Sukses"-gidse vir Graad 10 tot 12; bylaes vir matriekersiening is aan alle NSS-kandidate versprei, bylaes vir Graad 10 met vrae wat dikwels gevra word, en sleutelkonsepte; 'n burgerlike verslag; die WKOD koerant, *Education Update*; 'n Graad 1-ouer-gids; en 'n twee-weeklikse nuusbrieff vir personeel, *WCED@work*.

Die aantal besoeke aan die WKOD-webwerf het aanhou groei. Die gemiddelde maandelikse aantal besoeke het met 15% gegroei van 109 312 in 2013/14 tot 126 235 in 2014/15. Die webwerf het meer as 1.5 miljoen besoeke gehad in 2014/15, vergeleke met net meer as 1.3 miljoen die vorige jaar.

Die WKOD se aanlyn-ondersteuning vir matrikulante het steeds aftrek gekry. Die webwerf voorsien onder andere skakels na meer as 300 kort lesse op YouTube in Geografie, Wiskunde, Fisiese Wetenskappe en Lewenswetenskappe. Die video's het teen 20 Januarie 2015 157 870 kykers gehad.

Die WKOD Kliëntediens bedryf 'n inloopsentrum, 'n besoekersentrum en 'n inbelsentrum. Die inloopsentrum het 'n gemiddeld van 2 335 besoekers per maand, terwyl die besoekersentrum 'n gemiddeld van 834 besoekers 'n maand het. Die inbelsentrum hanteer 7 708 oproepe per maand.

Die WKOD Kliënte-tevredenheidsopname was in 2014 vir die sesde jaar gedoen. Die steekproef is vir die eerste keer gedoen met die helfte van alle skole in die provinsie. Gedurende die vorige vyf jaar is steekproewe jaarliks gedoen met 'n vyfde van skole. Gedurende elke jaar, insluitend 2014, het vyf opvoeders per skool op verskillende posvlakke die vraelyste voltooi.

Oor die algemeen dui die opnames op 'n stewige verbetering in die waargenome vlakke van dienslewering sedert die eerste opname gedoen is.

Deelnemers per postitel in 2014		
Posbeskrywing	Totaal	%
Skoolhoof	393	23%
Adjunk-hoof	239	14%
Departementshoof	337	19%
Senior Opvoeder	165	10%
Opvoeder	533	31%
Ander	64	4%
	<b>1731</b>	<b>100%</b>

Deelnemers per jare ervaring in 2014		
Ervaring Kategorie	Personeel	%
Minder as 5 jaar	132	8%
5 - 10 jaar	157	9%
11 - 19 jaar	250	14%
20 - 30 jaar	725	42%
Meer as 30 jaar	467	27%
<b>Groototaal</b>	<b>1731</b>	<b>100%</b>



#### Aanspreeklikheid

Alle amptenare word aanspreeklik gehou met behulp van posbeskrywings en prestasie-ooreenkomste. Amptenare by hoofkantoor word verantwoordelik gehou vir tydige en deskundige ondersteuning aan distrikte. Distrikte word verantwoordelik gehou vir ondersteuning aan skole en die prestasie van onderwysers en leerders.

Alle skole het gedurende Februarie 2014, en weer gedurende 2015, 'n aanlyn-skoolverbeteringsplan (SVP's) met doelwitte vir 3 jaar voltooi. Die SVP spesifiseer die stappe wat elke skool moet doen om die doelwitte wat in hul SVP gestel is, te bereik. Die waarde van die aanlyn-verbeteringsplan is dat alle skole fokus op belangrike ingrypings m.b.t. verbetering. Die SVP vorm ook deel van die aanspreeklikheidstelsel, aangesien die ondertekenaars van die plan die skool, die SBL en die WKOD is.

In 2014 het die WKOD kwartaallikse Skoolverbeteringsmonitering uitgevoer wat aan die Skoolverbeteringsplanne gekoppel is. Die SVM vir 2014/15 het die gebruik van handboeke en werkboeke nagespoor, sowel as belangrike aspekte van hulpbron- en skoolfunksionaliteit. Aangesien die verslae aanlyn vasgelê is, kon die data vir spoedige ondersteuning ontgin en gebruik word. In die besonder het die data die WKOD in staat gestel om op hoogte te bly van die aflewering van werkboeke en handboeke.

Aanspreeklikheid word uitgebrei deur die oorsigtelike rol wat Provinsiale en Nasionale Tesourie speel. Alle afdelings binne die WKOD het ooreenstemmende afdelings in die Departement van Basiese Onderwys of die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding deur middel waarvan die vloei van verslagdoening, prestasie-ontleding en vooruitskattings op volgehoue basis gehandhaaf word. Die Departement van die Premier oefen 'n oorsigfunksie uit oor belangrike WKOD projekte deur middel van die Provinsiale Paneelbord en die aanlyn Biz-projekte-hulpmiddel. Voorts word beheer uitgeoefen deur beide interne en eksterne ouditprosesse, wat daartoe bydra om funksionaliteit en omsigtige bestuur te verseker.

Substantiewe aanspreeklikheid is gesetel in die formele verhouding tussen die WKOD en UMALUSI, die nasionale gehalteversekeringsliggaam vir leeruitkomste. Hierdie liggaam bied gerusstelling met die uitslae van die Nasionale Senior Sertifikaat. Hul funksie is onder andere die moderering van assessering en eksamenprosesse in die Wes-Kaap.

Net soos alle staatsdepartemente landwyd, het die WKOD deelgeneem aan 'n nasionale moniteringsoefening, die Assesseringshulpmiddel vir Bestuursprestasie (MPAT) wat vier gebiede van korporatiewe beheer monitor: Strategiese Beplanning, Menslike Hulpbronne, Beheer en Aanspreeklikheid, en Finansiële Bestuur. Die doel van die MPAT is om vas te stel of departemente nie voldoen, voldoen of slim werk in hierdie areas. Die WKOD het nasionaal die tweede hoogste punte gekry in die kategorie "Beheer en Aanspreeklikheid" (groot departemente).

Heelskool-evaluasies, oor 3 of 5 dae afhangend van die grootte van die skool, is gebaseer op nege areas van evaluasie soos uiteengesit in die HSE-beleid: Basiese funksionaliteit; Leierskap, Bestuur en Kommunikasie; Beheer en Verhoudinge; Kwaliteit van Onderrig en Leer en Opvoeder-ontwikkeling; Kurrikulumlewering en Hulpbronne; Leerder Prestasie; Skoolveiligheid, Sekuriteit en Dissipline; Skool Infrastruktuur; en Ouers en die Gemeenskap. Skole word gekodeer na aanleiding van die HSE-gradering. 127 skole is geëvalueer in 2014/15. Die bevindings is bekend gemaak in tendensverslae, bo en behalwe die uitgebreide individuele verslae wat aan die betrokke skole voorsien is.

'n Onderwysraad om die Minister verantwoordelik vir Onderwys in die Wes-Kaap oor onderwys sake te adviseer, is aangestel in terme van *Die Regulasies Rakende die Onderwysraad vir die Provinsie van die Wes-Kaap*. In 2014 het die Raad vier maal vergader en die provinsiale minister sowel as die WKOD van raad voorsien oor aangeleenthede met betrekking tot onderwys, insluitend wette en regulasies. Die Raad se ampstermyn het aan die einde van 2014 tot 'n einde gekom. 'n Nuwe raad is in terme van die regulasies verkies, en het sy eerste vergadering gehou.

**Strategiese Doelwitte**

Program 1					
Programprestasie Maatstaf	Werklike Prestasie 2013/2014	Beplande Teiken 2014/2015	Werklike Prestasie 2014/2015	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2014/2015	Kommentaar oor afwyking
PPM 101: Aantal openbare skole wat die skooladministrasie-bestuurstelsel (elektronies) gebruik om data aan die nasionale leerder-opsporingstelsel te voorsien	1 459	1531	1524	-7	Aangesien hierdie aanwyser die <b>gebruik van 'n stelsel</b> meet, kan daar slegs verslag gedoen word oor skole met geregistreerde leerders. Daar was nege skole wat amptelik geregistreer was, maar geen leerders gehad het aan die einde van die boekjaar nie. Dit was: 4 hospitaalskole (Rooi Kruis, Groote Schuur, Tygerberg and Maitland Cottage Home), 4 openbare gewone skole met geen leerders (Blouvlê Primêr, Vleesbaai NGK Primêr, Languedoc VGK Primêr, Vergelegen VGK Primêr) asook 'n spesiale skool (Eureka Jeugsentrum). 1 skool is gesluit (Kampsbaai Voorbereiding). Een nuwe skool (Langerugskool) en vyf nuwe openbare gewone skole (Proteahogte Akademie, Van Wyksvlei Laerskool, Highbury Laerskool, Proteahogte Laerskool, Parlementstraat Primêr) is gedurende hierdie tydperk geopen. Daar is dus 67 spesiale skole en 1457 gewone skole wat gebruik maak van die stelsel – 'n totaal van 1524. 100% van die oop skole gebruik elektroniese stelsels om data te voorsien aan die nasionale leerder-opsporingstelsel.
PPM102: Aantal openbare skole wat elektronies (per e-pos) gekontak kan word	1 459	1531	1524	-7	Sien bogemelde verduideliking. 100% van die oop skole kan per e-pos gekontak word.
PPM103: Persentasie lopende onderwys-uitgawes wat aan nie-personeel items bestee word	21.52%	23.11%	19.42%	- 3.69%	Die doelwit was nie bereik nie as gevolg van vergoeding wat 'n groter deel van die begroting geabsorbeer het, wat grotendeels was as gevolg van 'n groter as verwagte aansuiwering in die verbetering van diensvoorwaardes, sowel as 'n vermeerdering in die aantal onderrigposte.



<b>Program 1</b>					
<b>Programprestasie Maatstaf</b>	<b>Werklike Prestasie 2013/2014</b>	<b>Beplande Doelwit 2014/2015</b>	<b>Werklike Prestasie 2014/2015</b>	<b>Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2014/2015</b>	<b>Kommentaar op afwykings</b>
PPM 104: Aantal besoeke aan skole deur 'n Kringbestuurder	Nuut	9 845	9471	374	374 geskeduleerde substantiewe besoeke is gekanselleer of uitgestel. Addisionele besoeke is gebring aan skole met meer dringende behoeftes.

### **Prestasie-aanwysers**

Geen

### **Strategie om terreine van onderprestasie te oorwin**

Die volgende is die belangrikste strategieë van die WKOD om terreine van onderprestasie aan te spreek:

- Posvoorsiening wat verseker dat onderwysers by skole geplaas word in ooreenstemming met die behoeftes by daardie skole.
- Werwing, keuring en aanstelling van skoolhoofde (aandag aan die verbetering van seleksiekriteria en opleiding van SBL'e in hierdie verband; opleidingsgeleenthede vir aspirant skoolhoofde)
- Aandag aan die aanstelling en ondersteuning van Departementshoofde en Onderhoofde in skole
- Opleiding van onderwysers en amptenare, soos benodig
- Skoolverbeteringsplanne, Distriksverbeteringsplanne en Skoolverbeteringsmonitering
- Gebruik van elektroniese prosesse om die voorsiening van hulpbronne en dienste te vereenvoudig en te bespoedig
- Skoolgeldvrystelling vir skole in Kwintiele 4 en 5
- Bystand aan skole met betrekking tot munisipale skuld
- Interne kontrole-eenheid om terugvoer te gee aan bestuur met betrekking tot nie-nakoming
- Hersien sakeprosesse, soos benodig
- Verseker volgehoue verbetering in die toepassing van verkrygingsprosedures
- Kwartaallike opdatering van alle bateregisters

### **Veranderinge aan beplande doelwitte**

Geen



### **Koppeling van prestasie aan begroting**

Die uitgawes wat in Program 1 aangegaan is, het bygedra tot die bereiking van die volgende belangrike uitsette vir die WKOD:

- Bestuur van die personeelkomponent van die WKOD, werwing van opvoeders en staatsamptenare, personeel ontwikkeling en prestasie-bestuur, werknemer welstand en menslike hulpbronne.
- Die WKOD se Strategiese Plan, kwartaalike verslae oor organisatoriese- en skool-prestasie, en die Jaarverslag van die WKOD.
- Samestelling van finansiële beplannings- en verslagdoeningsdokumente, insluitend die Skattings van Provinsiale Inkomste en Uitgawes (SPIU), maandelike in-jaar moniteringsverslae (IJM), en die tussentydse en finansiële jaarstate.
- Verkryging van bates, goedere en dienste.
- Instandhouding van die WKOD bateregister.
- Betaling aan verskaffers binne 30 dae.
- Instandhouding en verdere ontwikkeling van die Sentrale Onderwysbestuursinligtingstelsel

### **Sub-program uitgawes**

Naam van Subprogram	2014/2015			2013/2014		
	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/onder-besteding	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/onder-besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
1.1 Kantoor van die LUR	6,504	6,504	-	6,117	6,117	-
1.2 Korporatiewe Dienste	264,120	264,120	-	238,351	238,351	-
1.3 Onderwysbestuur	361,789	356,751	5,038	285,673	277,078	8,595
1.4 Menslike Hulpbron-ontwikkeling	1,330	1,330	-	20,699	20,699	-
1.5 Onderwysbestuurs-inligtingstelsel (OBIS)	32,916	32,916	-	28,904	28,904	-
Totaal	666,659	661,621	5,038	579,744	571,149	8,595

## 4.2 Program 2: Openbare Skoolonderwys

### Doel

Om openbare gewone onderrig te voorsien van Graad 1 tot 12, in ooreenstemming met die Suid-Afrikaanse Skolewet en Witskrif 6 oor inklusiewe onderwys.

### Die Gewone Skool Onderwysprogram behels die volgende subprogramme<sup>6</sup>:

#### Sub-program 2.1: Openbare Laerskool Vlak

Om spesifieke openbare laerskole te voorsien van hulpbronne benodig vir die Graad 1 tot 7 vlakke.

#### Sub-program 2.2: Openbare Sekondêre Vlak

Om spesifieke openbare gewone sekondêre skole te voorsien van hulpbronne benodig vir die Graad 8 tot 12 vlakke.

#### Sub-program 2.3: Menslike Hulpbronontwikkeling

Om departementele dienste te verskaf vir die professionele en ander ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoeders in openbare gewone skole.

#### Sub-program 2.4: Voorwaardelike Toelaes

Om voorsiening te maak vir projekte onder Program 2 soos gespesifiseer deur die Departement van Basiese Onderwys en befonds deur voorwaardelike toelaes.<sup>7</sup>

### Strategiese Doelwitte

Program 2: Strategiese Doelwit	
<b>Strategiese Doelwit 2.1.</b>	Om te verseker dat onderwysers toegerus is om te onderrig deur voortgesette professionele ontwikkeling.
<b>Strategiese Doelwit 2.2.</b>	Om te verseker dat taal- en wiskunde-uitkomst verbeter deur die verlening van maksimum hulpbronne (beide menslik en finansieel) aan die eerste drie jaar van skoolgaan.
<b>Strategiese Doelwit 2.3.</b>	Om die uitstekende bestuur van skole te verseker.
<b>Strategiese Doelwit 2.4.</b>	Om inhoudryke klaskamers te verseker.
<b>Strategiese Doelwit 2.5.</b>	Om spesifiek-gestelde maatreëls vir voedsel-, ander armoede-verligting en veiligheid te voorsien.
<b>Strategiese Doelwit 2.6.</b>	Om te verseker dat onderwysers voorsien word in ooreenstemming met demografiese tendense.

---

<sup>6</sup> Die subprogramme vorm deel van die nasionale sektor profielvorm en bestaan uit kategorieë wat deur Tesourie befonds word. Die fondse in Program 2 word toegeken om die hoofbegroting van die WKOD te dek, en sluit onderwysers se salarisse, infrastruktuur- en verkrygingskoste, en die skoolvoedingsprogram in.

<sup>7</sup> Skolesport, kultuur en mediadienste is nie ingesluit as 'n subprogram nie, aangesien hierdie funksie in die Wes-Kaap onder die Departement van Kuns, Kultuur en Sport ressorteer.

**Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande mikpunte en werklike prestasie**

**Inskrywing**

Die onderstaande tabel toon 'n algehele vermeerdering van 65 386 leerders oor die 12-jaar siklus (2003 – 2014). Daar was besondere groei in die inskrywings van Graad 1 gedurende hierdie tydperk, en verbeterde retensie tussen Graad 10 en 12.

Die grootste enkele faktor wat alle beplanning en voorsiening in onderwys beïnvloed, is die inskrywing van leerders. Die toename in inskrywings oor die afgelope jare het groter druk geplaas op akkommodasie en personeel in sekere gebiede. Terselfdertyd kwyn die getalle in ander dele van die provinsie.


Die toename in getalle in die Grondslagfase, wat direk verband hou met 'n hoër geboortesifer en 'n instroming na die provinsie, oefen druk uit op die voorsiening van onderwysers, fasiliteite en hulpbronne om aan die eise te voldoen. Terselfdertyd vereis die verhoogde getal leerders wat deurgesit word in die VOO-baan dat onderwysers onderrig in gespesialiseerde vakke moet aanbied.

Ten einde beplanning te verbeter, het die WKOD algemene huishoudelike opname-inligting en ander tendens-ontledings gebruik om met die vooruitskattings vir leerder-inskrywings te help, aangesien dit 'n baie belangrike deel vorm van die verloop van onderwysprosesse in die provinsie.


Jaar	Gr 1	Gr 2	Gr 3	Gr 4	Gr 5	Gr 6	Gr 7	Gr 8	Gr 9	Gr 10	Gr 11	Gr 12	Totaal
2003	86 916	82 454	75 931	66 033	82 383	92 341	84 514	81 154	73 200	81 739	51 746	39 644	898 055
2004 <sup>8</sup>	104 105	82 130	81 489	76 781	66 060	82 574	89 614	85 053	78 964	80 756	54 199	39 451	921 176
2005	93 515	94 231	80 695	80 809	74 984	66 141	81 953	88 778	82 169	81 577	56 657	39 303	920 812
2006	87 650	85 972	89 828	80 443	77 811	73 106	65 347	78 926	80 595	83 529	57 536	40 198	900 941
2007	92 818	82 562	83 914	89 973	78 674	78 021	72 733	66 406	80 697	86 495	61 938	42 624	916 855
2008	91 853	83 267	79 454	85 891	87 116	78 290	76 146	71 410	72 914	79 133	63 819	43 470	912 763
2009	93 601	82 158	80 385	83 150	82 382	85 621	76 262	75 227	79 795	68 405	60 812	45 692	913 490
2010	98 086	83 046	79 155	84 234	80 290	81 402	82 777	75 426	85 114	70 630	53 799	44 876	918 835
2011	100 423	85 216	79 489	83 490	80 205	79 022	78 207	81 312	84 957	73 470	56 995	38 990	921 776
2012	103 444	88 536	81 415	83 922	79 900	78 384	76 432	77 561	90 815	72 714	58 758	43 111	934 992
2013	104 678	93 506	85 762	85 599	79 210	78 437	76 238	75 528	87 132	78 812	56 109	46 035	947 046
2014	106 917	97 647	89 385	90 617	81 441	76 690	74 727	76 000	82 714	75 838	64 619	46 846	963 441

*Databron: 2014: Jaarlikse Opname vir Skole (Openbare Gewone skole uitgesluit LSOB-eenheid leerders).*


<sup>8</sup> Inskrywingspatrone word beïnvloed deur die verandering wat in 2000 op nasionale vlak aangebring is aan die Graad 1-toelatingsouderdom beleid, wat skole toegelaat het om slegs leerders in te skryf wat sewe jaar oud is in hul eerste jaar van toelating. As gevolg hiervan, was die Graad 1-inname laer as in vorige jare. Toe die ouderdomsvereiste weer terugverander is in 2004, was daar weer 'n toename in inskrywings. Dit word in hierdie tabel aangedui.




Instroming na die provinsie bly steeds 'n beduidende bydraende faktor in inskrywingsgetalle, en veroorsaak druk op leerder-akkommodasie.



Die slaagsyfer van 2014 is aanduidend van die positiewe impak van strategieë om deursit te verbeter. In die besonder is daar verbeterde slaagsyfers in die twee grade met die hoogste herhalingsyfers, naamlik Graad 1 en 9.



Die 2014 inskrywingsyfers, uitgedruk in persentasie, toon 'n verbetering in die aantal leerders wat vir Graad 12 geregistreer het teenoor die aantal van dieselfde groep wat in Graad 10 geregistreer het. Die WKOD fokus baie sterk op retensie of die hou van leerders in 'n skool. Stappe wat geneem word om leerders in skole te hou, is onder andere om aandag te gee aan vakkeuse aan die einde van Graad 9, beter toeligtig oor beroepsopsies en -keuses, en 'n verstewiging van die akademiese ondersteuning wat op hoërskoolvlak gegee word. Skole en distrikte het spesifieke teikens gestel om die getalle wat in elke skool slaag en die volgende jaar terugkeer, te verhoog.



## Toetsuitslae

### Primêre skoolonderwys


Daar is twee stelselmatige toetse van Taal en Wiskunde in skole in die Wes-Kaap – Wes-Kaapse toetse en die Jaarlikse Nasionale Assesserings (JNA's).

Die WKOD bly op hoogte van die kwaliteit van Primêre Skoolonderwys deur middel van 'n program van stelselmatige toetsing van Wiskunde en Taal in Graad 3, 6 en 9. Hierdie toetse bevat gestandaardiseerde items en uitgebreide skriftelike werk, en word ekstern opgestel en geadminestrer.

WKOD stelselmatige toetse is in Oktober 2014 geskryf en die resultate was na die skole gestuur in die eerste week van die eerste skoolkwartaal in 2015. Die uitslae is deur skole gebruik om akademiese aktiwiteite vir die jaar te beplan, en hul Skoolverbeteringsplanne en doelwitte op te stel. Verder is die uitslae deur die distrikte gebruik vir die beplanning van toepaslike ondersteuning aan skole.

WKOD Graad 3, 6 & 9 Stelselmatige Toetsuitslae 2014 – Openbare Gewone Skole						
	Graad 3		Graad 6		Graad 9	
	Wiskunde	Taal	Wiskunde	Taal	Wiskunde	Taal
<b>Geskryf</b>	85 623	85 610	72 214	72 198	71 345	71 266
<b>Geslaag</b>	46 236	36 299	21 953	27 363	10 630	33 923
<b>Slaag %</b>	<b>54%</b>	<b>42.4%</b>	<b>30.4%</b>	<b>37.9%</b>	<b>14.9%</b>	<b>47.6%</b>
<b>Gemiddelde telling</b>	<b>52%</b>	<b>45%</b>	<b>41.4%</b>	<b>43.2%</b>	<b>28.7%</b>	<b>50.3%</b>

Die toetsuitslae vir 2011 – 2014 is aanduidend van beskeie maar bestendige verbetering in die Wiskunde-uitslae vir Graad 6 en 9. Die afname in die slaagsyfer vir Taal in 2013 is in 2014 omgekeer, met 'n verhoging van 5.4% in Graad 3 en 8.4% in Graad 6.



Sedert 2009 het die DBO sistemiese toetse vir Graad 1 – 6 en 9, genaamd die Jaarlikse Nasionale Assesserings, voorsien. Hierdie toetse word eksternopgestel maar deur die skole geadministreer en gemerk. Die toetse bestaan uit meervoudige keuse-toetse.


Die Jaarlikse Nasionale Assesserings is in September regoor Suid-Afrika geskryf. 1 458 openbare gewone skole, 83 staatsgesubsidieerde onafhanklike skole en 17 spesiale behoefte-skole in die Wes-Kaap het deelgeneem. Die 2014 Jaarlikse Nasionale Assesserings is geskryf deur 612 276 leerders in Graad 1 – 6, en Graad 9. Antwoordboeke is deur opvoeders by die skool nagesien, en dus is drie vraestelle per vak per klas van elke skool deur onderwysers by 'n sentrale lokaal hernagesien.

Die DBO het 'n eksterne evalueringsagentskap aangestel om verslag te doen oor die betroubaarheid van die JNA-uitslae. 246 skole in die Wes-Kaap is gekies as JNA "kontroleringskole". 25 antwoordboeke van leerders per vak vir elk van die 246 skole is onafhanklik nagesien en die punte deur die eksterne evalueringsagentskap aangeteken. Die uitslae is in die nasionale verslag vervat as deel van 'n strategie om assessering verder te standaardiseer.

Die 2014 uitslae (Gemiddelde Persentasie) vir die Jaarlikse Nasionale Assesserings word in die tabel hieronder uiteengesit:

	<b>WKOD 2014 Taal</b>	<b>Nasionaal 2014 Huistaal</b>	<b>WKOD 2014 Wiskunde</b>	<b>Nasionaal 2014 Wiskunde</b>
Graad 1	68.4	63.2	71.9	68.4
Graad 2	67.0	61.1	63.0	61.8
Graad 3	57.9	56.2	60.5	55.5
Graad 4	57.6	56.5	41.9	37.3
Graad 5	58.5	57.1	45.2	37.3
Graad 6	64.8	62.7	50.9	43.1
Graad 9	49.5	48.3	13.0	10.8

Die vergelyking toon aan dat die uitslae van die WKOD effens bo die nasionale gemiddeld is, en deurgaans dieselfde algemene tendens behou. Die grafiese voorstelling van die data illustreer ook die ongelykheid van die toetse, graad vir graad.



#### Nasionale Senior Sertifikaat

WKOD Vergelykende NSS-uitslae 2009 – 2014						
Jaar	Geskryf	Geslaag	% Geslaag	Toegang tot B.-graad	% Toegang tot B.-graad	Skole met slaagsyfer <60%
2009	44 931	34 017	75.7	14 324	31.9	85
2010	45 783	35 139	76.8	14 414	31.5	78
2011	39 988	33 146	82.9	15 215	38.1	30
2012	44 700	36 992	82.8	16 319	36.5	26
2013	47 636	40 558	85.1	19 477	40.9	23
2014	47 709	39 237	82.2	18 524	38.8	31

2014 was die sewende jaar van die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) eksamen. Die WKOD het 'n 82.2% slaagsyfer behaal. 39 237 kandidate het geslaag, waarvan 18 524 geslaag het met uitslae wat hulle toegang bied tot B-graad studies. 11 265 leerders het Wiskunde geslaag en 7 845 het Fisiese Wetenskap geslaag.

Die WKOD sal voortgaan om te fokus op die getalle van leerders wat hul Nasionale Senior Sertifikaat eksamens skryf en slaag. Die Distrikverbeteringsplanne fokus ook hierop, en bevat strategieë en implementeringsplanne om meer leerders te ondersteun sodat hulle in die skool sal bly tot Graad 12.

#### Professionele Ontwikkeling

Die Kurrikulum- en Asseseringsbeleidverklaring (KABV) is gedurende 2014 ingestel vir Graad 7 – 9, en 12 en die WKOD het opleiding voorsien vir onderwysers in elk van hierdie grade. In 2014 het die distrik gefokus op ondersteuning aan skole en onderwysers waar die behoefte vir bystand die grootste was.



#### Onderwysers

Onderwyseropleiding word aangevul deur 'n program wat klaskamer-gebaseerde steun verleen.

#### Taal en Wiskunde

In 2009 het die WKOD 'n opleidings- en ondersteuningsplan geloods ter ondersteuning van die ontwikkeling van taal en wiskunde. Hierdie program vir onderwysers in Graad 1 – 6 was soos volg aangebied:

Jaar 1 (2009): eerste 250 skole	Groep 1 (125 skole) Gesyferdheidsopleiding gedurende Junie-vakansie Groep 2 (125 skole) Geletterdheidsopleiding gedurende Junie-vakansie Skoolgebaseerde ondersteuning (250 skole) Lesers en LOOM (250 skole)
Jaar 2 (2010): eerste 250 skole in 'n tweede jaar van opleiding	Groep 1 (125 skole) Geletterdheidsopleiding gedurende Junie-vakansie Groep 2 (125 skole) Gesyferdheidsopleiding gedurende Junie-vakansie Skoolgebaseerde ondersteuning (250 skole) Lesers en LOOM (250 skole)
Jaar 6 (2014): derde 250 skole	Groep 5 (125 skole) Wiskunde-opleiding in Junie-vakansie Groep 6 (125 skole) Taalopleiding in Junie-vakansie

Die Taal- en Wiskunde-program het in 2014 aan 250 laerskole intensiewe opleiding en terrein-gebaseerde ondersteuning voorsien. Ingesluit in hierdie ondersteuning was leessemas, wiskundige toerusting en ander materiale.

35 opleidingskursusse en 12 seminare en konferensies is by die Kaapse Onderwys- en Leierskapsinstituut (KOLI) aangebied vir onderwysers in die Grondslagfase, Intermediêre Fase en Senior Fase. Bo en behalwe Taal- en Wiskunde-opleiding, is daar ook kursusse in Inklusiewe Onderwys, IKT Integrasie en opleiding vir Skoolbestuurslede aangebied. 1 702 begunstigdes het gedurende hierdie boekjaar hierdie eenweek- of tweeweek-kursusse bygewoon. Daar was in hierdie boekjaar altesaam 3 220 begunstigdes van KOLI-kursusse, seminare en konferensies.

#### Skoolbestuur (insluitend skoolhoofde)

Gedurende 2014 het die WKOD opleiding en ondersteuning voorsien aan skoolbestuurders wat onervare was, ekstra mentorskap benodig het, of diegene wat gretig was vir verdere professionele ontwikkeling. Die fokus van die kursusse vir skoolbestuurders was die rol en verantwoordelikheid van onderhoofde, rol en verantwoordelikheid van departementshoofde, aspirant skoolhoofde, aspirant skoolleiers, inlywing van nuutaangestelde skoolhoofde, opleiding vir die skoolbestuurspan, en vroue op pad na, of reeds in bestuurs- en leierskapsposisies.

#### Werkplekvaardighedsplan

Die ekwivalent van 1% van die WKOD-betaalstaat word aangewend om die vaardighede en bevoegdheid van alle WKOD-werknemers te verbeter. 12 516 werknemers het in 2014/15 voordeel getrek uit kort kursusse en ander opleiding.



#### Geakkrediteerde kwalifikasies

Geteikende formele kursusse in die vorm van die Gevorderde Onderwysertifikaat (GOS) wat op skoolleierskap fokus, is by hoër opvoedkundige instellings aangebied. Hierdie kursusse word deur die WKOD befonds in 'n poging om die gehalte van leierskap en bestuur in skole te verbeter. Daar was 114 opvoeders wat gedurende 2014/15 ingeskryf het vir die GOS.

#### Ondersteuning verleen

##### Finansieel

Die *Norme en Standaarde*-toekennings aan skole word beoordeel op grond daarvan dat skole in die meer behoeftige gemeenskappe meer fondse ontvang.

In die verlede het skole in nasionale kwintiel 1 – 3 verskillende pro-behoeftige beoordelings gehad. Die “per leerder” bedrag wat aan openbare skole in Nasionale Kwintiel 1, 2 en 3 betaal is, is egter vanaf 2013/14 gelyk gemaak; met ander woorde, NK2- en 3-skole ontvang dieselfde befondsing as NK1-skole.

<b>Nasionale teikentoeëennings</b>			
	<b>2013/14</b>	<b>2014/15</b>	<b>2015/16</b>
Kwintiel 1	R1 010	R1 059	R1 116
Kwintiel 2	R1 010	R1 059	R1 116
Kwintiel 3	R1 010	R1 059	R1 116
Kwintiel 4*	R 550	R 831	R 879
Kwintiel 5*	R 239	R 317	R 335
* <i>Gemiddelde koste vir alle skole</i>			

<b>Fooi-status</b>	<b>Totale aantal skole</b>
Geen fooi	885
Skoolgeld word gevra	570
<b>Groototaal</b>	<b>1 455<sup>9</sup></b>

Een van die meer beduidende ontwikkelings gedurende 2014 was die uitbreiding van die geenfooi-skoolprogram. 216 skole, met 172 541 leerders, in Kwintiele 4 en 5, het “geenfooi-skole” geword nadat hulle om geenfooi-status aansoek gedoen het.

Skole wat skoolfooie hef mag aansoek doen om vergoeding vir vrystelling van skoolfooie in gevalle waar ouers nie die volle skoolfooie kan betaal nie. Gedurende 2014 is R44 miljoen betaal ter ondersteuning van die vrystelling van skoolfooie vir 104 657 leerders in 713 skole.

<sup>9</sup> Neem kennis dat nuwe skole anders beskou word

Tekste, insluitend werkboeke

In 2015 het die Nasionale Departement van Basiese Onderwys werkboeke soos volg voorsien:

Vakke	Graad
Huistaal (HT), Engels Eerste Addisionele Taal (EAT), Wiskunde en Lewensvaardighede	Grondslagfase (Graad R – 3)
Wiskunde, Huistaal en Engels Eerste Addisionele Taal	Intermediêre Fase (Graad 4 – 6)
Wiskunde	Senior Fase (Graad 7 – 9)

Die gebruik van werkboeke word deur die WKOD-amptenare ondersteun en gemonitor.

Die WKOD beoog om 'n KABV-aangepaste handboek per leerder per vak te voorsien. Gedurende Junie 2014 het skole opdrag ontvang om hul handboeke aan te vul as gevolg van leerderontwikkeling. Die uitgawe vir aanvulling van handboeke het R69 miljoen beloop.

Gedurende Februarie 2015 is daar weer geleentheid gebied aan skole om aanvullende handboeke te bestel as gevolg van die toename in inskrywings. Die bedrag van hierdie projek was R16 miljoen.

Die WKOD se riglyne vir norme en standaarde stel voor dat 40% van die totale hulpbrontoekenning aangewend word vir die aankoop van LOOM, waarvan 10% aangewend moet word vir biblioteekmateriaal. Die riglyne stipuleer verder dat elke leerder 'n handboek vir elke vak moet hê en dat die voorraad van die skoolbiblioteekmateriaal jaarliks aangevul moet word totdat die totale aantal items 'n standaard van 10 items per leerder reflekteer.

'n Raamwerk vir handboekbestuur en -behoud is in November 2013 in werking gestel om te verseker dat leerders hulle handboeke aan die einde van die akademiese jaar teruggee sodat die handboeke jaarliks hergebruik kan word. Die koers van boeke wat teruggegee word, is tans 90%.

#### Infrastruktuur

Die 2014 infrastruktuurplan het die volgende areas as prioriteit vir ontwikkeling gestel:

- Bou van nuwe skole om druk op akkommodasie te verlig
- Vervanging van bestaande skole of klaskamer wat met onvanpaste materiaal gebou is
- Instandhouding en herstel
- Voorsiening van Graad R-klaskamers

Daarbenewens bly die voorsien en benutting van mobiele klaskamers noodsaaklik om dringende en onvoorsiene akkommodasie-behoeftes te verskaf.

Die voortdurende groei in leerdergetalle, van ongeveer 20 000 in beide 2014 en 2015, het infrastruktuurvoorsiening onder druk geplaas. 'n Gedetailleerde verslag oor infrastruktuurvoorsiening is in Program 8 vervat, en wel onder punt 8.1. Nagenoeg 50 000 leerders maak gebruik van vervoerskemas om daagliks na en van skole te reis indien die naaste skool 5 kilometer of verder weg is, en ondersteuning is nodig.

### Hoërskoolprogram

Die Hoërskoolprogram poog om die aantal leerders wat die Nasionale Senior Sertifikaat slaag, te verhoog en die aantal onderpresterende skole te verminder. Die algemene ondersteuningsprogram dek alle grade by hoërskole. Gedurende 2014 het die Hoërskoolprogram 'n gedifferensieerde benadering toegepas om hoërskole in die provinsie te ondersteun. Daar was lae intensiteit steun vir skole waar meer as 90% van leerders die vorige jaar geslaag het; gematigde steun en 'n vak-spesifieke fokus vir skole wat 'n 70% – 80% slaagsyfer gehad het, en 'n hoë intensiteit- en heelskoolfokus in gevalle waar minder as 70% van leerders geslaag het.

In Januarie 2015, het die WKOD die uitslae van die Nasionale Senior Sertifikaat ontleed vir elke skool, per vak en per vraestel. Skoolspesifieke en vakspesifieke planne, met doelwitte, is ontwikkel na aanleiding van hierdie ontleding. Daar is doelwitte gestel per skool, en distrik, vir getalle wat die NSS slaag, sowel as getalle wat toelating kry tot B-graad studies. In terme van die nuwe vooruitgangsbeleid wat op die VOO-baan van toepassing is, is 5 139 leerders wat nie Graad 11 geslaag het nie, oorgesit na Graad 12 aan die begin van 2015. Hierdie leerders het spesifiek-toegekende ondersteuning gekry.

'n Tutoriale program, waar vaardige onderwysers gebruik word, word van binne en buite die WKOD vir leerders aangebied. Telematika-lesse is gedurende 2014 na 147 skole uitgesaai en intensiewe ondersteuning is deur kurrikulum-adviseurs verskaf aan die skole wat onder die provinsiale gemiddeld vir hoë-inskrywingsvakke presteer het. 'n Boekie met studiewenke en 'n pak eksamenvraestelle is aan elke Graad 12 leerder voorsien.

Gedurende 2014 het distrikte 'n algemene profielvorm gebruik vir die Distriksverbeteringsplanne, met die oogmerk van die verbetering van die slaagsyfer vir Graad 9, 11 en 12 (n voortsetting van die fokus wat gedurende 2012 geïnisieer is). Skole wat swak gevaar het in vakke met hoë inskrywingsgetalle is geïdentifiseer vir vakspesifieke ondersteuning.

### E-leer

Die provinsiale Wye Area Netwerk-projek het die grondslag gelê vir 'n e-Leer projek wat gedurende 2014 in die implementeringsfase was, met 248 skole wat voordeel getrek het uit die eerste "slim klaskamers" (sien besonderhede onder).

Die omvang van die projek behels:

<b>Die Wye Area Netwerk (WAN) Projek</b> – projek van die Provinsiale Regering
<b>Die Plaaslike Area Netwerk (LAN) Projek</b> – projek van die WKOD
<b>Die Rekenaartoeëpassingstegnologie, Inligtingstegnologie en Ingenieursgrafika en Ontwerp (RTT/IT/IGO) Rekenaar-herlaai projek</b>
Die <b>EduLab rekenaar-herlaai projek</b> bied beskikbare en toepaslike tegnologie aan skole om leerders van regstreekse toegang tot tegnologie in 'n IKT-suite omgewing te voorsien.
Die <b>Slim Klaskamer-projek</b> voorsien beskikbare en gepaste tegnologie aan skole. Die tegnologie bestaan gewoonlik uit 'n onderwyser-rekenaartoestel, onderwyser-projekietoestel, onderwyser-interaktiewe toestel en 'n visualiseerdertoestel (ook bekend as 'n dokumentkamera). Die tegnologie is hoofsaaklik koordloos en het oppak-en-gaan-mobiliteit.
Die <b>e-Hulpbronne Katalogusprojek</b> is 'n aanlyn digitale inhoud projek.
Die <b>Leerbestuurstelsel (LBS) Projek</b> behels 'n digitale hulpbronnemagazyn en poog om onderwysers, leerders en ouers van digitale onderrig en leerhulpbronne te voorsien.

#### Ondersteuning en erkenning aan onderwysers

Die WKOD het voortgegaan om aktiewe ondersteuning te verleen aan onderwysers op gebiede wat deur die onderwysers self geïdentifiseer is. Terselfdertyd het die WKOD gefokus op die verligting van druk op onderwysers, wat administratiewe werk aanbetref, sowel as die bywoning van werksinkels en vergaderings. Beplanningskalenders wat belangrike datums aantoon, byvoorbeeld wanneer eksamens begin en eindig, en ander administratiewe sperdatums, was weer eens gedurende 2014 aan skole gestuur om skole te help met vooruitbeplanning vir 2015.

Die 15de Jaarlikse Provinsiale Onderwystoekeningseremonie, waar erkenning gegee word vir prestasie van opvoeders in die Provinsie, was gedurende November 2014 gehou. Na afloop van 'n sorgvuldige keuringsproses van sifting en onderhoude is toekennings aan onderwysers gemaak. Die toekennings gee erkenning vir prestasie en innovering in 9 kategorieë – Onderwysers van Graad R, Spesiale Behoeftes, Laerskool, Sekondêre Skool, Uitmendheid in Tegnologie (verbeterde onderrig en leer), Wiskunde, Laerskool leierskap, Sekondêre Skool leierskap, en 'n toekening vir Lewenslange Prestasie. Twee Wes-Kaapse onderwysers het deurgedring en toekennings gewen in die Nasionale Onderwystoekennings vir 2014.

#### Skoolbeheerliggame

Ter voorbereiding van die 2015 SBL-verkiesings in Maart 2015, is 'n provinsiale verkiesingspan op die been gebring om toesig te hou oor die verkiesingsproses. Die eerste taak van hierdie koördineringsliggaam was om die *Vasstelling van die Prosedures vir die Vestiging en Verkiesing van Beheerliggame by Openbare Skole* te finaliseer. Die *Vasstelling* het dit vir skole moontlik gemaak om af te wyk van die nominasie-en-verkiesingsvergadering en kon aansoek doen vir die hou van voldag-verkiesings. Vier-en-sestig skole het aansoek gedoen vir die voldag-verkiesings.

'n Geloofwaardige provinsiale SBL-verkiesing is allerbelangrik om te verseker dat daar verantwoordbare beheerstrukture by skole is. Skoolhoofde en skoolverkiesingspanne het by die distrikskantore opleiding ontvang in die bevordering van vrye en regverdigde verkiesings by skole. Ten einde breë samewerking tydens die verkiesings te bevorder, is verskeie aanbevelingstrategieë gebruik om ouerdeelname aan te moedig, onder andere pamflette, radio- en koerantadvertensies en besprekings. Verder het SBL-verenigings, wat uiters belangrike vennote is van goeie bestuur, bygedra tot 'n bewusmaking van die belangrikheid van deelname aan die verkiesings.

In terme van die vereistes moet daar 'n kworum wees van ouers om 'n SBL te verkies. Indien daar nie 'n kworum by die eerste vergadering teenwoordig is nie, moet 'n tweede vergadering belê word.

Totale aantal skole	Aantal skole waar verkiesings suksesvol was	Aantal eerste verkiesings suksesvol	Aantal tweede verkiesings suksesvol	Aantal skole gemonitor gedurende hierdie tydperk
1 516	1 508	710	804	388

'n Provinsiale drie jaar SBL-opleidingsraamwerk met gedifferensieerde opleidingsbenaderings is gedurende 2014 ontwikkel. Sleutelfokusareas vir 2015 is (i) begrip oor die rol en verantwoordelikhede van SBL'e, insluitend die verskil tussen beheer en bestuur, (ii) die samestelling van SBL'e en 'n begrip van die gedragskode vir heersende SBL'e, (iii) skoolontwikkelingsbeplanning, begroting en fondsinsameling, en (iv) werwing en keuring van skoolpersoneel.

### Voeding

Die Nasionale Skoolvoedingsprogram (NSVP) het 456 520 leerders gedurende 2014/15 (438 883 in 2014) op 'n daaglikse basis van gesonde maaltye voorsien by 1 028 (1 027 in 2014) geteikende laerskole, spesiale skole en sekondêre skole. Werkswinkels is vir die NSVP-personeel gehou met betrekking tot arbeidskwessies rakende die vrywillige voedselhanteerders (VVH's) – byvoorbeeld aan-diens-beserings, gas- en brandblusseropleiding. VVH's het ook opleiding ontvang met betrekking tot voedsel- en gasveiligheid en higiëne, kosvoorbereiding en porsiegroottes. Twee-en-twintig (22) opleidingswerkswinkels oor voedselproduksie is vir 463 onderwysers, ouers en leerders gehou. Ontbyt is bedien voordat die skool begin om 7.30 en 8.00 vm. en die hoofmaal is later bedien, nie later as 12:30.

### Veilige Skole

Die Veilige Skole-program het 'n drieledige benadering: (i) Misdaadbeheer deur die belangrikste meganismes vir sekuriteit te voorsien; (ii) Program om verandering in gedrag en gesindheid te ondersteun; en (iii) Program vir heelskoolbenadering en die bou van netwerke met toepaslike agentskappe om veilige skoolomgewings te help skep.

Die WKOD bedryf 'n Veilige Skool-inbelsentrum wat gratis, vertroulike telefoniese kommunikasie verskaf aan leerders, ouers en opvoeders wat hulp, leiding of inligting benodig. Oproepers word aangemoedig om die tolvrye lyn 0800 45 46 47 te skakel met betrekking tot die volgende: noodgevalle/krisis, bendegeweld, trauma, skoolmisdaad, mishandeling en algemene navrae.

Oproepers ontvang telefoniese inligting in gevalle van krisis, en in die geval waar geen krisis betrokke is nie, word die oproepe, waar nodig, na die beradingsagentskappe van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement, nie-regeringsagentskappe en gemeenskapsgebaseerde organisasies verwys. Die Veilige Skole-inbelsentrum het meer as 14 000 oproepe in die 2014-kalenderjaar ontvang. 3 980 van hierdie oproepe het verdere opvolg en ondersteuning benodig. 738 van die oproepe was misdaadverwante voorvalle. 439 voorvalle van mishandeling is aangemeld, waarvan 277 oproepe berading en sielkundige ondersteuning benodig het. Sielkundige ondersteuning word ook voorsien aan werknemers deur middel van die departement se Werknemerswelstandsprogram en dien as verdere steun vir die Veilige Skole-program.

Data word regoor die provinsie deur die Inbelsentrum ingesamel en geanaliseer. Die statistieke word gebruik vir voorkoming, ingryping en reaktiewe strategieë.

Vyftig addisionele skole het belangrike sekuriteitsmeganismes gedurende 2014/15 ontvang (gemotoriseerde hekke; voetgangermoniteringshekke; alarmstelsels gekoppel aan gewapende reaksie; doringdraad en maasdraad; diefwering). Heinings by hoë-risiko-skole is herstel en vakansiesekuriteit is voorsien, waar nodig. Opleiding in beroepsgesondheid en –veiligheid, sowel as rampbestuur was aangebied, asook opleiding in die beleid oor dwelmtoetsing, en dwelmtoetsing self. Goedgekeurde toestelle vir dwelmtoetse is in hoë-risiko gevalle voorsien, tesame met deursoekings- en beslagleggingsoefeninge. Uitgesoekte skole is ook voorsien van hand-metaalverklidders. Misdaadvoorkoming in die distrik, misdaadbeheer en spesifieke projekplanne (middelmisbruik, jeugontwikkeling, konflikhantering, veiligheidsbestuur), en vennootskappe met ander staatsdepartement en NRO's is in plek.

Bo en behalwe die Veilige Skole-inbelsentrum en ondersteuning met sekuriteitsmeganismes, het die WKOD opvoedkundige programme aangebied in 2014/15 om leerders aan te moedig om betrokke te raak by positiewe aktiwiteite soos sport, kuns, drama en inligting oor toekomstige beroepe. Die programme het gefokus op houdings- of gedragsveranderinge; kreatiewe en konstruktiewe benadering tot konflikhantering; en tussenganger-opleiding. Veiligheidsveldwerkers is ingespan om skole te ondersteun met skoolveiligheidskomitees en skoolveiligheidsplanne; om ondersteunings en/of voorkomende programme vas te stel, en om op te tree as positiewe rolmodelle en mentors by skole.

Skoolveiligheidsveldwerkers volg leerders op wat stokkiesdraai en assessee leerderprobleme. Hulle bied mentorskap en afrigting aan risiko-leerders en maak seker dat leerders toegang het tot die dienste wat hulle benodig. Veiligheidsveldwerkers het die Veilige Skole-jeugklubs gefasiliteer as deel van die vakansie- en na-skool program. Hierdie projek het ten doel om positiewe houding en gedrag te versterk deur risiko-leerders te kanaliseer na toepaslike opvoedingstrukture en om vaardighede te ontwikkel om gemeenskapsprojekte te implementeer.

As deel van die Wes-Kaapse Regering se poging om antisosiale gedrag te verminder, en om alternatiewe geleenthede te skep vir die jeug, het die Departement van Kultuursake en Sport (DKSS), in samewerking met die WKOD, die MGO-program (Massa-deelname, Geleentheid en toegang en Ontwikkeling) by 181 skole regoor die agt onderwysdistrikte bekendgestel. 98 van hierdie sentrums word bedryf by laerskole. Die programme word na skool bedryf en voorsien leerders van geleenthede om sport te beoefen en om deel te neem aan verrykingsaktiwiteite. Beide die Veilige Skole en Skoolverrykingsprogramme van die WKOD het by die MGO-sentrums ingeskakel en bied 'n verskeidenheid aktiwiteite.

Ter ondersteuning van die MGO-program, het die WKOD gedurende 2014 –

1. Die registrasie van MGO-sentrums bestuur en ondersteun sodat dit kan deel wees van Skolesportligas
2. Die implementering van intra- en interskool sportligas ondersteun
3. Die gebruik van toerusting wat aan die MGO-sentrums verskaf is, gemonitor
4. Verseker dat MGO-sentrums toeganklik is vir nabygeleë skole
5. 2400 skaakstelle voorsien
6. Dit moontlik gemaak vir 18 hoërskole en 25 laerskole om meubels en toerusting aan te koop ter waarde van R16 miljoen ter ondersteuning van die aktiwiteite aangebied by die MGO-sentrums. Dit sluit sporttoerusting in, sowel as items soos dataprojektors vir leerondersteuning.

'n Ooreenkoms is aangegaan tussen die WKOD en die Departement van Kultuursake en Sport om saam te werk aan skolesport-infrastruktuurprojekte by MGO-sentrums. Dit behels onder andere die konstruksie en opknapping van skoolsale, sportvelde, skolesport toerusting en gradueerde afrigters.

'n Gedeelte van die befondsing toegeken aan MGO-sentrums was gedurende die 2014/15-boekjaar geprioritiseer vir infrastruktuurontwikkeling in die vorm van skoolsale. Die bestaande program vir die bou van skoolsale is uitgebrei. Sewe skole is deur die Archway Foundation aangewys vir beplanning en konstruksie gedurende 2014/15, en bouwerk sal in 2015/16 afgehandel word. Hulle is:

1. Manenberg Senior Sekondêr (Metro-Sentraal)
2. Robinvale Hoërskool (Metro-Noord)
3. Hillwood Laerskool (Metro-Suid)
4. Phakamisani Laerskool (Eden/Sentraal-Karoo)
5. Cavalleria Laerskool (Metro-Oos)
6. De Kruipe Sekondêre Skool (Wynlande)
7. Helderkruin Laerskool (Metro-Oos)

Bo en behalwe hierdie 7 skoolsale, het beplanning deur die Departement van Vervoer en Publieke Werke vir nog 6 skoolsale reeds in 2014/15 'n aanvang geneem. Hierdie 6 skoolsale is vir:

1. Iingcinga Zethu Sekondêre Skool (Kaapse Wynlande)
2. Nomlinganiselo Laerskool (Metro-Suid)
3. Firgrove Laerskool (Metro-Oos)
4. Highlands Laerskool (Metro-Suid)
5. Riebeeck-Wes Laerskool (Weskus)
6. Murraysburg Laerskool (Eden/Sentraal-Karoo)

MGO-sentrumbefondsing was ook toegeken vir die opgradering van sportvelde. Bouwerk aan die Bernadino Heights Sekondêre Skool-projek het in 2014/15 'n aanvang geneem en sal gedurende die 2015/16-boekjaar voltooi word. Buurskole, Watsonia en Cavalleria Laerskole sal ook uit hierdie projek voordeel trek.

### Strategiese Doelwitte

Program 2					
Programprestasiemaatstaf	Werklike Prestasie 2013/2014	Beplande Doelwit 2014/2015	Werklike Prestasie 2014/2015	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2014/2015	Kommentaar oor afwyking
PPM201: Aantal leerders ingeskryf by openbare gewone skole	948 595	960 000	964 840	4 840	Daar is verskeie redes waarom die teiken oorskry is. Die redes is onder andere verbeterde retensiekoerse, groter aantal leerders wat nie geslaag het nie maar terugkeer het om 'n jaar te herhaal, addisionele leerders wat in die Wes-Kaap kom woon het en 'n verhoogde inskrywingsgetal vir Graad 1.



<b>Program 2</b>					
<b>Programprestasiemaatstaf</b>	<b>Werklike Prestasie 2013/2014</b>	<b>Beplande Doelwit 2014/2015</b>	<b>Werklike Prestasie 2014/2015</b>	<b>Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2014/2015</b>	<b>Kommentaar oor afwyking</b>
PPM202: Aantal opvoeders in diens by openbare gewone skole	28 265	28 364	28 946	582	Die Departement het die totale aantal opvoedersposte vir 2014/15 met 676 vermeerder. Die Departement het ook tydelike onderwysers aangestel in permanente poste in terme van Artikel 6A en 6B van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, en gevolglik was daar 'n vermindering in die aantal kontrak-onderwysers.
PPM203: Aantal nie-opvoedkundige personeel in diens by openbare gewone skole	6 007	6 356	6 115	-241	Vakante staatsdiensposte is in vakaturelys 1 van 2015 geadverteer en permanente aanstellings sal vanaf 1 April 2015 gemaak word.
PPM204: Aantal leerders in openbare gewone skole wat by die "geenfooi-skool"-beleid baat	554 523	538 600	554 523	15 923	Die gepubliseerde syfer, gebaseer op die 2014 SNAP-opname, is gebruik. Die aantal leerders in die kwalifiserende skole, het die projeksie oorskry. Die syfers is gebaseer op inskrywings, en die redes vir die oorskryding kan gekoppel word aan die bespreking onder PPM 201 (hierbo).
PPM205: Aantal leerders met toegang tot die Nasionale Skoolvoedingsprogram (NSVP)	438 883	445 000	456 520	11 520	Meer kwalifiserende leerders het ingeskryf by skole wat kwalifiseer. Die getal is baseer op inskrywings, en die redes vir die oorskryding van die doelwit kan gekoppel word aan die bespreking onder PPM 201 (hierbo).
PPM206: Aantal leerders wat kwalifiseer om te baat by skoolvervoer	50 209	50 000	52 558	2 558	Addisionele kwalifiserende leerders is gemagtig om gebruik te maak van leerdervervoer. Hierdie diens is gekoppel aan die aantal kwalifiserende leerders. Die syfer is gebaseer op inskrywings en die redes vir die oorskryding van die doelwit kan gekoppel word aan die bespreking onder PPM 201 (hierbo).
PPM207: Aantal leerders met spesiale onderwysbehoefte wat by openbare gewone skole ingeskryf is	6 319	6 150	5 794	356	Syfers is onder teiken as gevolg van voortdurende aanpassings aan die klassifikasie van leerders met spesiale behoeftes soos die nuwe siftingsidentifikasie-assessering en ondersteuningstelsel (SIAO) stelselmatig geïmplementeer word.

Program 2					
Programprestasi- aanwyser	Werklike Prestasie 2013/2014	Beplande Doelwit 2014/2015	Werklike Prestasie 2014/2015	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2014/2015	Kommentaar oor afwyking
PPA208:Aantal voldiensskole wat ondersteuning verskaf aan leerders met leerhindernisse	8	40	40	0	Doelwit bereik.

## 2.2. Prestasie-aanwysers

Program 2					
Programprestasi- aanwyser	Werklike Prestasie 2013/2014	Beplande Doelwit 2014/2015	Werklike Prestasie 2014/2015	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2014/2015	Kommentaar oor afwyking
PPA 2.1. Persentasie leerders in die skoolstelsel behou vanaf Graad 10 – 12	63%	64%	64%	0	Doelwit bereik.
PPA 2.2. Afwesigheid van opvoeders in openbare gewone skole uitgedruk as 'n %	3%	4%	3%	1%	Maatreëls is ingestel om verlof by instellings te monitor en bestuur deur middel van die Menslike Bestuurspraktykstelsel (voorheen bekend as Menslike Kapitaal-verlofbestuurstelsel).
PPA 2.3. Afwesigheid van leerders in openbare gewone skole uitgedruk as 'n %	5.96%	7%	6.02%	0.98%	Deurlopende maatreëls is ingestel.

### Strategie om areas van onderprestasie op te los

- Ontwikkel en implementeer nuwe provinsiale strategieë om taal en wiskunde te verbeter.
- Fokus op Skool- en Distriksverbeteringsplanne met spesifieke klem op Graad 1, 9 en 11.
- Gaan voort met die Hoërskoolprogram.
- Monitor die gebruik van handboeke in die klas.
- Onderneem taakgerigte opleiding vir opvoeders.
- Ondersteun finansiële bestuur van skole
- Optimaliseer die rol en impak van die provinsiale spelwysiger oor e-leer wat veranderinge soos internet toegang, slim klasse en verbeterde leergeleenthede in skole sal inbring.

- Optimaliseer en ondersteun MGO-sentrums en die na-skool provinsiale jeug-spelwysiger in vennootskap met die Departemente van Kultuur en Sport, en Maatskaplike Ontwikkeling.
- Samewerking met ander departemente en munisipaliteite om skoolveiligheid, leerder-retensie, skoolbywoning en programme vir jeugdiges in gevaar te ondersteun.

### **Veranderinge aan beplande mikpunte**

Geen

### **Koppeling van prestasie aan begrotings**

Die uitgawes wat in Program 2 aangegaan is, het bygedra tot die bereiking van die volgende belangrike uitsette vir die WKOD:

- Toename in die getal onderwysposte tot 31 357 vir 2014.
- Verskaffing van handboeke, onderwysershandleidings en kernlesers vir die implementering van KABV in die senior fase (Graad 7 – 9) en Graad 12.
- Verskaffing van Norme en Standaarde-toekennings aan openbare gewone skole.
- Verskaffing van voedsame maaltye aan behoeftige leerders.
- Uitbreiding van die geenfooi-skoolprogram.
- Handhawing van die program vir vergoeding van skoolgeldvrystelling.
- Handhawing van die Veilige Skole-program.

### **Subprogram-uitgawes**

Naam van subprogram	2014/2015			2013/2014		
	Finale begroting	Werklike uitgawe	(Oor-)/ onder-besteding	Finale begroting	Werklike uitgawe	(Oor-)/ onder-besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
2.1 Openbare laerskole	7,276,039	7,276,039	-	6,597,359	6,597,359	-
2.2 Openbare Sekondêre Skole	4,489,245	4,489,245	-	4,400,697	4,400,697	-
2.3 Menslike Hulpbronontwikkeling	76,011	76,011	-	86,695	86,695	-
2.4 Voorwaardelike toelaes	315,412	315,231	181	296,614	278,028	18,586
Totaal	12,156,707	12,156,526	181	11,381,365	11,362,779	18,586

### 4.3 Program 3: Subsidies vir Onafhanklike Skole

#### Doel

Om onafhanklike skole ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet te ondersteun.

#### Die Program vir Subsidies vir Onafhanklike Skole bestaan uit die volgende subprogramme

*Sub-program 3.1: Primêre Fase*

Om onafhanklike skole vanaf Graad 1 tot 7 te ondersteun.

*Sub-program 3.2: Sekondêre Fase*

Om onafhanklike skole vanaf Graad 8 tot 12 te ondersteun.

#### Strategiese Doelwit

<b>Strategiese Doelwit 3.1</b>	Om ingevolge tersaaklike wetgewing ondersteuning te bied aan onafhanklike skole om gehalte-onderwys vir leerders in hierdie skole te verseker
--------------------------------	---

#### Strategiese Doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande mikpunte en werklike prestasie

#### Inskrywing

Al 230 geregistreerde onafhanklike skole in die Wes-Kaap het die Jaarlike Skoolopname in 2014 voltooi. Daar was 45 634 leerders in hierdie 230 skole. 40% daarvan, of 18 024 leerders, was ingeskryf by gesubsidieerde onafhanklike skole. 11 478 was ingeskryf in gesubsidieerde laerskole en 6 546 in gesubsidieerde hoërskole.

#### Toetsuitslae

Die Regulasies met Betrekking tot die Registrasie van, en Subsidies aan, Onafhanklike Skole (uitgesluit preprimêre skole) vereis dat 'n onafhanklike skool aan die Jaarlike Nasionale Assesserings en/of die WKOD sistemiese toetse moet deelneem en einde te kwalifiseer vir 'n subsidie. 74 skole het die Graad 3-toetse geskryf, 64 die Graad 6-toetse en 43 die Graad 9-toetse.

Die uitslae van gesubsidieerde en nie-gesubsidieerde onafhanklike skole word in die onderstaande tabel uiteengesit. Neem kennis dat dit nie 'n verteenwoordigende voorbeeld is nie, siende dat sommige skole verkies om deel te neem, terwyl ander se deelname verpligtend is.

<b>WKOD Sistemiese Graad 3, 6 &amp; 9 Onafhanklike Skole uitslae by deelnemende skole in 2014</b>									
Graad	Geletterdheid/Taal								
	Skole			Leerders			Slaagsyfer		
	2012	2013	2014	2012	2013	2014	2012	2013	2014
<b>Gr3 gesubsidieer</b>	46	50	46	1 222	1 381	1 416	54.9	51.7	56.0
<b>G 3 nie-gesubsidieer</b>	27	27	28	779	844	979	85.2	88.6	86.7
<b>Gr 6 gesubsidieer</b>	41	38	38	1 009	1 068	1 074	67.0	61.4	65.0
<b>Gr 6 nie-gesubsidieer</b>	22	24	25	705	807	873	95.1	91.2	92.1
<b>Gr 9 gesubsidieer</b>	30	30	27	1 229	1 333	1 155	82.3	82.7	84.6
<b>Gr 9 nie gesubsidieer</b>	17	18	16	799	787	789	95.1	96.6	97.0

WKOD Sistemiese Graad 3, 6 & 9 Onafhanklike Skole uitslae by deelnemende skole in 2014									
Graad	Geswyferdheid/Wiskunde								
	Skole			Leerders			Slaagsyfer		
	2012	2013	2014	2012	2013	2014	2012	2013	2014
<b>Gr 3 gesubsidieer</b>	46	50	46	1 222	1 381	1 416	62.8	65.8	68.6
<b>G 3 nie gesubsidieer</b>	27	27	28	779	844	979	91.7	93.6	92.5
<b>Gr 6 gesubsidieer</b>	41	38	38	1 009	1 068	1 074	47.8	50.2	50.3
<b>Gr 6 nie gesubsidieer</b>	22	24	25	705	807	873	89.1	86.7	84.3
<b>Gr 9 gesubsidieer</b>	30	30	27	1 229	1 333	1 155	26.8	26.2	31.2
<b>Gr 9 nie gesubsidieer</b>	17	18	16	799	787	789	73.4	76.1	73.8

Die uitslae van onafhanklike skole vir die Nasionale Senior Sertifikaat in 2014 was soos volg:

Wes-Kaapse NSS uitslae vir onafhanklike skole: 2014				
Geskryf	Aantal geslaag	Persentasie geslaag	Aantal met B-graad toelating	& met B-graad toelating
2353	2218	94.3%	1514	64.3%

176 leerders by 14 Wes-Kaapse skole het die eksamens geskryf wat deur die Onafhanklike Eksamenraad opgestel is.

### Onderwyserontwikkeling

In 2014 het onderwysers in onafhanklike skole verskeie kurrikulum-werkswinkels bygewoon wat deur die organisasies vir onafhanklike skole en die WKOD-distrikskantore gereël is. Die onderwysers by onafhanklike skole het ook deur die WKOD opleiding ontvang in KABV.

### Ondersteuning verskaf

Die WKOD het 151 onafhanklike skole besoek om administratiewe, kurrikulum- en institusionele bestuursondersteuning te verskaf gedurende 2014/15.

Daarbenewens, as 'n jaarlikse oefening vir hierdie doel, het 'n span van WKOD-amptenare 99 skole in Februarie 2015 besoek om die volgende te monitor:

- Nakoming van opnames – Jaarlikse Skoolopname en (ASS) en SNAP-opname (SO)
- SOBIS-registrasie
- Umalusi-akkreditasie
- Finansiële nakoming – subsidie en beskikbaarheid van ouditverslae
- Voldoendheid en gepastheid van instruksielokale
- Kurrikulum-aanbiedings
- Voldoendheid en toepaslikheid van Leer- en Onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM)
- SARO-registrasie
- Personeelomset
- Prestasiebestuurstelsels
- Personeelontwikkeling
- Leerderprestasie
- Die Jaarlikse Nasionale Assesserings (JNA's) en Graad 3, 6 en 9 WKOD sistemiese toetsuitslae

Die grootste ondersteuning wat aan onafhanklike skole verleen word, is die verskaffing van subsidies. Subsidies aan kwalifiserende onafhanklike skole is 60%, 40%, 25%, 15% of 0% van die beraamde provinsiale per kapita-besteding vir leerders (PPKBL) by openbare gewone skole. Die PPKBL vir 2014/15 was R10 915 (laerskole) en R13 183 (sekondêre skole) onderskeidelik. Gedurende 2014/15 het die WKOD subsidies betaal aan 100 skole, wat een nuwe skool ingesluit het. Betalings is betyds gemaak en in ooreenstemming met die tersaaklike wetgewing.

Die WKOD het alle gesubsidieerde onafhanklike skole aangemoedig om hul gesubsidieerde fondse aan te wend vir LOOM (60%); munisipale dienste (20%) en operasionele behoeftes (20%).

Die WKOD het klagtes vanaf die publiek en/of ouers by onafhanklike skole met betrekking tot skoolfooie, onregverdigde dissiplinêre prosesse, swak akademiese prestasie, swak bestuur en die bedryf van ongeregisteerde skole, ondersoek. 'n Vergadering wat in Februarie 2015 gehou is met skoolhoofde en eienaars van alle gesubsidieerde onafhanklike skole het onderprestasie aangespreek en beste praktyke met mekaar gedeel. Ontleding van die JNA's, Sistemiese Toetse en NSS-uitslae is ook by die vergadering voorgelê. Daar is van onderpresterende skole verwag om verbeteringsplanne met teikens vir 2015 te verskaf.

Die WKOD het met DBO en Umalusi vergader in Maart 2015 om die skakeling van die registrasie- en akkrediteringsprosesse van onafhanklike skole te bespreek. Hierdie vergadering is ook bygewoon deur strukture wat onafhanklike skole in Suid-Afrika verteenwoordig.

### **Strategiese Doelwitte**

<b>Program 3</b>					
<b>Programprestasie-maatstaf</b>	<b>Werklike Prestasie 2013/2014</b>	<b>Beplande Doelwit 2014/2015</b>	<b>Werklike Prestasie 2014/2015</b>	<b>Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir</b>	<b>Kommentaar oor afwyking</b>
PPM301: Aantal gesubsidieerde leerders in onafhanklike skole	18 502	18 600	18 024	576	Inskrywings by onafhanklike skole berus op ouerlike besluitneming en nie iets waaroor die WKOD enigsins bestuursbeheer het nie. Een onafhanklike skool is gesluit in die oorsigtydperk.

### **Strategie om areas van onderprestasie op te los**

- Voorsien toegewyde en toenemende ondersteuning aan die onafhanklike skole wat minder as die NSS provinsiale slaagsyfer behaal het
- Ondersteun alle nuwe onafhanklike skole en sodaniges wat onder die optimale vlak bedryf word.
- Monitor alle navrae of klagtes oor die implementering van regulasies.

### **Veranderinge aan beplande mikpunte**

Geen

### **Koppeling van prestasie aan begrotings**

Die uitgawes aangegaan in Program 3 het bygedra tot die bereiking van die volgende belangrike uitset vir die WKOD:

- Verskaffing van subsidies aan onafhanklike skole wat gehalte-onderwys aan behoeftige kinders voorsien

### **Subprogram uitgawes**

Naam van Subprogram	2014/2015			2013/2014		
	Finale Begroting	Werklike Uitgawes	(Oor-)/Onder-besteding	Finale Begroting	Werklike Uitgawes	(Oor-)/Onder-besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
3.1 Primêre Fase	49,358	49,358	-	47,329	47,329	-
3.2 Sekondêre Fase	40,487	40,487	-	37,319	37,319	-
Totaal	89,845	89,845	-	84,648	84,648	-



#### 4.4 Program 4: Openbare Spesiale Skoolonderwys

##### Doel:

Om verpligte openbare onderwys in spesiale skole te voorsien ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet en Witskrif 6 oor inklusiewe onderwys.

##### Die Openbare Spesiale Skoolonderwys-program bestaan uit die volgende subprogramme<sup>10</sup>:

###### *Sub-program 4.1: Skole*

Om spesifieke openbare spesiale skole van hulpbronne te voorsien.

###### *Sub-program 4.2: Menslike Hulpbronontwikkeling*

Om departementele dienste te voorsien vir professionele en ander ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoedkundiges in openbare spesiale skole.

###### *Sub-program 4.3: Voorwaardelike Toelaes*

Om voorsiening te maak vir projekte onder program 4 wat deur die Departement van Basiese Onderwys gespesifiseer word en deur voorwaardelike toelaes befonds word.

##### Strategiese Doelwit

<b>Strategiese Doelwit 4.1.</b>	Om suksesvolle akademiese en sosiale deelname van alle leerders in die kultuur en kurrikulum van onderwysinstellings te maksimaliseer, en om leerhindernisse te minimaliseer (Onderwys Witskrif 6)
---------------------------------	--

##### **Strategiese Doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande mikpunte en werklike prestasie**

##### Inskrywing

In 2014 het die WKOD 72 spesiale skole bedryf wat 18 571 leerders met spesiale behoeftes geakkommodeer het. Van hierdie skole, is 18 vaardigheidskole en 4 is hospitaalskole.

##### Toetsuitslae vir spesiale skole

In 2014 het 135 kandidate van 10 spesiale skole die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen afgelê, met 'n algehele slaagsyfer van 96%. 28% van die geslaagdes het gekwalifiseer vir toelating tot B-graad studies.

310 leerders in 17 skole het die Jaarlikse Nasionale Assesserings geskryf. Die slaagsyfer van hierdie leerders was 77%.

##### Onderwyserontwikkeling

Die Departement van Basiese Onderwys het 2013 vasgestel as die Jaar van Inklusie ten einde voor te berei vir die uitbreiding van inklusiewe onderwys in komende jare.

<sup>10</sup> Skolesport, kultuur en mediadienste is nie ingesluit as 'n subprogram nie, aangesien hierdie funksie in die Wes-Kaap onder die Departement van Kuns, Kultuur en Sport ressorteer.

In 2014 het die WKOD begin met 'n Menslike Hulpbronontwikkelingsprogram ter ondersteuning van die uitbreiding van Inklusiewe Onderwys. Die program het begin met die toegekende voldiens/inklusiewe skole, toegewysde spesiale skool hulpbronsentrums en spesiale ondersteuningspersoneel. Die fokus van die opleiding was die Inklusiewe Onderwysbeleid en riglyn-dokumente, Witskrif 6 en die *Riglyne vir Voldiens Inklusiewe Skole, Spesiale Skool/Hulpbronsentrums en Leerderdiversiteit in KABV*. Die toegekende voldiens/inklusiewe skole was ook opgelei in die model van Sorg en Ondersteuning van Onderrig en Leer.

In 2015 het die vlagskip voldiens/inklusiewe skole werkswinkels aangebied in goeie praktyk van Inklusiewe Onderwys. Die onderwerpe van die werkswinkels was onder andere, "Inklusiewe Onderwys Teen Geen Koste" en "Digitale Toestelle vir Inklusie". Hulpbronsentrums by spesiale skole het werkswinkels in hul kundigheidsgebied aangebied, bv. Spesifieke Leergestremdheid, Fonologiese Bewustheid, Alternatiewe Assessering.

Die Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT) kurrikulum was in al vyf WKOD spesiale skole vir gehoorgestremdes wat SAGT gebruik geïmplementeer in 2014. Gedurende Oktober 2014 is alle SAGT-onderwysers en onderwys-assistente opgelei by die Departement van Basiese Onderwys. Deurlopende opleiding op die perseel is by al vyf skole verskaf, sowel as opleiding wat in Januarie 2015 begin het by Hoër Onderwys instellings.

Opleiding van VKO-studente in Suid-Afrikaanse Gebaretaal was in 2015 mee begin by vyf VOO-kolleges in die Wes-Kaap.

Die twee Skole vir Blindes in die Wes-Kaap het tegnologie ontvang vir leerders vanaf Graad 4 tot 12 om toegang tot braille LOOM moontlik te maak teen die einde van 2013. Leerders en onderwysers by beide skole vir Blindes, Athlone en Pionier, het tegnologie-opleiding in die Apex Braille skootrekenaar ontvang gedurende 2014. 'n Blinde fasiliteerder ondersteun leerders in die klaskamer by elk van hierdie skole.

'n Werkswinkel met betrekking tot Outisme Spektrum Versteuring (OSV) was gehou vir gespesialiseerde dienspersoneel by die distrikte en kringe, sowel as in-diepte opleiding in die identifisering, begrip van, en toetsing vir Outisme Spektrum Versteuring was verskaf aan verteenwoordigers van skole met OSV-leerders en ouers gedurende 2015.

Opleiding vir onderwysers in gewone skole om verskeie spesiale behoeftes/leerhindernisse/leeragterstande te identifiseer en aan te spreek, is gedurende 2014/15 verskaf deur die Gespesialiseerde Ondersteuningsdienspersoneel by distrikskantore en by KOLI. Dit het opleiding ingesluit vir taal- en wiskunde-ingrypings vir onderwysers, met die klem op Graad R en Graad 1. Deel van die opleiding was ontwikkeling van leerders se ouditiewe en visuele perseptuele vaardighede, en die verbetering van grootmotoriese en fynmotoriese koördinasie. Al hierdie ingrypings het ten doel om leerders se taal en wiskunde te verbeter. Die inhoud van die opleiding in Sorg en Ondersteuning vir Onderwys en Leer fokus onder andere op ondersteuning van leerders wat trauma ervaar het.

Ingrypings is geïdentifiseer en opleidingskursusse ontwikkel of uitgekonnekteer om gedragsveranderinge in skole aan te spreek, bv. opleiding in Klasbestuur, die Bou van Eiewaarde, Anti-Boeliery, Herstelling van Geregtheid, Konflikbestuur, Positiewe Gedrag en die Terugeis van Skoolomgewings.

In 2014 is die Beleid oor Sifting, Identifisering, Assessering en Ondersteuning (SIAO) gepubliseer. Alle toekomstige aansoeke aan Spesiale Skole sal die ondersteuningsvlakke vereis wat op die hersiene SIAO-beleid gebaseer is. Opleiding in SIAO sal in 2015 by voldiens/inklusiewe skole en spesiale skoolhulpbronsentrums begin, en in die daaropvolgende jare sal alle skole opleiding ontvang.

### **Ondersteuning Aan gebied**

In 2014 was die fokus op die volgehoue implementering van die omvattende tienpuntplan van die WKOD ter versterking van gespesialiseerde onderwysondersteuning. Die vyf prioriteite vir 2014/2015 was:

- Menslike Hulpbronontwikkeling in Inklusiewe Onderwys
- Ontwikkeling van gewone skole om voldiens/inklusiewe skole te word
- Omskakeling van Spesiale Skole na Hulpbronsentrums vir Spesiale Skole sowel as die versterking van Spesiale Skole
- Die verhoging van die stelsel se kapasiteit om leerhindernisse aan te spreek en meer inklusief te word
- Bevordering van inter-sektorale vennootskappe om ondersteuning en inklusie te bevorder

Die Wes-Kaapse kontinuum van ondersteuning bied lae-vlak ondersteuning in openbare gewone/hoofstroom skole, matige ondersteuning in voldiens/inklusiewe skole en hoë vlakke van ondersteuning in spesiale skole. Daar is aandag geskenk aan die verdere uitbreiding van inklusiewe onderwys en die vestiging van ondersteuningstrukture wat beter toegang tot onderwys verseker vir leerders met leerhindernisse binne openbare spesiale skole en openbare gewone skole.

In 2014/15 het die WKOD hierdie plan geïmplementeer deur middel van

- (1) distrik- en kringgebaseerde ondersteuningspanne, wat sielkundiges, maatskaplike werkers, terapeute, spesiale skool- en leerondersteuningsadviseurs insluit;
- (2) versterking van 24 spesiale skole om hulpbronsentrums te word;
- (3) ondersteuning van OLSO-eenhede/hulpbronklasse by 107 openbare gewone skole;
- (4) die omskakeling van 40 openbare gewone skole na voldiens/inklusiewe skole;
- (5) die ontwikkeling van skoolgebaseerde ondersteuningspanne.

### *Ondersteuning aan Spesiale Skole*

Onderwys Witskrif 6: Die bou van 'n inklusiewe Onderwys- en Opleidingstelsel verg die kwalitatiewe verbetering van spesiale skole. Die Witskrif benadruk ook die geleidelike omskakeling van spesiale skole na hulpbronsentrums vir spesiale skole. Na omskakeling moet hierdie skole ondersteuning verleen aan naburige skole.

Die WKOD het 'n driejaar-loodsprojek voltooi vir die instelling van die Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT) as vak in Oktober 2013. De la Bat Spesiale Skool Hulpbronsentrum was die gasheer vir hierdie provinsie se Suid-Afrikaanse Gebaretaalprojek. Die ervaring wat opgedoen is, is met die ander Skole vir Dowes in die provinsies gedeel deur middel van SAGT as die Taal van Leer en Onderrig (TvLO). Die bevindinge is ook deurgegee aan die nasionale DBO se SAGT-projek. Die Leer-en-onderrig-ondersteuningsmateriaal wat vir die projek ontwikkel is, word nou by alle Skole vir Dowes in die provinsie gebruik met SAGT as die TvLO.

Alle skole in die WKOD het 'n minimum hulpbronnepak ontvang vir Graad R en die Grondslagfase, en alle SAGT-klasse het die tegnologie ontvang vir die suksesvolle inwerkingstelling van SAGT. Sommige komponente van hierdie hulpbron is ook aan die voorskoolse klasse voorsien om vroeë ontwikkeling van taal te bevorder. Dowe VKO-praktisyns is as Dowe Assistent aangestel. As gevolg van die vordering wat gemaak is met die De La Bat loodsprojek, was die WKOD in staat om SAGT in die Grondslagfase en Graad 8 gedurende 2014 te inkorporeer ter voorbereiding van die nasionale plan in 2015.

#### *Ondersteuning vir, en deur, Spesiale Skool Hulpbronsentrums*

Daar is 24 spesiale skole wat in die proses is van geleidelike omskakeling na Spesiale Skool Hulpbronsentrums. Algemene Inklusiewe Onderwys uitreikspanne gestasioneer by 16 van die Spesiale Skool Hulpbronsentrums, asook spesialisspanne by 5 van die Spesiale Skool Hulpbronsentrums het ondersteuning verskaf aan onderwysers en leerders in hoofstroomklasse gedurende 2014/15. Drie addisionele Spesiale Skole het personeel beskikbaar gestel om uitreike te doen gedurende hierdie tydperk.

Ander spesiale skole wat nie uitreikspanne het, het ook omliggende skole bygestaan deur werkwinkels en klinieke by die skole aan te bied, asook ander verwante ingrypings. Die Carel du Toit-sentrum het byvoorbeeld werkwinkels aangebied vir onderwysers wat kinders met gehoorverlies in hulle klasse het.

Gedurende 2013/14 is 'n aantal Alternatiewe en Aanvullende Kommunikasietoestelle (AAK) voorsien aan leerders wat ondersteunende toestelle benodig vir toegang tot die kurrikulum. Distriksterapeute het geskikte Spesiale Skool Hulpbronsentrums geïdentifiseer om eenhede te vestig wat oor AAK-toestelle beskik. Een AAK-sentrum is gedurende 2014 in elke distrik opgestel en dit was in Februarie 2015 bekend gestel. Hierdie sentrums sal die mees toepaslike toestelle wat 'n leerder benodig, identifiseer.

#### *Ondersteuning aan Vaardigheidskole*

Daar is 18 Vaardigheidskole en vyf spesiale skole met vaardigheidseenhede.

Vakke wat by vaardigheidskole aangebied word, is onder andere Aanvullende Gesondheidsorg, Motorhersteldienste en –onderhoud, SPUITVERF vir Motors, Kuns en Handwerk, Skoonheids- en Naeltegnologie, Basiese Sweis en Metaalwerk, Messel- en Pleisterwerk, Edusorg, Haarkappery, Gasvryheidstudies, Huishoudelike Onderhoud, Gemengde Boerdery, Naaldwerk en Kleding, Kantooradministrasie, Stoffering en Houtwerk.

Onderwysers by Vaardigheidskole het opleiding ontvang vir die nuwe vier jaar akademiese en vaardigheidskurrikulum, sowel as opleiding in kurrikulum differensiasie.

Daar is volgehoue samewerking met die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme ter ondersteuning van hul Beroepsgereedheidsprogram vir leerders wat die vierjaarprogram by 'n vaardigheidskool voltooi. Werkwinkels wat by gekose vaardigheidskole aangebied word, is by die Nasionale Raad vir Assessering en Moderering geakkrediteer.

In 2014/15 is heelskoolevalueringsbesoeke gebring aan 9 vaardigheidskole. Bo en behalwe die kriteria wat by gewone skole gebruik word, is die werk van die spesialisondersteuningsdienste ook geëvalueer. Opvolg vergaderings is met die skole gehou om die bevindinge van die HSE-verslag te bespreek.

#### *Ondersteuning vir ernstig en volslae intellektueel gestremde kinders*

Vier spanne het in 2014 op 'n rondreisende basis ondersteuning verskaf aan 47 Spesiale Sorgsentrums vir kinders met ernstig en volslae intellektuele gestremdhede. 'n Ondersteuningsprotokol is ontwikkel deur samewerking tussen die Departemente van Onderwys, Gesondheid, Maatskaplike Ontwikkeling, en Vervoer en Publieke Dienste. Die ondersteuning behels onder andere: (i) ontwikkeling van stimulasieprogramme, (ii) hulpbron materiale, (iii) aanbieding van werksinkels vir sentrumbestuurders, versorgers en ouers, (iv) tegnieke om die fisiese, opvoedkundige en maatskaplike-sosiale behoeftes van die kinders aan te spreek, en (v) assessering en verwysing van leerders wat ontoepaslik geplaas is en verwys moet word na spesiale skole.

#### *Ondersteuning aan Voldiens/Inklusiewe skole*

Een van die belangrikste strategieë in die ontwikkeling van 'n enkel, inklusiewe onderwysstelsel waarin alle leerders toegang tot ondersteuning het, is die gefaseerde omskakeling van openbare gewone skole in elke distrik/kring/kluster na voldiens/inklusiewe skole. Die eerste groep voldiensskole is voorbeelde van goeie praktyk, en sal die weg baan vir alle skole/instellings om inklusiewe instellings te word.

Veertig gewone skole is geïdentifiseer vir inkrementele omskakeling na voldiens/inklusiewe skole. Na 'n tydperk van opleiding en inlywing, is 'n ooreenkoms tussen die WKOD en die geïdentifiseerde skole aan die einde van 2014 onderteken.

Daar is 107 skole in die provinsie met "eenheidsklasse" wat addisionele gespesialiseerde ondersteuning bied. Hierdie eenheidsklasse word inkrementeel omgeskakel in "hulpbronklasse" vir leerders wat matige vlakke van ondersteuning benodig. Die klasse is ook 'n hulpmiddel vir alle onderwysers wat advies benodig, sowel as vir leerders in die skool wat leerhindernisse ervaar.

Ongeveer 2 000 leerders met lae- tot matige-intensiteit behoeftes het ondersteuning ontvang in voldiens/inklusiewe skole. Hierdie skole is voorsien van 'n voltydse leerondersteuningsonderwyser. Addisionele ondersteuning word by hierdie skole gegee deur die gespesialiseerde ondersteuningspersoneel, wat bestaan uit onder andere skoolsielkundiges, maatskaplike werkers en leerondersteuningsadviseurs en die Inklusiewe Onderwysuitreikspanne wat by afgevaardigde spesiale skole/hulpbronsentrusse gestasioneer is.

#### *Ondersteuning d.m.v interdepartementele en intersektorale vennootskappe*

Die Departement van Gesondheid en die Departement van Onderwys het saamgewerk om die Geïntegreerde Skoolgesondheidsprogram te implementeer. Die program bestaan uit onder andere aktiwiteite vir gesondheidsbevordering, leerdersifing en -assessering, bestuur van gesondheidstoestande en siekte-voorkoming.

Vier mobiele eenhede vir die doel van skoolgesondheid/welstand is deur die WKOD, WKDG en privaatsektor beskikbaar gestel vir die gesondheidsifting van Graad R- en Graad 1-leerders. Elke mobiele eenheid bevat 'n konsultasievertrek vir algemene gesondheidsifting, 'n tandheelkundige eenheid en 'n oogkundige eenheid. Gedurende 2014 is 'n totaal van 3 251 leerders deur die oogkundige gesien en 1 239 brille is voorsien; 4 092 leerders is vir gesondheidstoestande behandel en 4 285 is deur 'n tandarts behandel by die mobiele gesondheidseenhede.

Die WKOD het ook die Departement van Gesondheid bygestaan met die inentingsprogram vir die Menslike Papillomavirus, 'n inenting teen servikale kanker. Die MPV-inentingsprogram is gerig op dogters in Graad 4 wat 9 jaar en ouer is. Gedurende 2015 is die inentings gedoen in Maart en April. 'n Tweede dosis na ses maande sal gedurende September en Oktober toegedien word. Die inenting was deur skoolverpleegsters en verpleegsters by spesiale skole toegedien. Toestemmingsvorme en inligtingsblaai vir die MPV-inentings is by die skole versprei voor die inentings gedoen is.

Gereelde vergaderings is met die Departement van Gesondheid se Wes-Kaapse Rehabilitasiesentrum gehou om behulpsaam te wees met die plasing van leerders wat uit hospitale ontslaan is na ongelukke. Besprekings oor die gevalle is gehou met sielkundiges, terapeute en dokters om te besluit oor die beste opvoedkundige-opsie vir hierdie leerders.

Die WKOD het gevallebesprekings gereël met betrekking tot kinders wat uitsonderlike hoë/komplekse ondersteuningsbehoefte het, byvoorbeeld leerders wat erge gedragsuitdagings and psigiatrisiese afwykings het. Die gevalle is met die psigiaters, dokters, sielkundiges en terapeute van die Departement van Onderwys, asook die personeel van die distrikte, bespreek om aanbevelings te bepaal en te maak oor die plasing en ondersteuning van hierdie leerders wanneer hulle ontslaan word uit gespesialiseerde eenhede soos die Terapeutiese Leersentrum.

Die WKOD word verteenwoordig op die Komitee vir Oordraagbare Siektes in die provinsie. Die komitee doen verslag aan die Departement van Gesondheid oor enige aanmeldbare oordraagbare siekte wat in skole aangemeld word, en versamel inligting vir skole en distrikte oor hoe hierdie gevalle hanteer moet word.

Die gewysigde WKOD Stop Misbruik Protokol was in Oktober 2014 van stapel gestuur. Dit is van stapel gestuur en ondersteun deur die maatskaplike werkers van WKOD in samewerking en oorlegpleging met die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, die Departement van Gesondheid, die Suid-Afrikaanse Polisie, die Departement van Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling, die Nasionale Vervolgingsgesag, die Departement van die Premier en die Provinsiale Forum vir Geslagsgeregtigheid.

Die WKOD het met die Metro Polisie van die Stad Kaapstad saamgewerk om Risiko-Jeugkampe te hou vir leerders by vaardigheidsskole. Die kampe het gefokus op bendebedrywighede, dwelms, geweld, tienerswangerskappe, konfliktoplossing, kernwaardes en gesonde leefstylkeuses. Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling en die Departement van Gesondheid het die Opleidingseenheid van die Metro Polisie bygestaan met die verskillende aanbiedinge.



**Strategiese Doelwitte**

<b>Program 4</b>					
<b>Programprestasiemaatstaf</b>	<b>Werklike Prestasie 2013/2014</b>	<b>Beplande Doelwit 2014/2015</b>	<b>Werklike Prestasie 2014/2015</b>	<b>Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2014/2015</b>	<b>Kommentaar oor afwyking</b>
PPM401: Aantal leerders ingeskryf by openbare spesiale skole	19 876	18 045	18 571	526	Meer leerders as verwag is akkommodeer. Daar is meer leerders in die Grondslagfase en in die Vaardigheidskole en Vaardigheidseenhede.
PPM402: Aantal opvoeders in diens by openbare spesiale skole	1 872	1 732	1842	110	Die Departement het tans 92 opvoeders by Jeugsorgsentrums in diens wie se leerders veronderstel was om oorgeplaas te word na die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling vanaf 1 April 2013. Die saak dien tans voor die Hoërhof en al die respondente is die geleentheid gebied om betoë voor te lê op 'n datum wat nog nie bepaal is nie. Addisionele poste is toegestaan as gevolg van die hoër leerdertalle.
PPM403: Aantal professionele nie-opvoedkundige personeel in diens by openbare spesiale skole	1 003	1 100	965	-135	Vakante staatsdiensposte is geadverteer in vakaturelys 1 van 2015 en permanente aanstellings sal effektief wees vanaf 1 April 2015. 'n Natuurlike uitvloeisel hiervan was 'n afname in die aantal staatsdiens-ondersteuningspersoneel.

**Strategie om areas van onderprestasie op te los**

- Hanteer plasingbehoefte van leerders met spesiale onderwysbehoefte
- Verseker dat onderwysers in hoofstroomskole toegerus is om die leerbehoefte van alle leerders te hanteer
- Opleiding met fokus op:
  - Spesiale Skool-personeel in die verskillende kategorieë van gestremdheid
  - Vaardigheidskool-personeel met betrekking tot die kurrikulum
  - Personeel by Volskool/Inklusiewe Skole met betrekking tot identifisering en hantering van leerhindernisse
  - Personeel by Spesiale Skool Hulpbronsentrums in hul uitgebreide rolle



- Distriksgebaseerde Gespesialiseerde Ondersteuningspersoneel, insluitend sielkundiges, maatskaplike werkers, leerondersteuningsadviseurs, mediese personeel en terapeute met betrekking tot hul ondersteuningsrol regoor die Inklusiewe Onderwys kontinuum
- Skoolgebaseerde onderwysers vir leerondersteuning met betrekking tot verbetering van taal en wiskunde.
- Skoolgebaseerde ondersteuningspanne met betrekking tot hul rol in die proses van sifting, identifisering, assessering en ondersteunings (SIAO).

### **Veranderinge aan beplande mikpunte**

Geen

### **Koppeling van prestasie aan begrotings**

Die uitgawes wat in Program 4 aangegaan is, het bygedra tot die bereiking van die volgende belangrike uitsette vir die WKOD:

- Voorsiening van opvoeders en staatsdiensposte vir openbare spesiale skole
- Uitbreiding en toerus van spesiale skool hulpbronsentrums/-klasse
- Voorsiening van subsidies aan spesiale skole
- Bevordering van inklusiewe onderwys met die instelling van voldiensskole

### **Subprogramuitgawes**

Naam van Subprogram	2014/2015			2013/2014		
	Finale Begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/onder-besteding	Finale Begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/Onder-besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
4.1 Skole	923,247	923,247	-	910,287	910,287	-
4.2 Menslike Hulpbronontwikkeling	-	-	-	51	51	-
4.3 Voorwaardelike toelae	50,395	50,395	-	-	-	-
Totaal	973,642	973,642	-	910,338	910,338	-

#### 4.5 Program 5: Verdere Onderwys en Opleiding

##### Doel:

Om Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) te verskaf by openbare VOO-kolleges in ooreenstemming met die Wet op Verdere Onderwys en Opleiding.

##### Die VOO-program bestaan uit die volgende subprogramme<sup>11</sup>:

*Sub-program 5.1: Openbare Instellings*  
om hulpbronne te voorsien aan spesifieke VOO-kolleges

##### Strategiese Doelwit

<b>Strategiese Doelwit 5.1</b>	Die effektiewe ondersteuning van Uitkoms 5: 'n Vaardige en bekwame arbeidsmag ter ondersteuning van 'n inklusiewe groeirigting.
--------------------------------	---

##### **Strategiese Doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande miktelpunte en werklike prestasie**

##### Inskrywing

Gedurende 2014 het die ses Wes-Kaapse VOO-kolleges 71 712 studente in totaal ingeskryf. Van die 71 712 studente, was 56 557 in staatsbefondsde programme. Daar was 14 952 NK(B)-studente, 41 605 Verslag-191-studente, en 15 155 studente in beroepsgerigte programme. Die patroon van die inskrywings is aanduidend van die feit dat daar 'n duidelike skuif is in die rigting van Verslag-191 as gevolg van die korter tydperk van die programme. Hierdie tendens dui op 'n behoefte aan die ontwikkeling van tersaaklike NKR-vlak 5 kwalifikasies sodat die groeiende na-Graad 12-mark by Tegnieuse en Beroepsgerigte Onderwys- en Opleidingskolleges (TBOO) geakkommodeer kan word.

In totaal beplan die kolleges om 75 750 studente vir 2015 in te skryf, maar die vraag na beroepsgerigte programme mag lei tot 'n hoër inskrywingssyfer.

Die meeste kollege-kampusse het in 2014 hul maksimum kapasiteit bereik, en sal nie in staat wees om studentegetalle te vermeerder sonder uitbreiding van hul infrastruktuur nie.

##### Ontwikkeling van Dosente

In 2014/15 het die WKOD voortgegaan met ondersteuning vir die implementering van die kurrikulum deur middel van dosent-ontwikkeling en ondersteuning in die klaskamer. Die klem was op die gehalte van interne assessering, met die gevolg dat die oorgrote meerderheid van NK(B), en 'n gedeelte van Verslag 191-interne assesseringsinstrumente gestandaardiseer en geverifieer is vir voldoening aan nasionale standaarde. Die kapasiteit van dosente is verhoog, beide as gevolg van die prosesse gebruik in hierdie gehalteversekeringsoefeninge asook die tegnologie wat vir aanbidding voorsien is, byvoorbeeld slimborde. Gedurende die laaste kwartaal van die boekjaar is ongeveer 100 dosente opgelei in hersiene en nuwe NK(B)- en Verslag 191-sillabusse.

<sup>11</sup> Neem kennis dat in 2014/15 was daar slegs een subprogram gegewe die oorgang na die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding

Dosente in Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid is opgelei oor spesifieke aspekte van hul kurrikula, onderrigmetodologie en klaskamerbestuur. Kolleges het akademiese ondersteuningspersoneel aangestel wat gekonsentreer het op klaskamerbystand vir Wiskunde en Engels. Die DHOO se beleid oor bywoning en stiptelikheid, wat 'n minimum bywoningsyfer van 80% vereis om eksamen te skryf, is geïmplementeer.

Op hierdie stadium kan geen eksamenuitslae vir 2014 voorsien word nie as gevolg van die feit dat DHOO slegs die uitslae vrystel na finalisering van aanvullende eksamens. Die datum vir hierdie vrystelling is nog nie bekend nie.

### **Ondersteuning verskaf**

Finansiële ondersteuning was aan studente verskaf deur middel van die DHOO se VOO-kollegebeursskema. In 2014 is 'n totaal van R240 185 697 beursfondsgeld aan die NK(B)- en Verslag-191-studente in die Wes-Kaap toegeken.

Die toename in studentegetalte het groot druk geplaas op kollege infrastruktuur. Die WKOD het R48 790 000 toegeken aan infrastruktuurontwikkeling om die gebrek aan klaskamerruimte sowel as die broodnodige opgradering en uitbreidings by al ses kolleges te fasiliteer.

Die Wysigingswet op VOO-kolleges (3/2012) is in Mei 2012 gepromulgeer. Deur middel van hierdie wet is die oorgang van VOO-kolleges vanaf provinsiale na nasionale bevoegdheid gewettig. Aangesien al die wetgewing nog nie voltooi was om die oordrag te laat plaasvind nie, is daar egter protokol-ooreenkomste onderteken vir die sekondering van provinsiale personeel ten einde volgehoue steun aan kolleges te bied.

Die Wes-Kaapse VOO provinsiale eenheid het volgehoue steun verskaf aan kolleges se beheer- en bestuurstrukture d.m.v. die koördinerende van strategiese en operasionele beplanning en die fasilitering van nuwe kollege-aanstellings in November 2014.

Die eenheid het ook die lewering van die kurrikulum en interne assessering ondersteun. Alle eksterne eksamens gedurende 2014 is gemonitor. Die WKOD en DHOO het ook kollegeprestasie met betrekking tot inskrywings, finansiële bestuur en gehalteversekering van die assesserings gemonitor en daarvoor verslag gedoen. Sien die afdeling oor "Ontwikkeling van Lektore" hierbo.

WKOD het voortgegaan om PERSAL namens die kolleges te bestuur. Die bestuur van PERSAL behels onder andere die betaling van salarisse, lone en maatskaplike voordele aan kollegepersoneel. Ter nakoming van DHOO instruksies, is maandelikse en kwartaallikse finansiële verslae aan DHOO voorgelê, en gedetailleerde PERSAL-verslae is aan die kolleges voorgelê vir rekonsiliasie van personeeluitgawes.

WKOD-ondersteuning vir die bou van verhoudings tussen VOO-kolleges, SETA's en die industrie is opgeskerp, met die gevolg dat die aantal vakmanne wat in bedryf geplaas is, sowel as die aantal Verslag-191-studente wat in internskappe ontplooi is, aansienlik toegeneem het in 2014.

Die WKOD het finansies aan kolleges voorsien vir VRS-opleiding wat fokus op die verbetering van die leierskapskapasiteit binne VRS-strukture.

### Aangeleenthede met betrekking tot oorgang

Die TBOOK-funksie het die finale stadium bereik met die oordrag van 63% van kollegepersoneel wat deur DHOO in diens geneem is aan die einde van Maart 2015. Die provinsiale TBOO- en VOO-eenhede is oorgedra na die DHOO op 1 April 2015, en vorm huidiglik die kern van die DHOO Streekkantoor.

In 2014, het die titel van die Wet op Verdere Onderwys- en Opleidingskolleges (16/2006), soos gewysig, verander na die Wet op Verdere Onderwys en Opleiding (16/2006). Deur middel van die Wet is VOO-kolleges se naam verander na Tegniëse en Beroepsgerigte Onderwys- en Opleidingskolleges (TBOOK), en dus val kolleges en leersentrums vir volwassenes nou onder een departement. Dit maak ook voorsiening vir die vestiging van gemeenskapskolleges (GOO) sowel as die Suid-Afrikaanse Instituut vir Beroepsgerigte en Verdere Onderwys en Opleiding (SAIBVOO).

### Prestasie-aanwysers

Program 5					
Programprestasiemaatstaf	Werklike Prestasie 2013/2014	Beplande Doelwit 2014/2015	Werklike Prestasie 2014/2015	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2014/2015	Kommentaar oor afwyking
PPM 501: Aantal studente ingeskryf by NK(B)-kursusse in VOO-kolleges	16 812	17 080	14 952	- 2 128	Dit dui aan dat studente voorkeur gee aan 'n korter kursus, beter bekend as Verslag 191.
PPM 502: Aantal VOO-kollege NK(B)-studente wat volle kursusse suksesvol voltooi het	6 984	7 800	5 650	- 2 150	Hierdie is 'n gemiddeld, aangesien die finale uitslae slegs vrygestel word nadat die uitslae van die aanvullende eksamens voorsien is. Die afname in die aantal NK(B)-inskrywings (sien PPM 501 hierbo) dra by tot die verlaging van hierdie totaal.

### Strategie om areas van onderprestasie op te los

As gevolg van die implementering van die DHOO se beleid oor bywoning en stiptelikheid, was daar 'n verbetering in studente-bywoning by Wes-Kaapse kolleges in 2014. Die fokus sal nou wees op die implementering van meer effektiewe kampus- en klaskamerpraktyke. Kurrikulum-ondersteuning sal verstewig word deur huidige programfokusgroepe/ beroepsgemeenskappe te versterk deur seker te maak dat kundigheid en beste praktyk onder dosente gedeel word.

### Veranderinge aan beplande mikpunte

Geen.

### **Koppeling van prestasie aan begrotings**

Die uitgawes wat in Program 5 aangegaan is, het bygedra tot die bereiking van die volgende belangrike uitsette vir die WKOD:

- Befondsing van die personeelkoste van Verdere Onderwys- en Opleidingskolleges

### **Subprogram-uitgawes**

Naam van Subprogram	2014/2015			2013/2014		
	Finale Begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/ onder- besteding	Finale Begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/ onder- besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
5.1 Openbare Instellings	377,913	377,865	48	353,097	353,078	19
Totaal	377,913	377,865	48	353,097	353,078	19

#### 4.6 Program 6: Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes

##### Doel:

Om Basiese Volwasse Onderwys en Opleiding (BVOO) te verskaf kragtens die Wet op Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes.

##### Die BVOO-program bestaan uit die volgende subprogramme:

*Subprogram 6.1: Subsidies aan Openbare Volwasse Leersentrums*

om spesifieke openbare OOV-personele te ondersteun deur middel van subsidies

*Subprogram 6.2: Subsidies aan Privaat Volwasse Leersentrums*

om spesifieke privaat OOV-personele te ondersteun deur middel van subsidies

*Subprogram 6.3: Professionele Dienste*

om opvoeders en leerders by OOV-sentrums te voorsien van departementeel-bestuurde ondersteuningsdienste

*Subprogram 6.4: Menslike Hulpbronontwikkeling*

om voorsiening te maak vir professionele en ander ontwikkeling van bestuur, opvoeders en ondersteuningspersoneel by OOV-sentrums

##### Strategiese Doelwit

<b>Strategiese Doelwit 6.1</b>	Om ondersteuning te verskaf aan openbare OOV-sentrumbestuur en regering-strukture deur middel van beleidsontwikkeling en strategiese ingrypings wat bydra tot effektiewe onderrig in volwasse leersentrums; om onderwysers en studente by OOV-sentrums te voorsien van departementeel-bestuurde kurrikulum ondersteuningsdienste; en om voorsiening te maak vir die professionele ontwikkeling van onderwysers en nie-opvoedende personeel.
--------------------------------	---

##### Strategiese Doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande mikpunte en werklike prestasie

##### Inskrywing

In 2014/15, was daar 31 840 BOOV-leerders by 308 persele, waarvan 120 by Hoofsentrums was.

Net minder as twee-derdes hiervan (19 394) was BOOV-vlak 4-leerders. 'n Derde (11 605) was VOO-leerders en 841 leerders het kort vaardigheidsprogramme gevolg.

Verspreiding van leerders volgens vlak en graad, per distrik, was soos volg.

Distrik	Vlak 1	Vlak 2	Vlak 3	Vlak 4	Gr 10	Gr 11	Gr 12	Ander	Totaal
Kaapse Wynlande	750	564	599	2 118	20	5	2 054	215	<b>6 325</b>
Eden en Sentraal-Karoo	608	462	543	1 230	0	0	494	20	<b>3 357</b>
Metro-Sentraal	425	213	184	998	45	64	3 658	115	<b>5 702</b>
Metro-Oos	156	106	165	1 778	0	0	90	102	<b>2 397</b>
Metro-Noord	238	216	319	1 565	0	0	1 723	0	<b>4 061</b>
Metro-Suid	273	291	372	1 419	0	0	2 817	81	<b>5 253</b>
Overberg	282	289	276	1 027	0	0	505	171	<b>2 550</b>
Weskus	374	126	201	1 227	0	0	130	137	<b>2 195</b>
<b>Groototaal</b>	<b>3 106</b>	<b>2 267</b>	<b>2 659</b>	<b>11 362</b>	<b>65</b>	<b>69</b>	<b>11 471</b>	<b>841</b>	<b>31 840</b>

Die aantal persele per Distrik word in die tabel hieronder uiteengesit:

Distrik	Leerders	Openbare Sentrums		Privaat Sentrums	Totale aantal sentrums
		Hoof	Satelliet		
Kaapse Wynlande	6 325	20	46	1	67
Eden en Sentraal-Karoo	3 357	14	41	1	56
Metro-Sentraal	5 702	18	5	0	23
Metro-Oos	2 397	10	7	1	18
Metro-Noord	4 061	19	14	0	33
Metro-Suid	5 253	17	4	1	22
Overberg	2 550	10	26	0	36
Weskus	2 195	9	43	1	53
<b>Groottotaal</b>	<b>31 840</b>	<b>117</b>	<b>186</b>	<b>5</b>	<b>308</b>

In 2014 het die WKOD voortgegaan met die voorsiening van Onderwysprogramme vir Volwassenes aan werknemers van Provinsiale en Nasionale Staatsdepartemente. 555 leerders van hierdie staatsdepartemente het 20 sentrums bygewoon gedurende 2014.

Die *Kha Ri Gude* Massa Geletterdheid-veldtog wat deur die Departement van Basiese Onderwys geïmplementeer en bestuur is, is in April 2008 van stapel gestuur met die oogmerk dat 4.7 miljoen Suid-Afrikaners teen 2012 in een van die elf amptelike tale geletterd en syfervaardig sal wees. Leerders in die program word deur tutors en provinsiale koördineerders bygestaan. Leerders word geleer om in lyn met (B)OOV-vlak-1 eenheidstandaarde in hul moedertaal te lees en skryf. Hulle moet twintig assesseringsaktiwiteite (10 vir geletterdheid en 10 vir gesyferdheid) in hul Leerderassessering Portefeuljes (LAPS) voltooi. Die LAPS word deur SAKO gemodereer en geverifieer. Daar was 15 731 leerders in die Wes-Kaap gedurende 2014/15, van wie 126 blind was.

Die Jeugfokusprojek het in 2014 voortgegaan in reaksie op die leerbehoefte van leerders in openbare skole wat Graad 9 vir die tweede, derde of vierde keer herhaal, en wat drie of meer jaar ouer is as die ouderdomsnorm vir Graad 9. 'n Program is ontwikkel en befonds deur die WKOD om leerders die geleentheid te bied om in beroepsgerigte kursusse by VOO-kolleges en OOV-sentrums geplaas te word om 'n oorbruggingsprogram te voltooi wat sal lei tot die toekenning van 'n sertifikaat in Algemene Onderwys en Opleiding: NKR-vlak 1.

616 leerders is in VOO-kolleges geplaas vir die oorbruggingsprogram en 222 leerders wat die oorbruggingsprogram in 2013 voltooi het, is ingeskryf vir NKR-vlak 2-programme en vaardigheidsprogramme. 240 leerders uit die 2014-groep word deur MerSETA geborg vir 'n Groot- en Kleinhandel NKR-vlak 2 kwalifikasie in samewerking met die volgende kolleges: Boland, Northlink, Suid-Kaap en Kaapstad Kollege.

450 leerders is gedurende 2014 by OOV-sentrums geplaas as deel van die Jeugfokusprojek. Die begroting vir hierdie groep leerders was R26 miljoen (2014/2015).



## Toetsuitslae

In die Wes-Kaap is 5 259 kandidate by 109 sentrums geregistreer vir die November 2014 BOOV vlak 4-eksamens. Registrasies vir die eksamens was vanaf 88 Openbare Leersentrums vir Volwassenes, 11 Korrektiewe Dienste-instansies, en 10 privaat sentrums.

Die onderstaande tabel toon 'n stewige vermeerdering in die aantal inskrywings, wat aanduidend is van verhoogde toegang tot leergeleenthede vir volwassenes.

	2012	2013	2014
Kandidate vir een of meer leerareas	3 987	4 776	5 259
Algehele inskrywings vir leerareas	16 897	19 450	20 996

Die WKOD het 12 611 leerarea-geslaagdes gehad gedurende 2014 vergeleke met 8 463 leerarea-geslaagdes gedurende 2013 en 7 677 geslaagdes gedurende 2012. Kandidate het goed gevaar in die meeste leerareas, en die slaagsyfer van 84.3% is aansienlik beter as in die vorige twee jaar.

Aantal geskryf (Leerareas)			Aantal geslaag (Leerareas)			Slaagsyfer		
2012	2013	2014	2012	2013	2014	2012	2013	2014
12 234	13 232	14 961	7 677	8 463	12 611	62.8%	63.7%	84.3%

Die statistiek vir sommige van die leerareas met 'n groot aantal inskrywings word hieronder uiteengesit.

	Aantal geskryf			Slaagsyfer (%)		
	2012	2013	2014	2012	2013	2014
Aanvullende Gesondheidsorg	1 257	1 141	1 091	53.9	68.6	85.2
Eko- en Bestuurswetenskappe	458	451	594	60	62.8	78.3
Menslike en Sosiale Wetenskappe	193	125	708	71	86.4	76.7
Afrikaans	776	1 028	1 057	84.4	84.6	85.9
Engels	1 726	1 794	1 974	48.2	43.4	75.5
Xhosa	497	469	546	82.3	80.4	93
Lewensvaardighede	2 325	2 422	2 759	81.8	72.5	89
Wiskundige Geletterdheid en Wiskundige Wetenskap	2 300	2 682	2 728	50	55.3	77.3
Klein Medium en Groot Ondernemings	682	701	541	54.2	57.6	85.6
Reis en Toerisme	1 372	1 485	1 843	64.8	63.9	84.3
Totaal	11 586	9 876	13 841			

## Onderwyserontwikkeling

'n Tweedag-opleidingsessie vir Sentrumbestuurders en Terreinkoördineerders was deur 110 afgevaardigdes bygewoon by Boland Kollege Kampus, Stellenbosch.

## Ondersteuning Aan gebied

Kwartaallike oorsigte is in al 8 Distrikte gehou soos geskeduleer. Strategiese Beplanning: 'n Middel-van-die-jaar oorsigsessie was deur alle Distriks- en Hoofkantoorpersoneel bygewoon. Distrikgereedheidsbesoeke is in November/Desember 2014 uitgevoer, terwyl bilaterale vergaderings met VOO IBB-bestuurders gedurende Januarie 2015 gehou is met die fokus op ondersteuning aan IBB's en hul beplanning vir 2015.

Gedurende 2014 is twee provinsiale Sentrumbestuurforums gehou. Die vestiging en bedrywighede van hierdie struktuur word gelei deur die regulerende raamwerk wat in April 2012 goedgekeur is.

## Prestasie-aanwysers

Program 6					
Programprestasiemaatstaf	Werklike Prestasie 2013/2014	Beplande Doelwit 2014/2015	Werklike Prestasie 2014/2015	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir	Kommentaar oor afwyking
PPM 601: Aantal leerders ingeskryf by openbare BOOV-sentrums	33 595	21 500	31702	10 202	Die addisionele aantal inskrywings is 'n uitvloeisel van deurlopende werk oor 'n aantal jare om geleentheid te skep vir verdere studie.
PPM 602: Aantal opvoeders in diens by openbare BOOV-sentrums	904	1 400	1151	-249	Minder opvoeders is benodig aangesien hoër inskrywinggetalle beteken het dat minder onderwysers benodig word.

## Strategie om areas van onderprestasie op te los

- Bied leiding en ondersteuning aan voornemende studente
- Verseker aanstelling van toepaslik gekwalifiseerde en toegewyde onderwyseres

## Veranderinge aan beplande mikpunte

Geen

## Koppeling van prestasie aan begrotings

Die uitgawes wat in Program 6 aangegaan is, het bygedra tot die bereiking van die volgende belangrike uitsette vir die WKOD:

- Voorsiening van opvoedersposte vir Onderwys- en Opleidingsinstellings vir Volwassenes
- Voorsiening van subsidies vir Onderwys- en Opleidingsinstellings vir Volwassenes

**Subprogram uitgawes**

Naam van Subprogram	2014/2015			2013/2014		
	Finale Begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/ onder- besteding	Finale Begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/ onder- besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
6.1 Openbare Sentrums	5,408	3,432	1,976	5,006	5,006	-
6.2 Subsidies aan Private Sentrums	31,201	31,201	-	32,892	32,892	-
6.3 Professionele Dienste	-	-	-	-	-	-
6.4 Menslike Hulpbronontwikkeling	-	-	-	-	-	-
Totaal	36,609	34,633	1,976	37,898	37,898	-

#### **4.7 Program 7: Vroeëkindontwikkeling**

##### **Doel:**

Om ingevolge Witskrif 5 Vroeëkindontwikkeling (VKO) op Graad R-vlak en vroeër aan te bied.

##### **Die VKO-program bestaan uit die volgende sub-programme:**

###### *Subprogram 7.1: Graad R in Openbare Skole*

Om spesifieke openbare gewone skole te voorsien van hulpbronne benodig vir Graad R.

###### *Subprogram 7.2: Graad R in Gemeenskapsentrums*

Om spesifieke gemeenskapsentrums op Graad R-vlak te ondersteun.

###### *Subprogram 7.3: Pre-Graad R Opleiding*

Om opleiding en betaling van toelaes te voorsien aan Pre-Graad R-praktisyns.

###### *Subprogram 7.4: Menslike Hulpbronontwikkeling*

Om departementele dienste te verskaf vir die professionele en ander ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoeders by VKO-personele.

###### *Subprogram 7.5: Voorwaardelike Toelaes*

Om voorsiening te maak vir projekte onder Program 5 wat deur die Departement van Basiese Onderwys gespesifiseer word, en befonds word deur voorwaardelike toelaes.

##### **Strategiese Doelwit**

<b>Strategiese Doelwit 7.1</b>	Om spesifieke openbare gewone skole en geïdentifiseerde onafhanklike skole te voorsien van hulpbronne benodig vir Graad R, en voorwaardes vas te stel om meer skole aan te moedig om Graad R-klasse te vestig in bestaande beskikbare klaskamers of nuwe Graad R-klaskamers. Om die vlak 4, 5 and 5-opleiding van VKO-praktisyns te koördineer
--------------------------------	---

##### **Strategiese Doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande mikpunte en werklike prestasie**

##### **Inskrywing**

Die Graad R-leerderdata wat in die Jaarlikse Opname vir openbare en VKO onafhanklike skole opgeteken is, dui op 'n aansienlike toename van 6 000 Graad R-leerders tussen 2013 en 2014. Dit word toegeskryf aan groter voorsiening vir Graad R's asook bevolkingsgroei.

##### **Onderwyserontwikkeling**

Kurrikulum Assesseringsbeleidsverklaring (KABV)-opleiding is aan Graad R-praktisyns gebied wat die stelsel in 2014/15 betree het.

’n Totaal van 6 821 VKO-praktisyns het gedurende die loop van die jaar ingeskryf vir Vlak1, 4 of 5 VKO-leerlingskap programme wat by die Wes-Kaapse VKO-kolleges aangebied word.

Addisioneel was daar 420 werklose persone wat begunstigdes was van ’n Vlak 1 12-maande program vir VKO-praktisynsassistente wat deur VOO-kolleges aangebied is. 22 addisionele persone was gekontrakteer as administratiewe ondersteuningspersoneel.

### Ondersteuning Aangebied

#### Subsidies

In 2014 is die toekenning vir die Graad R-leerderssubsidies aan 977 openbare en 340 onafhanklike skole verhoog om in ooreenstemming te wees met die vereistes van die Nasionale Norme en Standaarde vir Graad R-befondsing. Befondsing is soos volg verhoog:

Kwintiel	Per leerder daaglik 2013	Per leerder daaglik 2014	Nuwe bedrag per jaar per leerder
1	R20	R24	R4,800
2	R19	R24	R4,800
3	R18	R24	R4,800
4 Geenfooi	R17	R24	R4,800
5 Geenfooi	R16	R24	R4,800
4 Skoolfonds	R17	R18	R3,600
5 Skoolfonds	R16	R17	R3,400

Die subsidie-toekenning sal weer gedurende die 2015/16 fiskale jaar hersien word.

Subsidie eisvorms word kwartaalliks aan die Hoofkantoor gestuur en dit word nagegaan voordat oordragbetalings aan skole gemaak word. Gedurende 2014/15 is 55 790 Graad R-leerders by openbare skole en 12 350 Graad R-leerders by VKO- onafhanklike skole gesubsidieer.

’n Finansiële bestuurshandleiding vir Graad R is saamgestel om Skoolbestuurspanne te ondersteun met die effektiewe en doeltreffende benutting van subsidie-toekennings. Skoolhoofde en genomineerde SBL-lede van 1 261 openbare en VKO- onafhanklike skole het die inligtingsessies bygewoon wat deur die WKOD se VKO-distriksbestuurders gefasiliteer is.

Hoofkantoor en distriksamptenare het die aanwending van subsidies by 100 openbare en VKO- onafhanklike skole gemonitor in 2014. Hierdie monitering sal in die volgende boekjaar voortduur.

Die toelae wat aan alle VKO-praktisyns betaal word, is gedurende November 2014 verhoog van R1 428 tot R1 515 per maand. Alle VKO-praktisyns wat tans in leerlingskapprogramme is, het voordeel getrek uit die verhoogde toelae. Hierdie verhoging het ’n positiewe invloed gehad op die bywoning van opleidingsklasse deur leerlinge.

*Addisionele fasiliteite en toerusting*

Een-en-vyftig Graad R-klaskamers is in 2014/15 gebou. 150 skole het befondsing ontvang vir meubels en 'n basiese hulpbron-beginstel vir VKO. Die Graad R-praktisyns in hierdie skole is opgelei in die effektiewe gebruik van die toerusting. Items in die VKO-stelle is onder andere gesyferdeheids- en geletterdheidspeletjies en legkaarte, houtblokkies, konstruksiestelle, fiksie en nie-fiksie boeke, musiekinstrumente en speelgoed met wiele.

6 821 VKO-praktisyns en assistente het opleiding bygewoon en 'n opleidingshandleiding en eerstephulpak vir hul crèche ontvang.

*Graad R by Skole vir Dowes*

Vyf Graad R-praktisyns en vyf praktisynsassistente het diens begin by die vyf Skole vir Dowes. Die doel van die aanstelling van hierdie Graad R-praktisyns was om te verseker dat Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT) in die Graad R-klasse by hierdie skole geïmplementeer word. Die skole betrokke by SAGT is Noluthando, Dominikaanse Skool vir Dowes, Mary Kihn, De La Bat en Nuwe Hoop.

**Strategiese Doelwitte:**

<b>Program 7</b>					
<b>Programprestasiemaatstaf</b>	<b>Werklike Prestasie 2013/2014</b>	<b>Beplande Doelwit 2014/2015</b>	<b>Werklike Prestasie 2014/2015</b>	<b>Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2014/2015</b>	<b>Kommentaar oor afwyking</b>
PPM701: Aantal leerders ingeskryf in Graad R by openbare skole	59 565	61 000	64 140	3 140	Die toename is heel moontlik as gevolg van 'n verskeidenheid redes: die mees prominente is bevolkingsgroei in hierdie ouderdomsgroep; addisionele leerders in die provinsie; toename in aantal klaskamers voorsien, en die gevolg van die voorspraak program.
PPM702: Aantal openbare skole wat Graad R aanbied	939	946	977	31	Daar was 'n verhoogde opname namate skole die opvoedkundige-, finansiële- en bestuursvoordele daarvan insien om Graad R op die skoolgrond te hê.
PPM 703: Aantal Graad R-praktisyns in diens in openbare gewone skole per kwartaal	n.v.t.	n.v.t.	n.v.t.	n.v.t.	n.v.t.

**Prestasie-aanwysers**

Geen

### Strategie om areas van onderprestasie op te los

- Fokus op verbeterde onderwysopleiding
- Konsentreer op ondersteuningsprogramme vir Graad R-leerders wat 'n risiko loop
- Verseker dat skole voor die aanvang van die Graad R-akademiese jaar in besit is van alle LOOM.
- Monitor die doeltreffende aanwending van Graad R-subsidies by openbare gewone skole en VKO- onafhanklike skole wat Graad R aanbied
- Verbeterde gehalte van onderrig
- Bedryf "Living Lab" in 100 skole om Taal- en Wiskunde-uitslae en die aanleer van Engels te verbeter

### Veranderinge aan beplande mikpunte

Geen

### Koppeling van prestasie aan begrotings

Die uitgawes wat in Program 7 aangegaan is, het bygedra tot die bereiking van die volgende belangrike uitsette vir die WKOD:

- Voorsiening van opvoederposte vir Graad R in openbare skole
- Uitbreiding en verbetering van subsidies vir Graad R in openbare skole en onafhanklike instellings om universele inskrywing en kwaliteit onderrig te verseker

### Subprogram uitgawes

Naam van Subprogram	2014/2015			2013/2014		
	Finale Begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/ onder-besteding	Finale Begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/ onder-besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
7.1 Graad R in Openbare Skole	329,697	329,697	-	298,673	298,673	-
7.2 Graad R in Gemeenskapsentrums	64,010	64,010	-	53,760	53,760	-
7.3 Pre-graad R-opleiding	109,327	109,327	-	105,153	105,153	-
7.4 Menslike Hulpbronontwikkeling	-	-	-	-	-	-
7.5 Voorwaardelike Toelaes	8,744	8,744	-	8,051	7,949	102
Totaal	511,778	511,778	-	465,637	465,535	102



#### 4.8 Program 8: Infrastruktuurontwikkeling

##### Doel:

Om infrastruktuurfasiliteite vir die administrasie en skole te voorsien

##### Subprogramme

Subprogram 8.1: Administrasie

Subprogram 8.2: Openbare Gewone Skole

Subprogram 8.3: Spesiale Skole

Subprogram 8.4: Vroeëkindontwikkeling

##### Strategiese Doelwit

<b>Strategiese Doelwit 8.1</b>	Om geprioritiseerde, kostedoeltreffende en effektiewe instandhouding van infrastruktuur te verseker en te verseker dat skole gebou word om by die belangrikste demografiese tendense te pas
--------------------------------	---

##### Strategiese Doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande mikpunte en werklike prestasie

Besonderhede word onder punt 6.8 verskaf. "Kapitale belegging, instandhouding en batebestuursplan". 'n Opsomming word hieronder verskaf.

##### Bouprojekte gedurende 2014/15 voltooi

###### Nuwe skole

- Twee nuwe skole is voltooi en oorhandig gedurende 2014/15, naamlik Brackenfell Hoërskool (Proteahooft Akademies) en Laerskool Wellington (Laerskool Van Wyksvlei);
- Twee mobiele skole is voltooi vir gebruik gedurende 2014/15, naamlik Nomzamo Laerskool en Nomzamo Hoërskool.

###### Vervangingskole (vervanging van skole gebou van onvanpaste materiaal)

- Die volgende vervangingskole is gedurende 2014/15 uit WKOD-befondsing voltooi: Wes-Eind Laerskool, Laerskool Buck-road, Hazendal Laerskool and Laerskool Touwsranten.
- Die volgende vervangingskole is gedurende 2014/15 voltooi as deel van die Versnelde Skoolinfrastruktuur-ontwikkelingsinisiatief (ASIDI) se kapitale infrastruktuurprojekte wat deur die Departement van Basiese Onderwys befonds is: Heideveld Laerskool, Kensington Sekondêre Skool, Knysna Sekondêre Skool, Portia Laerskool and Sophumelela Sekondêre Skool.

###### Addisionele klaskamers

- Uitbreidingsklaskamers: Geen uitbreidingsklaskamers is aan bestaande skole aangebou gedurende 2014/15 nie.
- Graad R-klaskamers: 51 klaskamers is voltooi gedurende 2014/15. Al hierdie klaskamers is vanaf òf die 2012/13 òf die 2013/14 projektelys. Geen van die 14 klaskamers wat as teikens gestel is vanaf die 2014/15 projektelys was gedurende 2014/15 voltooi nie.
- Mobiele eenhede verskaf: 145 klaskamers.

Die infrastruktuur wat geskeduleer was vir voltooiing gedurende 2014/15 word hieronder uiteengesit, tesame met die werklike leweringsbedrae.

Kategorie	Geteiken	Werklike aantal
Nuwe Skole	3	2
Vervangingskole (insluitend ASIDI)	Geen teiken	9
Graad R-klaskamers	14 klaskamers	0 van die geskeduleerde klaskamers, maar 51 klaskamers (oorgedra van vorige jare)
Opgradeer en aanbouing	Geen teiken gestel	0
Uitbreidingsklaskamers	Geen teiken gestel	0 klaskamers
Mobiele klaskamers	Geen teiken gestel	145 klaskamers

**Strategiese Doelwitte:**

Program 8						
Programprestasiemaatstaf	Werklike Prestasie 2013/2014	Beplande Doelwit 2014/2015	Werklike Prestasie 2014/2015	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2014/2015	Kommentaar oor afwyking	
PPM801: Aantal openbare gewone skole om van watertoevoer voorsien te word	0	0	0	0	Geen	
PPM802: Aantal openbare gewone skole om van kragtoevoer voorsien te word	0	0	0	0	Geen	
PPM803: Aantal openbare gewone skole om van sanitasie-geriewe voorsien te word	0	0	0	0	Geen	
PPM804: Aantal klaskamers om gebou te word by openbare gewone skole	265	85	253	168	Die 3 skole wat as teikens gestel was vir voltooiing gedurende 2014/15, was Brackenfell Hoërskool, Masakhane Laerskool en Vuyiseka Hoërskool. Brackenfell Hoërskool was voltooi, tesame met Laerskool Wellington (gestel as teiken vir 2015/16) en voor skedule voltooi. Dus was 57 van die 85 klaskamers in nuwe skole gebou. 51 Graad R-klaskamers wat oorgedra is van vorige jare is voltooi en 145 mobiele klaskamers is voorsien.	

<b>Program 8</b>						
<b>Programprestasi- aanwyser</b>	<b>Werklike Prestasie 2013/2014</b>	<b>Beplande Doelwit 2014/2015</b>	<b>Werklike Prestasie 2014/2015</b>	<b>Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2014/2015</b>	<b>Kommentaar oor afwyking</b>	
PPM805: Aantal spesialiskamers om gebou te word in openbare gewone skole	62	22	12	-10	Sien rede gegee by PPM 804 hierbo. Nie alle skole is op skedule voltooi nie.	

### **Prestasie-aanwysers**

Geen

### **Strategie om areas van onderprestasie op te los**

- Herlei meer fondse na instandhouding
- Gefokusde benadering tot instandhouding deur verskeidenheid van vennootskapsopsies bv. ooreenstemmende befondsing
- Hanteer onverkrygbaarheid van terreine deur koördinering tussen die WKOD, die Departement van Vervoer en Publieke Werke (DVPW) en plaaslike regeringsektore.
- Fasiliteer die oplossing van soneringsaansoeke en verwante aangeleenthede deur middel van kommunikasie tussen WKOD, DVPW (eiendomsbestuur) en die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning (DOSOB).

### **Veranderinge aan beplande mikpunte**

Geen

### **Koppeling van prestasie aan begrotings**

Die uitgawes wat in Program 8 aangegaan is, het tot die bereiking van die volgende belangrike uitsette vir die WKOD bygedra:

- Uitbreiding, verbetering en instandhouding van infrastruktuur by openbare gewone skole, spesiale skole en Graad R in openbare gewone skole.

### **Subprogram uitgawes**

<b>Naam van Subprogram</b>	<b>2014/2015</b>			<b>2013/2014</b>		
	<b>Finale Begroting</b>	<b>Werklike uitgawes</b>	<b>(Oor-)/ onder- besteding</b>	<b>Finale begroting</b>	<b>Werklike uitgawe</b>	<b>(Oor-)/ onder- besteding</b>
	<b>R'000</b>	<b>R'000</b>	<b>R'000</b>	<b>R'000</b>	<b>R'000</b>	<b>R'000</b>
8.1 Administrasie	10,338	10,338	-	9,190	9,190	-
8.2 Openbare Gewone Skole	1,399,827	1,385,886	13,941	1,161,856	1,023,222	138,634
8.3 Openbare Spesiale Skole	8,200	8,200	-	6,978	6,978	-
8.4 Vroeëkindontwikkeling	35,067	35,067	-	14,922	14,922	-
Totaal	1,453,432	1,439,491	13,941	1,192,946	1,054,312	138,634

#### 4.9 Program 9: Hulp- en Verwante Dienste

**Doel:**

Om die onderwysinstellings in die geheel van opleiding en ondersteuning te voorsien.

**Die Hulp- en Verwante Dienste-program bestaan uit die volgende subprogramme:**

*Subprogram 9.1: Betalings aan SETA*

Om MHO aan werknemers te voorsien in ooreenstemming met die Wet op Vaardigheidsontwikkeling.

*Subprogram 9.2: Professionele Dienste*

Om opvoeders en leerders in skole te voorsien van departementeel-bestuurde ondersteuningsdienste.

*Subprogram 9.3: Spesiale Projekte*

Om voorsiening te maak vir spesiale departementeel-bestuurde ingrypingsprojekte in die onderwysstelsel as 'n geheel

*Subprogram 9.4: Eksterne Eksamens*

Om voorsiening te maak vir departementeel-bestuurde eksamendienste.

*Subprogram 9.5: Voorwaardelike Toelae*

Om voorsiening te maak vir projekte soos deur die Departement van Onderwys gespesifiseer, en van toepassing op meer as een program en uit voorwaardelike toelae befonds word.

#### Strategiese Doelwit

<b>Strategiese Doelwit 9.1</b>	Om toegang tot alle eksterne eksamens te voorsien; die geloofwaardigheid van die eksamen- en assesseringsprosesse te verseker; te verseker dat alle skole eksamens en skoolgebaseerde assesserings doeltreffend bestuur; en om leer te ondersteun
--------------------------------	---

#### Strategiese Doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande mikpunte en werklike prestasie

##### Eksamens

In 2014 het die WKOD vyf belangrike eksamens afgeneem in ooreenstemming met die toepaslike beleide en regulasies. Hierdie eksamens is:

- Nasionale Senior Sertifikaat eksamens (Oktober/November);
- Nasionale Senior Sertifikaat Aanvullende eksamens (Februarie/Maart elke jaar);
- Senior Sertifikaat eksamens (Mei/Junie);
- BOOV Vlak 1-4 eksamens (Mei/Junie);
- BOOV Vlak 1-4 eksamens (Oktober/November);
- Die onderstaande tabel verskaf besonderhede oor die aantal inskrywings en diegene wat die vyf eksamens afgelê het.

Eksamen	Aantal geregistreer	Aantal wat geskryf het	Aantal sentrums
Nasionale Senior Sertifikaat eksamens (Oktober/November)	48 835	47 709	434
Nasionale Senior Sertifikaat Aanvullende eksamens (Februarie/Maart 2015)	7 128	5 558	158
Senior Sertifikaat eksamens (Mei/Junie 2014)	26 988	14 023	165
BOOV Vlak 4 eksamens (Mei/Junie 2014)	831	494	59
BOOV Vlak 4 eksamens (Oktober/November 2014)	5 259	3 981	109

Daarbenewens is die Jaarlikse Nasionale Assesserings in Graad 1 – 6 en 9 geskryf. Hierdie vraestelle word deur die Departement van Basiese Onderwys opgestel en aan provinsies verskaf vir administrasie. Die doel van die assesserings is om 'n maatstaf te verkry van die lees-, skryf- en wiskundige vaardighede van leerders in Graad 1 - 6 en Graad 9, en daardie vaardighede dop te hou en te verbeter.

Die Jaarlikse Nasionale Assesseringstoetse is geskryf van 16 tot 19 September 2014. In die Wes-Kaap het 'n totaal van 612 276 leerders die toetse geskryf, wat afgeneem is by 1 558 skole, insluitend 1 458 openbare gewone skole, 83 gesubsidieerde onafhanklike skole en 17 spesiale skole.

Die sekuriteit van eksamens is 'n baie belangrike prioriteit. Alle eksamenprosesse en –prosedures word bestuur ingevolge die nasionale beleid met betrekking tot die optrede, administrasie en bestuur van die Nasionale Senior Sertifikaat eksamen soos gepubliseer in Staatskennisgewing No. 564 in Staatskoerant No. 30048 van 6 Julie 2007 en gewysig as: Staatskennisgewings 372 en 373 in Staatskoerant, Vol.587, No. 37652 gedateer 16 Mei 2014.

Die WKOD het opleiding verskaf aan 2 116 mense tydens 18 sessies gedurende September 2014 om die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamenproses op skoolvlak te bestuur. Die toesighouding van die optrede van die Nasionale Senior Sertifikaat en BOOV Vlak 4 eksamens was uitgevoer deur 'n kombinasie van onderwysers en eksterne toesighouers. Die skoolhoof was die hoofeksamenbeampte en was ondersteun deur die ekstern-aangestelde senior toesighouer.

Ten einde die gehalte van die NSS-nasiening te verbeter, is bevoegdheidstoetse vir nasieners in elf vakke uitgevoer gedurende April tot Augustus 2014.

Skoolgebaseerde Assessering (SBA) punte vorm deel van die finale punt, soos ook die onderskeie praktiese toetse, afhangend van die reëls wat elke vak beheer. Om te verseker dat die punte geldig en betroubaar is, moet onderwysers assesseringstake aan die vakhoof op skoolvlak voorlê vir moderering. Kurrikulum-adviseurs voer deurlopende moderering van SBA op skoolvlak uit. Moderering van SBA was ook op provinsiale vlak gedoen voordat moderering deur die Departement van Basiese Onderwys en Umalusi uitgevoer is.

Skole en leerders wat goed gevaar het in die NSS eksamens het by die jaarlikse toekenningsfunksie wat op 14 Januarie 2015 gehou is, erkenning ontvang. Skooltoekennings gee erkenning aan diegene met die beste verbetering in slaagsyfer, in B-graad slaag en in individuele vakke.

Kriteria vir algehele uitnemendheid van skole is oorweeg en toekennings is dienooreenkomstig gemaak. Die kriteria was konstante getalle van die Graad 12-kandidate oor die driejaar-periode van 2012 tot 2014, 'n algehele slaagsyfer van ten minste 95% vir 2014, persentasie van kandidate met toelating tot B-graad studies, en persentasie van kandidate wat Wiskunde geslaag het met 60% en meer.

'n Nuwe toekenning vir tegniese skole het soortgelyke kriteria gebruik, maar het 'n fokus op die gemiddelde slaagsyfer van die tegniese vakke (Ingenieursgrafika en Ontwerp; Sivele Tegnologie; Elektriese Tegnologie en Meganiese Tegnologie) as kriteria bygevoeg.

Toekennings is ook gemaak aan leerders met uitstaande prestasie, beide op algehele vakrekords en op die aantal individuele vakke.

Die Senior Sertifikaat eksamens vir volwasse leerders is nou op die KABV kurrikulum gebaseer.

Die aantal eksamensentrums het oor die jare afgeneem as deel van 'n rasionaliserings-oefening wat verseker dat die hoogste standaard toegang en beheer gehandhaaf word. Alle eksamensentrums word geaudit om te verseker dat hulle voldoen aan die vereistes vir die afneem en administrasie van die eksamens.

### Strategiese Doelwitte

<b>Program 9</b>					
<b>Programprestasie- maatstaf</b>	<b>Werklike Prestasie 2013/2014</b>	<b>Beplande Doelwit 2014/2015</b>	<b>Werklike Prestasie 2014/2015</b>	<b>Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir</b>	<b>Kommentaar oor afwyking</b>
PPM 901: Aantal leerders in Graad 12 wat die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) eksamens geskryf het	47 636	48 500	47 709	-791	Die skatting was nagenoeg. Nie almal wat geregistreer het, het die eksamens geskryf nie, vir verskeie redes, byvoorbeeld siekte of swangerskap.
PPM902: Aantal kandidate wat die Nasionale Senior Sertifikaat geslaag het	40 558	43 000	39 237	-3 763	Die strenger standaard wat toegepas is in die opstel en nasien van die vraestelle het die nasionale slaagsyfer beïnvloed, asook die aantal leerders wat geslaag het.
PPM903: Aantal leerders wat geslaag het in die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) eksamen met toelating tot B-graad studies	19 477	20 400	18 524	-1 876	Die strenger standaard wat toegepas is in die opstel en nasien van die vraestelle het die nasionale slaagsyfer beïnvloed, asook die aantal leerders wat geslaag het met toelating tot B-graad studies.
PPM904: Aantal leerders wat Wiskunde in die NSS eksamen geslaag het	12 216	13 200	11 265	-1 935	Die strenger standaard wat toegepas is in die opstel en nasien van die vraestelle het die nasionale slaagsyfer beïnvloed, asook die aantal leerders wat geslaag het. Die WKOD het nie die teiken behaal nie, ten spyte van die ingrypingsprogram wat ingestel is.
PPM905: Aantal leerders wat Fisiese Wetenskap in die NSS-eksamen geslaag het	8 333	8 300	7 845	-455	Die strenger standaard wat toegepas is in die opstel en nasien van die vraestelle het die nasionale slaagsyfer beïnvloed, asook die aantal leerders wat geslaag het. Die WKOD het nie die teiken behaal nie, ten spyte van die ingrypingsprogram wat ingestel is.

<b>Program 9</b>					
<b>Programprestasiemaatstaf</b>	<b>Werklike Prestasie 2013/2014</b>	<b>Beplande Doelwit 2014/2015</b>	<b>Werklike Prestasie 2014/2015</b>	<b>Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2014/2015</b>	<b>Kommentaar oor afwyking</b>
PPM906: Aantal Graad 3 leerders wat Taal geslaag het in die Jaarlikse Nasionale Assessering (JNA)	44 660	47 550	56 243	8 693	Die JNA-eksamen vraestelle is nog nie genoegsaam gestandaardiseer sodat vooruitskattings met vertroue gemaak kan word nie. Die WKOD het steun en leiding aan skole verskaf met betrekking tot die JNA's. Daarbenewens kon afskrifte van vorige vraestelle plus ondervinding in die opstel en nasien daarvan gelei het tot 'n oorskryding van die doelwit.
PPM907: Aantal Graad 3 leerders wat Wiskunde geslaag het in die Jaarlikse Nasionale Assessering (JNA)	53 171	57 130	59 634	2 504	Die JNA-eksamen vraestelle is nog nie genoegsaam gestandaardiseer sodat vooruitskattings met vertroue gemaak kan word nie. Die WKOD het steun en leiding aan skole verskaf met betrekking tot die JNA's. Daarbenewens kon afskrifte van vorige vraestelle plus ondervinding in die opstel en nasien daarvan gelei het tot 'n oorskryding van die doelwit.
PPM908: Aantal Graad 6 leerders wat Taal geslaag het in die Jaarlikse Nasionale Assessering (JNA)	44 549	45 455	45 946	491	Die JNA-eksamen vraestelle is nog nie genoegsaam gestandaardiseer sodat vooruitskattings met vertroue gemaak kan word nie. Die WKOD het steun en leiding aan skole verskaf met betrekking tot die JNA's. Daarbenewens kon afskrifte van vorige vraestelle plus ondervinding in die opstel en nasien daarvan gelei het tot 'n oorskryding van die doelwit.
PPM909: Aantal Graad 6 leerders wat Wiskunde geslaag het in die Jaarlikse Nasionale Assessering (JNA)	27 396	28 860	36 117	7 257	Die JNA-eksamen vraestelle is nog nie genoegsaam gestandaardiseer sodat vooruitskattings met vertroue gemaak kan word nie. Die WKOD het steun en leiding aan skole verskaf met betrekking tot die JNA's. Daarbenewens kon afskrifte van vorige vraestelle plus ondervinding in die opstel en nasien daarvan gelei het tot 'n oorskryding van die doelwit.
PPM910: Aantal Graad 9 leerders wat Taal geslaag het in die Jaarlikse Nasionale Assessering (JNA)	26 175	26 565	25 317	- 1 248	Die JNA-eksamen vraestelle is nog nie genoegsaam gestandaardiseer sodat vooruitskattings met vertroue gemaak kan word nie. Prestasie op nasionale vlak in Graad 9 was laag.
PPM911: Aantal Graad 9 leerders wat Wiskunde geslaag het in die Jaarlikse Nasionale Assessering (JNA)	5 291	7 390	4 441	- 2 949	Die JNA-eksamen vraestelle is nog nie genoegsaam gestandaardiseer sodat vooruitskattings met vertroue gemaak kan word nie. Prestasie op nasionale vlak in Graad 9 was laag.



**Prestasie-aanwysers**

<b>Program 9</b>					
<b>Programprestasie-aanwyser</b>	<b>Werklike Prestasie 2013/2014</b>	<b>Beplande Doelwit 2014/2015</b>	<b>Werklike Prestasie 2014/2015</b>	<b>Afwyking van beplande teiken teenoor werklike</b>	<b>Kommentaar oor afwyking</b>
PPA 9.1: % leerders in Graad 3 wat aanvaarbare uitkomst in Taal behaal	37%	42%	42.4%	0.4%	Teiken is oorskry as gevolg van 'n program van versterking en ingryping bv. opleiding, voorbeelde, hulpbronne, teikenstelling.
PPA 9.2: % leerders in Graad 3 wat aanvaarbare uitkomst in Wiskunde behaal	55%	60%	54%	-6%	Teiken nie bereik nie ten spyte van 'n program van versterking en ingryping bv. opleiding, voorbeelde, hulpbronne, teikenstelling.
PPA 9.3: % van leerders in Graad 6 wat aanvaarbare uitkomst in Taal behaal	30%	37%	37.9%	0.9%	Teiken is oorskry as gevolg van 'n program van versterking en ingryping bv. opleiding, voorbeelde, hulpbronne, teikenstelling.
PPA 9.4: % leerders in Graad 6 wat aanvaarbare uitkomst in Wiskunde behaal	28%	33%	30.4%	- 2.6%	Teiken nie bereik nie ten spyte van 'n program van versterking en ingryping bv. opleiding, voorbeelde, hulpbronne, teikenstelling.
PPA 9.5: % leerders in Graad 9 wat aanvaarbare uitkomst in Taal behaal	48%	50%	47.6%	- 2.4%	Teiken nie bereik nie ten spyte van 'n program van versterking en ingryping bv. opleiding, voorbeelde, hulpbronne, teikenstelling.
PPA 9.6: % leerders in Graad 9 wat aanvaarbare uitkomst in Wiskunde behaal	14%	20%	14.9%	- 5.1%	Teiken nie bereik nie ten spyte van 'n program van versterking en ingryping bv. opleiding, voorbeelde, hulpbronne, teikenstelling.
PPA 9.7: Skole met 'n slaagsyfer waar <60% die Nasionale Senior Sertifikaat geslaag het	23	10	31	- 21	Die strenger standaard wat toegepas is in die opstel en nasien van die vraestelle het die nasionale slaagsyfer geaffekteer asook die aantal leerders wat geslaag het. Die slaagsyfer van kwesbare skole is dus geaffekteer en meer as die verwagte aantal skole het 'n slaagsyfer <60% ten spyte van die ingrypingsprogramme wat ingestel is.
PPI9.8: Nasionale Senior Sertifikaat slaagsyfer	85.1%	88.6%	82.2%	- 6.4%	Die strenger standaard wat toegepas is in die opstel en nasien van die vraestelle het die nasionale slaagsyfer geaffekteer asook die aantal leerders wat geslaag het
PPI9.9: % van leerders wat kwalifiseer vir B-graad studies	40.9%	42%	38.8%	- 3.2%	Die strenger standaard wat toegepas is in die opstel en nasien van die vraestelle het die nasionale slaagsyfer geaffekteer asook die aantal leerders wat geslaag het en kwalifiseer vir toelating tot B-graad studies.

### Strategie om areas van onderprestasie op te los

- Volgehoue en behoefte-gebaseerde ingrypings vir alle grade om leerderprestasie te verbeter;
- Deurlopende gebruik van inligting om ingrypings te ondersteun;
- Opleiding van skoolhoofde met betrekking tot nuwe assesseringsvereistes;
- Verbetering in die nasien van tekste;
- Voortgaan met, en uitbreiding van, die uitvoering van bevoegdheidstoetse vir nasieners.

### Veranderinge aan beplande mikpunte

Geen

### Koppeling van prestasie aan begrotings

Die uitgawes wat in Program 9 aangegaan is, het bygedra tot die bereiking van die volgende belangrike uitsette vir die WKOD:

- Aanstelling van eksamen nasieners
- Verkryging en toerus van sentrums vir eksamen nasiening
- Druk en verspreiding van eksamenvraestelle
- Implementering van die JNA toetsprogram

### Subprogram uitgawes

Naam van Subprogram	2014/2015			2013/2014		
	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/ onder-besteding	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/ onder-besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
9.1 Betalings aan SETA	6,096	6,096	-	5,811	5,811	-
9.2 Professionele Dienste	533,921	530,087	3,834	500,958	500,958	-
9.3 Eksterne Eksamens	172,851	172,851	-	137,842	137,842	-
9.4 Voorwaardelike Toelae	17,731	17,690	41	18,501	17,848	653
9.5 Spesiale projekte	29,146	29,146	-	-	-	-
Totaal	759,745	755,870	3,875	663,112	662,459	653

## 5. Oordragbetalings

### 5.1. Oordragbetalings aan openbare entiteite

Nie van toepassing

### 5.2. Oordragbetalings aan alle organisasies buiten openbare entiteite

Oordragbetalings word aan opvoedkundige instellings gemaak ingevolge die betrokke wette wat op elke sektor van toepassing is. Oordragbetalings word byvoorbeeld aan openbare gewone skole gemaak vir befondsing van norme en standaarde, soos uiteengesit in die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No 84 van 1996). Bylae 1B van die finansiële jaarstate verskaf 'n meer gedetailleerde verduideliking vir elke soort entiteit: Openbare Gewone Skole, Onafhanklike Skole, Skole vir leerders met Spesiale Onderwysbehoefte, Kolleges vir Verdere Onderwys en Opleiding, BOOV: Privaatsentrums, VKO: Graad R openbare skole: VKO Graad R Gemeenskap, VKO: Leerlingskappe.

Die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (PFMA) vereis dat onderwysinstellings oordragbetalings ontvang as voorlegging van bewys dat hulle die geld aanwend vir die bepaalde doel. Onderwysinstellings moet 'n verklaring aflê en 'n sertifikaat teken voordat die volgende oordragbetalings gemaak word. Betaling word gemaak in April en November elke jaar. Daar word ook van hulle verwag om hul geouditeerde finansiële state aan die departement voor te lê teen die einde van Junie elke jaar.

In die geval van VOO-kolleges, waar dienste gelewer is aan die WKOD, word die rol en verantwoordelikhede in 'n Memorandum van Ooreenkoms uitgestippel. Daar is gereelde verslagdoening aan die departement met betrekking tot finansiële uitgawes en vir die dienste wat voorsien is, bv. opleiding van VKO-praktisyns. Die kollege-finansies word jaarliks geouditeer deur eksterne en onafhanklike ouditeure.

Opleiding en ondersteuning op skoolvlak is deurslaggewend vir nakoming van die voorwaardes met betrekking tot oordragbetalings. Finansiële inspeksie van skole en VKO-terreine word deur die skool- korporatiewe beamptes wat by die distrikte gestasioneer is, gedoen. Hulle kontroleer of verklarings wat deur die skool gedoen word, 'n ware weerspieëling is van die uitgawes aangegaan. Die distrikte monitor skole, gebaseer op 'n kontrolerisiko-klassifikasie-indeks, d.w.s. lae tot hoë risiko. Skole word deur die distrikskantore geëvalueer voordat Artikel 21-funksies toegeken word. Die toegekende status word op 'n gereelde basis hersien.

Die onderstaande tabel toon die oordragbetalings gemaak vir die tydperk 1 April 2014 tot 31 Maart 2015.

Naam van oordragontvanger	Tipe organisasie	Doel waarvoor fondse aangewend is	Het die dept art. 38 (1)(j) van die PFMA nagekom	Bedrag oorgedra (R'000)	Bedrag deur entiteit bestee	Redes waar-om entiteit nie bedrag bestee het nie
Openbare Gewone Skole	Nie-wins-gewende organisasies	Infrastruktuur (instandhouding en opgraderings)	JA	12,768	12,768	0
		Norme en Standaarde: Addisionele groei	JA	1,757	1,757	0
		Koshuissubsidie	JA	36,312	36,312	0
		Administratiewe steun	JA	9,678	9,678	0
		Voorwaardelike toelae: Maatskaplike Sektor UOWP	JA	4,079	4,079	0

Jaarverslag vir die 2014/15-boekjaar  
 Begrotingspos 5: Onderwysdepartement  
 Provinsie van die Wes-Kaap

Naam van oordragontvanger	Tipe organisasie	Doel waarvoor fondse aangewend is	Het die dept art. 38 (1)(j) van die PFMA nagekom	Bedrag oorgedra (R'000)	Bedrag deur entiteit bestee	Redes waarom entiteit nie bedrag bestee het nie
		Norme en Standaarde	JA	752,142	752,142	0
		Voorwaardelike toelae: NSVP	JA	34,424	34,424	0
		Gr 12-toekennings	JA	1,474	1,474	0
		Vergoeding vir fooi-vrystelling	JA	44,385	44,385	0
		Jeugfokus	JA	23,815	23,815	0
		Leerdervoer	JA	39,065	39,065	0
		Litnum-toekennings	JA	1,366	1,366	0
		Privaat vervoersubsidie	JA	4,247	4,247	0
		Internet-konneksie	JA	19,592	19,592	0
		Tegniese vakke	JA	2,231	2,231	0
		Matriek eksamen-sentrums	JA	418	418	0
		Veilige Skole sekuriteit	JA	21,253	21,253	0
		Eisteddfod	JA	289	289	0
		E-onderwys telematica	JA	597	597	0
		Voorwaardelike toelae: Dinaledi / tegniese herkapitalisering	JA	1,465	1,465	0
		SBL lidmaatskap en opleiding	JA	334	334	0
		Nasionale Opleidings-toekennings en NSS VOO/AOO-opleiding	JA	2,912	2,912	0
		Opknapping van koshuise	JA	4,060	4,060	0
		Wiskunde- en Wetenskap-strategie	JA	1,000	1,000	0
		MOD-sentrums (Skoolsale en sportvelde)	JA	18,885	18,885	0
		MOD-sentrums (Toerusting)	JA	16,000	16,000	0
Subsidies vir onafhanklike skole	Instellings sonder winsbejag	Subsidie	JA	89,845	89,845	0
Openbare Spesiale Skoolonderwys	Instellings sonder winsbejag	Subsidie	JA	127,875	127,875	0
		Leerdervoer	JA	11,841	11,841	0
Verdere Onderwys en Opleiding	Instellings sonder winsbejag	Subsidie	JA	85,307	85,307	0
Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes	Instellings sonder winsbejag	Subsidie	JA	31,182	31,182	0
Vroeëkind-ontwikkeling-sentrums	Instellings sonder winsbejag	Subsidie	JA	320,941	320,941	0
		Leerdervoer	JA	434	434	0
		Voorwaardelike toelae: Maatskaplike Sektor UOWP	JA	8,190	8,190	0
		Pre-gr R toelae	JA	60,575	60,575	0

Alle bedrae waarvoor begroot is vir die tydperk 1 April 2014 tot 31 Maart 2015, is oorbetal.

Naam van oordragontvanger	Doel waarvoor fondse aangewend moes word	Bedrag begroot (R'000)	Bedrag oorgedra (R'000)	Redes waarom fondse nie oorgedra is nie
Geen	NvT	NvT	NvT	NvT

## 6. Voorwaardelike Toelaes

### 6.1. Voorwaardelike toelaes en geormerkte fondse betaal

Nie van toepassing

### 6.2. Voorwaardelike toelaes en geormerkte fondse ontvang

Al die vereistes ingevolge die Wet op die Verdeling van Inkomste, 2011, met betrekking tot Voorwaardelike Toelaes aan die WKOD is nagekom:

- Alle oordragte ontvang is in die departement se bankrekening gedeponeer;
- Fondse was bestee in ooreenstemming met die besigheidsplanne;
- Voorwaardes van die voorwaardelike toelaes, soos uiteengesit in die goedgekeur Besigheidsplanne, is nagekom.

Die algehele prestasie op die Voorwaardelike Toelaes gedurende 2014/15 is grotendeels verbeter teenoor die spandering van die vorige jaar. In 2014/15 was 99.2% van fondse spandeer, teenoor die 90.4% spandeer gedurende 2013/14.

#### Monitering

Monitering van elk van die toelae was gedoen deur middel van maandelikse verslagdoening, kontroles en terreinbesoeke deur die betrokke amptenare. Beheer en verbeterings is op 'n deurlopende basis gedoen. Die verkrygingsprosesse vir die Tegnieese Skole Herkapitalisasie-toelae en die Dinaledi-toelae is gesentraliseer en daar is aandag gegee aan elkeen om te verseker dat alle voorwaardes nagekom word en dat geen verkwiste besteding plaasvind nie, byvoorbeeld in gevalle waar items of opleiding op die programme nie deur die betrokke skole benodig was nie.

Die onderstaande tabelle toon die voorwaardelike toelaes en geormerkte fondse vir die tydperk 1 April 2014 tot 31 Maart 2015.

Voorwaardelike Toelae: Herkapitalisasie-toelae vir Tegnieese Sekondêre Skole	
Departement wat die toelae oorgedra het	Departement van Basiese Onderwys
Doel van die toelae	Herkapitalisering van Tegnieese Hoërskole
Verwagte uitsette van die toelae	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bou van nuwe werkswinkels.</li> <li>• Opknapping en herontwerp van nuwe werkswinkels.</li> <li>• Voorsien toerusting, gereedskap en masjinerie vir werkswinkels.</li> <li>• Opleiding van onderwysers in vakinhoud.</li> </ul>
Werklike uitsette behaal	Nuwe werkswinkels by Kasselsvlei SS en Kuilsrivier HTS is op 12 September 2014 en 14 Oktober 2014 onderskeidelike voltooi. Onderwyseropleiding in vakinhoud het gedurende die 2014-boekjaar plaasgevind.
Bedrag per gewysigde DORA	R12,597 miljoen
Bedrag ontvang (R'000)	R17,643 miljoen (oorrol van meer as R5,046 miljoen ingesluit)
Redes vir bedrag soos per DORA nie ontvang	NvT

Voorwaardelike Toelae: Herkapitalisasie-toelae vir Tegniese Sekondêre Skool	
Bedrag deur die departement bestee (R'000)	R17,643 miljoen
Redes waarom die entiteit nie bedrag bestee het nie	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die volle begroting was spandeer.</li> </ul>
Redes vir afwyking van prestasie	NvT
Maatreëls ingestel om prestasie te verbeter	Alle rekvisies vir 2014/15 is aan VKB voorgelê vir verkryging. 100% besteding van die 2014/15 begroting.
Moniteringsmeganisme deur die ontvangende departement	Verkrygingskettingbestuur het twee-weeklikse vergaderings gehad met Senior Bestuurders vir VOO Kurrikulum om te verseker dat tenders op dreef is. Monitering is gedoen en weeklikse verslae voorgelê.

Voorwaardelike Toelae: Onderwysinfrastruktuurtoekenning (OIT)	
Departement wat die toelae oorgedra het	Departement van Basiese Onderwys
Doel van die toelae	Die handhawing, opknapping, uitbreiding of nuwe skepping van infrastruktuur
Verwagte uitsette van die toelae	Om te verseker dat bestaande infrastruktuur in stand gehou word soos voorgeskryf deur die PFMA of om nuwe addisionele kapasiteit te skep by onderwysinstellings soos goedgekeur
Werklike uitsette behaal	Instandhouding van fasiliteite en opknapping / uitbreiding / aanbouing van verskeie eenhede / fasiliteite
Bedrag per gewysigde DORA	R882,700 miljoen
Bedrag ontvang (R'000)	R1,021,334 miljoen (oorrol van R138,634 miljoen ingesluit)
Redes vir bedrag soos per DORA nie ontvang	NvT
Bedrag deur die departement bestee (R'000)	R1,008,579 miljoen
Redes waarom die entiteit nie bedrag bestee het nie	Onbestede fondse as gevolg van vertragings op ASIDI kapitale-infrastruktuurprojekte by openbare gewone skole is gekommitteer. Vertragings is te wyte aan gemeenskapsprotesaksies by Delft-Suid asook die laat toekenning van 'n tender by Manenberg.
Redes vir afwykings van prestasie	Geen
Maatreëls ingestel om prestasie te verbeter	Maandelikse interdepartementele vergaderings met die Departement van Vervoer en Publieke Werke
Moniteringsmeganisme deur die ontvangende departement	Infrastruktuur Rapporteringsmodel (IRM) en maandelikse vorderingsverslae vanaf DVPW

Voorwaardelike Toelae: Toelae vir MIV/VIGS (Onderrig in Lewensvaardighede)	
Departement wat die toelae oorgedra het	Departement van Basiese Onderwys
Doel van die toelae	<ul style="list-style-type: none"> <li>Om Suid-Afrika se MIV en VIGS voorkomingstrategie te steun deur die kennis en gepaste besluitneming oor seksuele- en reprodutiewe gesondheid onder leerders en opvoeders te verbeter.</li> <li>Om die impak van MIV/VIGS te versag deur 'n sorgsame, ondersteunende en bemagtigende omgewing te skep vir leerders en opvoeders.</li> <li>Om die voorsiening van 'n veilige, regte-gebaseerde omgewing in skole te verseker wat vry is van diskriminasie, stigma en enige vorm van seksuele teistering of mishandeling.</li> <li>Om kinders se kwesbaarheid vir MIV/VIGS-, TB- en SOS-infeksies te verminder, met spesifieke fokus op weeskinders en kwesbare kinders.</li> </ul>

Voorwaardelike Toelae: Toelae vir MIV/VIGS (Onderrig in Lewensvaardighede)	
Verwagte uitsette van die toelae	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Leerders, opvoeders en amptenare se kennis is verbreek oor MIV, SOS'e en TB.</li> <li>• Afname in riskante seksuele gedrag onder leerders, opvoeders en amptenare.</li> <li>• Verminder struikelblokke vir retensie in skole, spesifiek met betrekking tot kwesbare kinders.</li> <li>• Vermindering van riskante seksuele gedrag onder leerders, opvoeders en amptenare.</li> <li>• Skole, distrikte en provinsies het alle MIV/VIGS Lewensvaardighede-onderdigprogram by hulle evaluerings- en rapporteringstelsel geïnkorporeer.</li> <li>• Bestuur, administrasie en ondersteuning aan distrikte en skole verleen</li> </ul>
Werklike uitsette behaal	Alle uitsette is behaal volgens sakeplan. Oorrol van R654 000 (3,8%).
Bedrag per gewysigde DORA	R17,077 miljoen
Bedrag ontvang (R'000)	R17,731 miljoen (oorrol van R0.654 miljoen ingesluit)
Redes vir bedrag soos per DORA nie ontvang	NvT
Bedrag deur departement bestee (R'000)	R17,690 miljoen
Redes waarom entiteit nie die bedrag bestee het nie	99,8% van die totale bedrag van R17 731 000 vir die 2014/15-boekjaar is bestee. 'n Bedrag van R41 020 was onbestee omdat die waarskynlike koste vir vervoer en salarisse nog nie vasgestel is nie, en is stappe geneem om konserwatief te wees eerder as oorbesteding aan te gaan.
Redes vir afwyking van prestasie	Geen
Maatreëls ingestel om prestasie te verbeter	Alle rekvisies vir die 2015/16-boekjaar is vooruit aan Verkrygingsketting-bestuur voorgelê.
Moniteringsmeganisme deur ontvangende departement	Maandelikse, sowel as kwartaallikse verslae word aan WKOD-bestuur voorgelê vir monitering en aftekening.

Voorwaardelike Toelae: Toelae vir Nasionale Skoolvoedingsprogram	
Departement wat die toelae oorgedra het	Departement van Basiese Onderwys (DBO)
Doel van die toelae	Om voedsame maaltye aan toegewysde leerders te voorsien
Verwagte uitsette van toelae	Voorsiening van voedsame maaltye aan leerders
Werklike uitsette behaal	Leerders is voorsien van voedsame maaltye
Bedrag per gewysigde DORA	R282,486 miljoen
Bedrag ontvang (R'000)	R282,486 miljoen
Redes vir bedrag soos per DORA nie ontvang	NvT
Bedrag deur die departement bestee (R'000)	R282,466 miljoen
Redes waarom die entiteit nie bedrag bestee het nie	NvT
Redes vir afwyking van prestasie	NvT
Maatreëls ingestel om prestasie te verbeter	Diensverskaffers word versoek om eise op 'n weeklikse basis in te dien en dit het dienslewering verbeter.
Moniteringsmeganisme deur ontvangende departement	Die provinsiale kantoor van die NSVP monitor uitgawes, en distriksamptenare monitor die program op 'n daaglikse basis.



Voorwaardelike Toelae: Dinaledi Skole	
Departement wat die toelae oorgedra het	Departement van Basiese Onderwys
Doel van die toelae	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Om die kwaliteit van leerderprestasie in Wiskunde, Fisiese Wetenskappe, Lewenswetenskappe en Eerste Addisionele Taal (EAT) Engels te verbeter in ooreenstemming met die Aksieplan tot 2025.</li> <li>• Om die inhoudskennis, pedagogie en didaktiese vaardighede van Wiskunde-, Fisiese Wetenskappe- en Lewenswetenskap-onderwysers te verbeter</li> </ul>
Verwagte uitsette van die toelae	<p>Onderneem 'n behoeftebepaling by elke Dinaledi skool, en waar daar 'n gebrek is, voorsien:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- apparaat en verbruiksgoedere aan skole waar 'n funksionele wetenskaplaboratorium ontbreek en ondersteun skole met die verkryging van 'n toepaslike, toegewysde fisiese struktuur waar nodig.</li> <li>- geometriese stelle en sakrekenaars</li> <li>- inligting en Kommunikasietegnologie (IKT) hardeware, sagteware, internet konneksie en 'n toegewysde fisiese struktuur</li> <li>- toegang tot toepaslike opvoedinge televisie-uitsendings</li> <li>- inhoud, didaktiese en pedagogiese programme om die doeltreffendheid van die onderwysers te verbeter</li> <li>- bestuursopleiding en/of mentorskap vir skoolhoofde en skoolbestuurspanne</li> <li>- buitemuurse, addisionele voorbereiding van Graad 8 – 12 leerders vir verbeterde prestasie en deelname aan olimpiades en verbeterde toegang tot wetenskapklubs, wetenskapuitstallings en kompetisies</li> <li>- duidelik gedefinieerde aansporing vir leerders, onderwysers en/of skole wat die ooreengekome prestasiedoelwitte bereik of oorskry</li> </ul>
Werklike uitsette behaal	Alle uitsette is bereik soos in die 2014/15 Dinaledi sakeplan uiteengesit.
Bedrag per gewysigde DORA	R10,673 miljoen
Bedrag ontvang (R'000)	R10,673 miljoen
Redes vir bedrag soos per DORA nie ontvang	NvT
Bedrag deur departement bestee (R'000)	R10,673 miljoen
Redes waarom die entiteit nie bedrag bestee het nie	Die begroting vir die 2014/15-boekjaar was ten volle spandeer.
Redes vir afwyking van prestasie	NvT
Maatreëls ingestel om prestasie te verbeter	NvT
Moniteringsmeganisme deur ontvangende departement	Alle uitsette is bereik soos in die 2014/15 Dinaledi sakeplan uiteengesit.

Voorwaardelike Toelae: UOWP Geïntegreerde Toelae vir Provinsies – Onderwys	
Departement wat die toelae oorgedra het	Publieke Werke
Doel van die toelae	Ter aansporing vir provinsiale departemente om werkskeppingsgeleenthede uit te brei deur die gebruik van arbeidsintensiewe leweringsmetodes in die volgende geïdentifiseerde fokusareas ter nakoming van die UOWP-riglyne: <ul style="list-style-type: none"> <li>• instandhouding van paaie en geboue</li> <li>• paaie wat min verkeer dra en landelike paaie</li> <li>• ander ekonomiese en maatskaplike infrastrukture</li> <li>• toerisme en kulturele industrieë</li> <li>• volhoubare land-gebaseerde bestaansmiddele</li> <li>• afvalbestuur</li> </ul>
Verwagte uitsette van die toelae	’n Groter aantal mense wat werk kry en inkomste verdien deur middel van die UOWP <ul style="list-style-type: none"> <li>• Verbeterde gemiddelde duur van werksgeleenthede wat geskep word</li> </ul>
Werklike uitsette behaal	Werkskeppingsprojekte met betrekking tot geringe instandhouding by skole in die Metro. Ingesluit is instandhouding van vloere, teëls, deure, plafonne, pype, omheining, verf en hekke sowel as verfraaiing van die gronde
Bedrag per gewysigde DORA	NvT
Bedrag ontvang (R'000)	R2,564 miljoen
Redes vir bedrag soos per DORA nie ontvang	NvT
Bedrag deur departement bestee (R'000)	R1,437 miljoen
Redes waarom die entiteit nie bedrag bestee het nie	Die Departement van Vervoer en Publieke Werke is gekonfronteer met uitdagings in verkrygingsbestuur, en was nie in staat om nuwe kontrakteurs binne die periode aan te stel nie
Redes vir afwyking van prestasie	Sien hierbo.
Maatreëls ingestel om prestasie te verbeter	Ander ondersteuning aan die Departement van Vervoer en Publieke Werke om te verseker dat kontrakteurs betyds aangestel word vir 2015/16.
Moniteringsmeganisme deur die ontvangende departement	Maandelikse en kwartaallikse verslae

Beroepspesifieke Aanpassings van Toelae vir Terapeute in die Onderwyssektor	
Departement wat die toelae oorgedra het	Basiese Onderwys
Doel van die toelae	Om die basislyn vergoedingsbegroting van die Provinsiale Onderwysdepartemente (POD's) aan te vul om hulle in staat te stel om te voldoen aan die ROAV Gesamentlike Ooreenkoms 1 van 2012.
Verwagte uitsette van die toelae	Provinsies voldoen aan die betalingsverpligtinge vir opvoeders vervat in die ROAV Gesamentlike Ooreenkoms 1 van 2012.
Werklike uitsette behaal	Die WKOD het die volle toewysing vir die BSA vir die 2014/15-boekjaar gebruik vir die oorskakeling van kantoor- en instellingsgebaseerde onderwysers wat in terme van die Wet op die Aanstelling van Onderwysers, 1998 aangestel is, en wat gekwalifiseer het om oorgeskakel te word na die BSA vir Terapeute / Beraders / Sielkundiges
Bedrag per gewysigde DORA	R50,395 miljoen
Bedrag ontvang (R'000)	R50,395 miljoen

Beroepspesifieke Aanpassings van Toelae vir Terapeute in die Onderwyssektor	
Redes vir bedrag soos per DORA nie ontvang	NvT
Bedrag deur departement bestee (R'000)	R50,395 miljoen
Redes waarom die entiteit nie bedrag bestee het nie	NvT
Redes vir afwyking van prestasie	NvT
Maatreëls ingestel om prestasie te verbeter	NvT
Moniteringsmeganisme deur die ontvangende departement	NvT

Voorwaardelike Toelae: Toelaag vir Verdere Onderwys en Opleiding	
Departement wat die toelae oorgedra het	Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO)
Doel van die toelae	Om die suksesvolle oorplasing van die TBOOK-kollege funksie na die DHOO te verseker
Verwagte uitsette van die toelae	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Betaling van personeel in diens van die kolleges</li> <li>• Oorplasing van VOO-kollege bestuurspersoneel na DHOO gefinaliseer</li> <li>• Oorplasing van nie-bestuurspersoneel na DHOO gefinaliseer</li> <li>• Oorplasing van personeel vanaf Provinsiale Departement van Onderwys na DHOO gefinaliseer</li> <li>• Posvoorsieningsmodel vir TBOOK-kolleges gefinaliseer</li> <li>• Implementering van nasionale Norme en Standaardde vir die befondsing van TBOOK-kolleges</li> <li>• Implementering van hersiene programkoste vir 2014</li> <li>• Monitor die ondersteuning van TBOOK-kolleges deur POD's</li> </ul>
Werklike uitsette behaal	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Oorplasing van TBOOK-kollege bestuurspersoneel na DHOO gefinaliseer</li> <li>• Oorplasing van nie-bestuurspersoneel na DHOO gefinaliseer</li> <li>• Oorplasing van personeel vanaf Provinsiale Departement na Onderwys na DHOO gefinaliseer</li> <li>• Implementering van die befondsingsnorme en standaardde vir TBOOK-kolleges</li> </ul>
Bedrag per gewysigde DORA	R377,913 miljoen
Bedrag ontvang (R'000)	R377,913 miljoen
Redes vir bedrag soos per DORA nie ontvang	NvT
Bedrag deur departement bestee (R'000)	R377,865 miljoen
Redes waarom die entiteit nie bedrag bestee het nie	Besparing op vergoeding
Redes vir afwyking van prestasie	Geen afwyking van provinsiale uitsetprestasie
Maatreëls ingestel om prestasie te verbeter	NvT
Moniteringsmeganisme deur die ontvangende departement	Maandelikse en kwartaallikse verslae

Voorwaardelike Toelae: UOWP Geïntegreerde Toelaag vir Provinsies – Onderwys	
Departement wat die toelae oorgedra het	Departement van Vervoer en Publieke Werke
Doel van die toelae	Om werksgeleenthede vir die jeug, vroue en gestremdes te skep in die VKO-sektor
Verwagte uitsette van die toelae	Opleiding van 420 VKO-praktisyns in die veld van Vroeëkind-ontwikkeling Opleiding van 22 voorheen werklose matrikulante as data-vasleggers
Werklike uitsette behaal	350 VKO-praktisyns is as bevoeg verklaar na die 12-maande opleidingskursus. Elke praktisyn het 'n 12-maande VKO Vlak 1 kursus by een van die ses VKO-kolleges in die provinsie bygewoon. Elke VKO-praktisyn het ook opleiding in noodhulp ontvang 22 datavasleggers het kursusse voltooi in kantoorbestuur, Microsoft Office, Menslike Hulpbronbestuur en Projekbestuur.
Bedrag per gewysigde DORA	R13,354 miljoen
Bedrag ontvang (R'000)	R13,354 miljoen
Redes vir bedrag soos per DORA nie ontvang	NvT
Bedrag deur departement bestee (R'000)	R13,193 miljoen
Redes waarom die entiteit nie bedrag bestee het nie	NvT
Redes vir afwyking van prestasie	NvT
Maatreëls ingestel om prestasie te verbeter	Kolleges word weekliks in kennis gestel van uitstaande fakture.
Moniteringsmeganisme deur die ontvangende departement	'n Eksterne diensverskaffer is gekontrakteer om die monitering en opleiding wat by kolleges aangebied word, te doen. 'n Moniteringsverslag is op lêer.

Besteding van die geormerkte en spesifieke fondse was soos volg:

Geormerkte Befondsing	Bedrag ontvang	Bedrag bestee	Onbestede fondse	Prestasie	Werklike uitsette behaal
Totaal van geormerkte fondse vir MOD-sentrums	R60 000 000	R56 099 590	R3 900 410	93%	Verskaffing van skoolsale en sportveld; fondse vir toerusting en instandhouding asook vir ge-gradueerde tutors is grootliks behaal.
Totaal van geormerkte fondse vir E-Onderwys	R53 087 000	R53 087 000	-	100%	Doelwitte van projek ten volle behaal
Totaal van geormerkte en spesifieke fondse	R113 087 000	R109 186 590	R3 900 410	97%	

## 7. Donateursfondse

### 7.1. Donateursfondse Ontvang

Die Departement het geen donateursfondse ontvang gedurende die verslagtydperk nie.

## 8. Kapitale Belegging

### 8.1. Kapitale belegging, instandhouding en batebestuursplan

#### Bouprojekte gedurende 2014/15 voltooi

##### Nuwe skole

- Twee nuwe skole is gedurende 2014/15 oorhandig, naamlik Brackenfell Hoërskool (Proteahogte Akademie) en Laerskool Wellington (Laerskool Van Wyksvlei);
- Twee mobiele skole is voltooi vir gebruik in 2014/15, naamlik Nomzamo Laerskool en Nomzamo Hoërskool.

##### Vervangingskole (vervanging van skole gebou van ontoereikende materiaal)

- Die volgende WKOD-befondsde vervangingskole is gedurende 2014/15 voltooi: Laerskool Wes-Eind, Laerskool Buck-road, Hazendal Laerskool en Laerskool Touwsranten.
- Die volgende DBO-befondsde vervangingskole is gedurende 2014/15 voltooi as deel van die ASIDI-program: Heideveld Primêr, Kensington Sekondêre Skool, Knysna Sekondêre Skool, Portia Laerskool en Sophumelela Sekondêre Skool.

##### Addisionele klaskamers

- Uitbreidingsklaskamers: Geen uitbreidingsklaskamers is gedurende 2014/15 aangebou by enige bestaande skool nie.
- Graad R klaskamers: 51 klaskamers is gedurende 2014/15 voltooi. Al hierdie klaskamers is of van die 2012/13 projeklys of van die 2013/14 projeklys. Geen van die 14 klaskamers wat in die 2014/15 projeklys as doelwit gestel is, was gedurende 2014/15 voltooi nie.
- Mobiele eenhede voorsien: 130 klaskamers.

Die infrastruktuur wat geskeduleer was vir lewering gedurende 2014/15, word hieronder uiteengesit, langs die werklike leweringsyfers.

Kategorie	Geteiken	Werklike aantal
Nuwe Skole	3	2
Vervangingskole (insluitend ASIDI)	Geen teiken	9
Graad R klaskamers	14 klaskamers	51 klaskamers
Opgradering en byvoeging	Geen teiken gestel	0
Uitbreidingsklaskamers	Geen teiken gestel	0 klaskamers
Mobiele klaskamers	Geen teiken gestel	145 klaskamers

Afwykinge ten opsigte van teikens word onder Program 8 bespreek met betrekking tot die Programprestasie-aanwysers. Sommige projekte was vertraag en alternatiewe reëlings moes getref word vir akkommodasie.

## **Kapitaalprojekte onder konstruksie**

### (a) Nuwe skole

Die permanente skole wat geskeduleer was vir voltooiing teen 31 Maart 2015, was Brackenfell Hoërskool, Masakhane Laerskool en Vuyiseka Hoërskool. Slegs Brackenfell Hoërskool is voltooi. Beide Masakhane Laerskool en Vuyiseka Hoërskool het vertraging ondervind as gevolg van die insolvensie en onderprestering van kontrakteurs. Beide hierdie projekte was onder besig met konstruksie en is veronderstel om gedurende 2015 voltooi te word. Wellington Laerskool was voor skedule voltooi.

### (b) Vervangingskole

Ten 31 Maart 2015 was die volgende vervangingskole wat aanvanklik geskeduleer was vir voltooiing gedurende die 2014/15-boekjaar, in verskillende stadiums van konstruksie: Itsitsa Laerskool, Laerskool Bottelary, Laerskool Garden Village, Laerskool Plantation Road, Delta Laerskool, Die Duine Laerskool, Hawston, Laerskool Kasselsvlei en Laerskool Valhalla.

Uitgawes is in ooreenstemming met die norme in die bedryf. Die implementeringsagent van die departement (Departement van Vervoer en Publieke Werke en die Projekimplementeringseenheid) hanteer alle tenderprosedures met betrekking tot nuwe geboue en projekte ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en ander reguleringsvoorskrifte.

## **Batebestuur**

### **Onroerende bates**

Die WKOD gebruik die Onderwysbestuurinligtingstelsel (OBIS) en die Skole se Register van Behoefte-inligtingstelsel (SRBIS) vir die bestuur van onroerende eiendom.

### **Belangrike roerende bates**

Wat roerende bates betref, beskik die WKOD oor 'n batebestuurseenheid wat deel uitmaak van die Voorsieningskanaaleenheid.

Alle meubels en toerusting wat deur Hoofkantoor en die onderwysdistrikskantore benodig word, word sentraal aangekoop en op 'n inventaris van roerende bates vasgelê volgens die vereistes wat deur Nasionale Tesourie voorgeskryf word.

Die volgende maatreëls is gedurende 2014/15 ingestel om 'n moderne bateregister te verseker wat rekeningkundige standaarde handhaaf en doeltreffende, deeglike en akkurate rekonsiliasie van inligting verseker:

- Jaarlikse voorraadopnames word deur die departement uitgevoer, soos voorgeskryf in die Tesourie Regulasies.
- Die affekte van inventarisse deur die verantwoordelike amptenare en sertifisering deur die Verantwoordelikebestuurders.
- Uitreiking van omsendbriewe in ooreenstemming met Hoofstuk 10 van Tesourie Regulasies.

- Verkrygingsprosedures vir bates in die Rekenpligtige Beamppte-Stelsel.
- Maandelikse rekonsiliasie van aankope op LOGIS en uitgawes op BAS.
- Handhawing van 'n bateregister bevattende al die inligting vereis in die Tesourie Regulasies.

Die meganismes wat in werking gestel is om 'n doeltreffende stelsel van identifikasie, beveiliging, monitering en rekordhouding van roerende bates te verseker, is soos volg:

- Alle bates het staafkodes ontvang, gemerk "RSA" en opgeteken in inventarisse.
- Bates is in die register vir roerende bates in alle batekategorieë aangeteken en unieke nommers (staafkodes) is toegeken.
- Verantwoordelikebestuurders word verantwoordelik gehou vir die veilige bewaring van die bates.
- Roerende bates is per koste-item en ligging in 'n inventaris aangeteken. Inventarisse is deur die kostesentrumbestuurders as korrek gesertifiseer en word by elke plek gehou.

### Skole

Die WKOD het meubels en arbeidsbesparende toestelle vir skole aangekoop. Hierdie items vorm egter nie deel van die WKOD se bateregister nie. Ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), word dit as voorraaditems van die skole beskou. Skole moet dus oor hierdie voorraaditems verslag doen in hulle jaarlikse finansiële state. Die WKOD se bateregister weerspieël slegs die voorraad van hoofkantoor en die onderwysdistrikte en hul onderskeie dienspunte.

### Planne met betrekking tot roerende bates, byvoorbeeld motorvoertuie

Die Provinsiale Departement van Vervoer en Publieke Werke (Staatsmotorvervoer) bestuur die verskaffing, onttrekking en vervanging van ou en/of beskadigde motorvoertuie van die staatsgarage (GG). Hulle formuleer ook provinsiale beleid oor die gebruik van GG-voertuie en hou 'n bateregister by op die Fleetman-stelsel. Die WKOD is verantwoordelik vir die lisensiëring, instandhouding en hervulling van brandstof vir die voertuie.

Die WKOD verseker dat die provinsiale beleid toegepas word. Daar word ook 'n register bygehou van voertuie in gebruik deur die WKOD, en voertuiggebruik word deur middel van logboeke gemonitor. Die huidige vloot voldoen tans aan die behoeftes van die WKOD.

### Instandhouding

Geskeduleerde instandhoudingsprojekte wat gedurende die oorsigtydperk onderneem is, behels:

Aantal projekte	Begroting vir 2014/15 R'000	Beraamde finale koste R'000
130	R 86 323m	R 86 323m



Die 2014 U-AMP dui die volgende aan onder die opskrif "Gebruikers se gradering van toestand"

Status van toestand	Algemene Beskrywing	Gradering
<b>Uitstekend</b>	Geen opsigtelike defekte nie. Voorkoms lyk nuut. Risiko-indeks: Geen uitwerking op diensvermoë nie. Geen risiko nie.	<b>C5</b>
<b>Goed</b>	Toon oppervlakkige verwering, geringe defekte en geringe tekens van verswakte afwerking van oppervlakte. Risiko-indeks: Afwisselende, geringe ongerief vir bedrywighede. Geringe risiko vir gesondheid en veiligheid of eiendom. Lae koste-implikasie.	<b>C4</b>
<b>Redelik</b>	In gemiddelde toestand, verswakte oppervlakte het aandag nodig; dienste werk maar het aandag nodig, agterstand bestaan in instandhoudingswerk. Risiko-indeks: Voortdurende ongerief vir bedrywighede. Mate van risiko vir gesondheid en veiligheid of eiendom. Medium koste-implikasie.	<b>C3</b>
<b>Swak</b>	Het baie verswak, met ernstige strukturele probleme. Lyk oor die algemeen sleg met verweerde beskermingslae; elemente is stukkend, dienste werk nie; aansienlike aantal groot defekte. Risiko-indeks: Groot ontwrigting op diensvermoë, hoë waarskynlikheid van risiko vir gesondheid en veiligheid of eiendom. Hoë koste-implikasie/finansiële verlies.	<b>C2</b>
<b>Baie Swak</b>	Het gefaal; nie operasioneel nie en ongepas om te okkupeer. Risiko-indeks: onbruikbaar, onmiddellike hoë risiko vir sekuriteit, gesondheid en veiligheid of eiendom. Aansienlike koste-impak.	<b>C1</b>

Driehonderd-vier-en-tagtig (384) openbare gewone skole in die Wes-Kaap is gedurende 2014 as "swak" gegradeer. Baie van hierdie "swak" skole is op privaat eiendom geleë of onvanpaste skoolstrukture ("plankie skole"). Met verloop van jare is baie min geskeduleerde instandhouding deur eienaars van gehuurde eiendom gedoen. Eienaars van eiendom voer die lae huurgeld aan as die hoofrede waarom behoorlike instandhouding nie op gehuurde skole uitgevoer kan word nie. Negehonderd-sewe-en-veertig (947) skole word as "redelik" gegradeer. 'n Groot gedeelte van hierdie skole behoort as "goed" gegradeer te word, maar die agterstand in instandhouding aan hierdie geboue het graderings beïnvloed.

Eenhonderd-ses-en-negentig (196) openbare gewone skole word as "goed" en "uitstekend" gegradeer. Die agteruitgang van WKOD-geboue word aangespreek deur middel van 'n sistematiese en beplande verhoging in die instandhoudingsbegroting en -besteding.

'n Opsomming van die syfers vir die instandhoudingstekort word hieronder uiteengesit.

Tekort in instandhouding				
Boekjaar	Batewaarde	1,5% Benodig vir instandhouding	Voorsiene begroting	Tekort
2004	10,560,000	158,400	73,719	84,681
2005	12,000,000	180,000	76,174	103,826
2006	12,000,000	180,000	90,037	89,963
2007	15,052,800	225,792	37,192	188,600
2008	15,052,800	225,792	52,363	173,429
2009	15,052,800	225,792	73,719	152,073
2010	17,357,885	260,368	102,363	158,005
2011	18,225,779	273,387	108,413	164,974
2012	18,225,779	273,387	114,725	158,662
2013	19,683,841	295,257	168,673	126,584
2014	19,769,521	296,542	191 323	105,219
Totale agterstand sedert 2004		<b>2,594,717</b>		

Daar was tot 'n mate 'n impak op die agterstand in 2014/15 as gevolg van die Breedte-Initiatief-Subprogram. Die doel van hierdie subprogram is om die voorkoms van WKOD-skole volhoubaar te verbeter. Navorsing in baie dele van die wêreld dui aan dat daar 'n positiewe skakel is tussen die fisiese omgewing waarin leerders onderrig ontvang en die leeruitkomst wat behaal word.

Infrastruktuur Projekte	2014/2015			2013/2014		
	Finale Begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/ onder- be- steding	Finale Begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/ onder- besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Nuwe en vervangingsbates	1,011,205	998,391	12,814	778,999	640,365	138,634
Bestaande infrastruktuur bates	410,573	409,446	1,127	271,012	271,012	0
Opgraderings en aanbouings	159,603	159,603	0	41,041	41,041	0
Rehabilitasie, opknapping en herstelwerk	0	0	0	7,213	7,213	0
Instandhouding en herstelwerk	250,970	249,843	1,127	225,758	225,758	0
Infrastruktuur oordrag	31,654	31,654	0	142,935	142,935	0
- Lopend	62	62	0	62,250	62,250	0
- Kapitaal	31,592	31,592	0	80,685	80,685	0
Totaal	1,453,432	1,439,491	13,941	1,192,946	1,054,312	138,634



Deel C  
**Beheer**

## 1. Inleiding

Die hoogste standaard van beheer is fundamenteel vir die bestuur van openbare finansies en hulpbronne. Staatsdepartement moet goeie strukture van beheer in plek hê om staatshulpbronne effektief, doeltreffend en ekonomies aan te wend.

Lede van die Onderwysouditkomitee is onafhanklik en word aangestel deur die Rekenpligtige Beampte in oorleg met die Uitvoerende Gesag. Die Ouditkomitee tree op in ooreenstemming met 'n goedgekeurde opdrag en vergader op 'n kwartaallikse basis om uitdrukking te gee aan sy verantwoordelikhede. Verder vergader die Ouditkomitee met die Uitvoerende Gesag en die Rekenpligtige Beampte om sake van belang te bespreek.

Interne Ouditdienste word onafhanklik aangebied deur die gedeelde Interne Ouditfunksie wat aan die Korporatiewe Dienstesentrum in die Departement van die Premier aangebied word. In ooreenstemming met die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet Nr 1 van 1999) (PFMA) en KING III, deur die interne ouditfunksie aan die Ouditkomitee en WKOD-bestuur die versekering dat die interne kontroles met betrekking tot korporatiewe beheer, risikobestuur en beheerprosesse voldoende en doeltreffend is. 'n Risiko-gebaseerde 3-jaar lopende strategiese plan en Jaarlikse Operasionele Interne Ouditplan is deur die Ouditkomitee gedurende 2014 goedgekeur. Die Ouditkomitee het die uitvoering van die operasionele plan en implementering van korrektiewe aksies deur bestuur, gemonitor.

Die Interne Beheereenheid van die WKOD voorsien leiding, advies en strategiese bestuur met betrekking tot praktyke van interne beheer.

*Elemente is:*

- Verseker behoorlike beheer. Dit behels die koördinerings- en handhawing van 'n geskikte delegasie- en beheerraamwerk. Die elemente verseker die implementering van *korrektiewe kontroles*; verseker die implementering en instandhouding van 'n geïntegreerde Verliesbeheerprogram; kwartaallikse en jaarlikse verslagdoening oor die status van die reaksie op verslae van die Forensiese Ondersoekteenheid.
- *Lewer 'n versekeringsdiens*. Dit behels die aanmelding van aangeleenthede by die Ouditkomitee, fasilitering van die eksterne en interne oudit, en bestuur van die post-ouditproses.
- *Verskaf regulatoriese-, beleids- en beheerraamwerke en taktiese raad*. Dit behels die ontwikkeling van hulpmiddels en tegnieke en die verskaffing van advies oor strategie- en beleidsdokumente.

Die benadering van gekombineerde versekering sal steeds toegepas word om effektiewelik te fokus op beperkte interne ouditprosesse in die mees toepaslike risiko-areas. Nieu samewerking tussen die Interne Beheereenheid en Interne Oudit is by hierdie benadering ingesluit.

Alle amptenare word deur middel van posbeskrywings en prestasie-ooreenkomste verantwoordelik gehou. Amptenare by hoofkantoor is verantwoordelik vir die tydige en deskundige ondersteuning aan distrikte. Skole en distrikte word verantwoordelik gehou vir ondersteuning aan skole en die prestasie van leerders.

Aanspreeklikheid op skoolvlak is sedert 2011 versterk deur middel van die Wes-Kaapse Wysigingswet op Provinsiale Skoolonderwys, Wet Nr. 7 van 2010, wat in Januarie 2011 in werking getree het.

Aanspreeklikheid is uitgebrei met die oorsigtelike rol wat deur Provinsiale en Nasionale Tesourie vervul word ten opsigte van die verpligte elemente van die beplanning- en verslagdoening-siklusse wat beide finansiële én nie-finansiële aangeleenthede dek. Verslagdoening vind op 'n maandelikse (bv. finansiële), kwartaallikse of jaarlikse grondslag plaas. Alle afdelings binne die WKOD het ooreenstemmende afdelings in die Departement van Basiese Onderwys of die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding, waardeur verslagdoening, prestasie-ontleding en vooruitskattings op 'n volgehoue grondslag gekanaliseer word. Die Departement van die Premier speel 'n oorsigtelike rol in belangrike WKOD-projekte. Voorts word beheer deur interne én eksterne ouditprosesse op kontroles uitgeoefen, wat funksionaliteit en omsigtige bestuur verseker.

Materiële aanspreeklikheid berus in die formele verhouding tussen die WKOD en UMALUSI, die nasionale gehalteversekeringsliggaam vir leeruitkomst. Die verhouding is gegrond op die interne moderering van assesseringsprosesse en die voorsiening van 'n aanvaarbare eksamenproses.

Net soos alle staatsdepartemente landwyd, het die WKOD aan 'n moniteringsinnovasie van die Presidensie deelgeneem, naamlik die assesseringshulpmiddel vir bestuursprestasie (MPAT) wat die vier gebiede van korporatiewe beheer bestudeer het, naamlik strategiese beplanning, MH, korporatiewe beheer en aanspreeklikheid, en finansiële bestuur. Die oefening was waardevol.

Heelskoolevaluering verskaf steeds waardevolle insigte, nie slegs oor die ondersteuningsbehoefte van individuele skole nie, maar ook oor sistemiese kwessies. Korter besoeke is afgelê by klein skole of dié wat optimaal funksioneer. Differensiering in die lengte van besoeke het dit moontlik gemaak dat bykomende skole besoek kon word. Skole word volgens die HSE-gradering gekodeer. Benewens die uitgebreide verslae wat aan die betrokke skole voorsien is, is die bevindinge in tendensverslae bekend gemaak.

Alle skole het aanlyn-skoolverbeteringsplanne (SVP's) voltooi, met teikens vir drie jaar, vir akademiese prestasie; bestuursdoeltreffendheid (soos leerder- en onderwyser afwesigheid en akademiese beplanning); hulpbronne en instandhouding. Die aanwysers stem ooreen met nasionale teikens en is in lyn met die nege fokusgebiede van heelskoolevaluering. Die waarde van 'n verbeteringsplan soos hierdie, is dat alle skole daarop gefokus is om belangrike ingrypings na te streef ter wille van verbetering. Die SVP vorm ook deel van die aanspreeklikheidstelsel, aangesien ondertekenaars van die plan die skoolhoof, die SBL en die WKOD insluit. Skole het ook aksieplanne ingedien waarin die stappe wat hulle sal instel om die gestelde teikens te bereik, gespesifiseer word.

In 2014/15 is kwartaallikse skoolverbeteringsmonitering gedoen as gevolg waarvan kern-aspekte van verkryging en skoolfunksionaliteit, bv. SBL-verkiesings en gereedheid vir die nuwe jaar, uitgevoer is. Aangesien die verslae aanlyn vasgelê is, kon die data ontgin en gebruik word om ondersteuning te verbeter. 'n Spesifieke voorbeeld hiervan, is dat die data die WKOD in staat gestel het om op hoogte te bly van die aflewering van werkboeke.

## 2. Risikobestuur

Die Rekenpligtige Beampte (RB) vir die Onderwysdepartement (WKOD) neem verantwoordelikheid vir die implementering van Ondernemingsrisikobestuur (ORB) ingevolge die Nasionale Tesourie Openbare Sektor Raamwerk vir Risikobestuur (NTOSRRB), en die Direkoraat Ondernemingsrisikobestuur (D:ORB) in die Departement van die Premier lewer 'n gesentraliseerde strategiese ondersteuningsdiens aan die departement.

Ter nakoming van die Nasionale Tesourie Openbare Sektor Raamwerk vir Risikobestuur (NTOSRRB), en ter verstewiging van risikobestuur in die departement, het die Wes-Kaapse Regering (WKR) 'n ORB-beleid aanvaar waarin die WKR se oorhoofse plan met betrekking tot ORB uiteengesit word. Die Departement het 'n ORB-Strategie aanvaar, goedgekeur deur die Rekenpligtige Beampte op 6 Mei 2014, sowel as 'n ORB-Implementeringsplan, goedgekeur deur die Rekenpligtige Beampte op 8 April 2014. Die ORB-Implementeringsplan het uitvoering gegee aan die ORB-beleid en ORB-Strategie van die WKR, en bevat 'n uiteensetting van die rol en verantwoordelikhede van bestuur en personeel in die vaslegging van risikobestuur in die departement.

Die Departement doen 'n kwartaallikse assessering van beduidende risiko's wat 'n impak mag hê op die bereiking van sy doelwitte, beide strategiese- en program-risiko's. Risiko's is geprioritiseer op grond van die waarskynlikheid en impak (inherent en residueel) en daar is ooreengekom op addisionele verligting om die risiko's tot aanvaarbare vlakke te verlaag. Nuwe/opkomende risiko's is geïdentifiseer gedurende die kwartaallikse hersieningsproses.

Die Departement het 'n Ondernemingsrisikobestuurskomitee (ORBK) ingestel om die Rekenpligtige Beampte by te staan in die uitvoering van haar verantwoordelikhede met betrekking tot risikobestuur. Die komitee funksioneer volgens die opdrag wat deur die Rekenpligtige Beampte goedgekeur is op 6 Mei 2014. ORBK het die strategiese risiko-register bekragtig en verdere aksie aanbeveel, waar van toepassing. Die volgende sleutel-risiko's (boonste drie word aangegee) en stappe ter verligting is geïdentifiseer vir die oorsigjaar:

Risiko	Verligting	
1	<p>'n Moontlikheid van swak inligting as gevolg van onvoldoende en onakkurate data van skole ontvang wat mag lei tot swak beplanning en negatiewe finansiële implikasie</p>	<p>WKOD doen kwartaallikse verifiëring van data deur middel van die Skoolverbeterings-monitering (SVM)-hulpmiddel</p> <p>Provinsiale ORBK Datakwaliteit-oudit was in 2013 uitgevoer</p>
2	<p>Die moontlikheid van 'n ontoereikende begroting vir WKOD as gevolg van die agteruitgang in die ekonomiese vooruitsigte, wat 'n impak op die departemente se doelwitte kan hê</p>	<p>Kwintiel 1-3 befondsing is gelyk gemaak</p> <p>'n Verdere 216 skole is geklassifiseer as geenfooi-skole</p> <p>Implementeer vergoeding van vrygestelde fooie vir behoeftige leerders</p>
3	<p>Die moontlikheid van swak leerprosesse in klas-kamers as gevolg daarvan dat onderwysers handboeke nie toepaslik gebruik nie, wat kan lei tot hoër uitvalsyfers/druipsyfers by leerders</p> <p>Hierdie risiko was hersien en aangepas deur risiko-eienaars, en bestaande maatreëls is aangepas. Op 26 June 2014 het die UK die risiko hersien en die wysigings aanvaar.</p>	<p>Letterkundige en syferkundige ingrypings (LITNUM Strategie) is geïmplementeer</p> <p>Amptenare besoek skole om die gebruik van handboeke te monitor</p> <p>Skoolverslag oor die gebruik van handboeke op SVM op 'n kwartaallikse basis</p>



Die Ouditkomitee het die onafhanklike oorsig van die Departement se risikobestuurstelsel verskaf. Die Ouditkomitee is voorsien van Kwartaallikse ORB-vorderingsverslae en departementele risiko-profiel en –registers ter uitvoering van hul onafhanklike oorsigrol. Die Ouditkomitee se evaluasie van die risikobestuurproses hou verband met die vordering van die implementering van die Departement se Jaarlikse ORB-implementeringsplan en strategiese risiko's wat deur die Departement in die gesig gestaar word, en hul toepaslike risiko-response/behandelingstrategieë.

#### *Impak op institusionele prestasie*

Daar is 'n voortdurende besef van die voordele van ondernemingsrisikobestuur. Die uitvoerende bestuur is bewus van hul pligte as risiko-eienaars vir hul onderskeie portefeuljes. Gereelde en konsekwente verslagdoening dra by tot die verligting van risiko waar ook al dit mag opduik. Die verslae help die bestuur om te fokus op belangrike areas en lei tot doeltreffende tydsbesteding. Die departement het tot afwisselende mate 'n verbetering in prestasie verwerklik as gevolg van die groeiende rypwording van risikobestuur.

### **3. Bedrog en Korrupsie**

Die Wes-Kaapse Regering het 'n Anti-Korrupsiestrategie aanvaar, wat die provinsie se standpunt van geen-verdraagsaamheid teenoor bedrog en korrupsie bevestig. Die departement het 'n goedgekeurde Bedrogvoorkomingsplan en 'n Bedrogvoorkoming-implementeringsplan, wat uitvoering gee aan die Bedrogvoorkomingsplan.

Daar is verskeie roetes wat gevolg kan word vir die aanmelding van bewerings van bedrog en korrupsie, en dit word volledig beskryf in die Provinsiale Anti-Korrupsie Strategie en die Departementele Bedrogvoorkomingsplan. Elke bewering wat deur die Provinsiale Forensiese Dienste (PFD) ontvang word, word in 'n gevallestuurstelsel opgeteken, wat as 'n bestuurshulpmiddel dien om verslag te lewer oor vordering wat gemaak word met sake rakende die departement, en sodoende statistiek genereer vir die Provinsie en die Departement. Ons beskerm werknemers wat fluitjieblasers is oor vermoedelike bedrog, korrupsie en diefstal indien die bekendmaking 'n beskermde bekendmaking is (d.w.s. voldoen aan die statutêre vereistes, d.i. was in goeder trou gemaak). Die geleentheid om anoniem te bly, word verleen aan enige persoon wat dade van bedrog, diefstal en korrupsie wil aanmeld, en indien hulle dit persoonlik doen, word hulle identiteit vertroulik gehou deur die persoon by wie hulle dit aanmeld.

Sodra bedrog of korrupsie na afloop van 'n ondersoek bevestig word, word die betrokke werknemers wat geïmpliseer is in hierdie dade aan 'n dissiplinêre verhoor onderwerp. In al sodanige gevalle word daar van die WKR-vertegenwoordiger wat die dissiplinêre verrigtinge inisieer, verwag om die ontslag van die betrokke werknemer aan te beveel. Waar prima facie-bewys van kriminele optrede bespeur word, word 'n strafregtelike saak aan die Suid-Afrikaanse Polisiediens gerapporteer.

26 ondersoeke is gedurende die huidige boekjaar deur die PFO voltooi, terwyl 17 gevalle vir interne ondersoek na die departement verwys is. Twee (2) van die voltooide ondersoeke het bedrog en/of korrupsie bevestig, ses (6) van die voltooide ondersoeke het bedrog en/of korrupsie/onreëlmatighede en/of nie-nakoming bevestig, en een (1) van die voltooide ondersoeke het onreëlmatighede en/of nie-nakoming bevestig. Een (1) van die voltooide ondersoeke het diefstal en/of onreëlmatighede en/of nie-nakoming bevestig.



Sestien (16) van die voltooide ondersoek het slegs voorlopige ondersoek vereis, en hierdie voorlopige ondersoek het nie die bewering van bedrog, diefstal of korrupsie bevestig nie. Aan die einde van die boekjaar, was daar 14 oorblywende sake op die sakelys van die Departement.

#### **4. Minimalisering van Belangebotsing**

Jaarliks, of soos omstandighede dit vereis, moet lede van die senior bestuursdienste 'n `geen botsing van belange'-verklaring voltooi en inhandig. Alle lede van die bodkomitee en alle personeel in Verkrygingskanaalbestuur moet klaringsondersoek deurgaan bo en behalwe die vereiste verklaring van enige botsing van belange wat van hulle verwag word om te verhoed dat enige amptenaar deelneem aan enige projek of diens waarin 'n botsing van belange mag ontstaan. Die Departement vereis van alle tenderaars om potensiële verwantskappe met die werkgewer of werknemers te verklaar. Daar word ook van Ouditkomitee lede vereis om 'n `geen botsing van belange'-verklaring te maak. Gedurende die oorsig-boekjaar was daar geen botsing van belange nie.

#### **5. Gedragskode**

Die departement voldoen aan die Staatsdiens Gedragskode.

Die Beleid oor die Aanvaarding van Geskenke deur kantoorgebaseerde amptenare van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement is op 27 Maart 2013 gefinaliseer. Die beleid handel onder andere met algemene riglyne, die geskenke-register, prosedures vir die voltooiing van verklaringsvorme, Vra wat Dikwels Gevra Word en 'n profielvorm vir 'n geskenkeregister.

#### **6. Gesondheids-, Veiligheids- en Omgewingskwessies**

Die veiligheid van leerders en opvoeders by skole stel 'n groot uitdaging en die departement het vennootskappe met ander betrokke provinsiale departemente aangegaan om die kwessie te hanteer. Gemeenskapsbetrokkenheid bly 'n belangrike aspek in die stryd teen geweld wat sommige van ons hoë-risiko skole raak. Die departement het ook kringtelevisie-kameras in sekere skole geïnstalleer om skoolhoofde in staat te stel om aktiwiteite te monitor.

#### **7. Portefeuljekomitees**

Nie van toepassing

#### **8. SKOOR-besluite**

Die Verslag van die Staande Komitee oor Onderwys oor die Jaarverslag van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement vir die jaar geëindig 31 Maart 2014, gedateer 24 Oktober 2014, is hieronder opgesom.

Die Komitee het kennis geneem van die Ouditeur-Generaal se auditmening met betrekking tot die Departement se Jaarlikse Finansiële Verslae vir die 2013/14-boekjaar, as ongekwalifiseerd met bevindings oor nakoming van wette en regulasies wat betrekking het op sake van dienslewering afkomstig van die Nasionale Skoolvoedingsprogram.

Die Komitee het kennis geneem dat die ouditmening van die Ouditeur-Generaal vir die 2013-14-boekjaar 'n verbetering aantoon in die ouditmening met betrekking tot die vorige boekjare. Vorige bevindinge het gewissel van bevindings oor nakoming van wette en regulasies, tot verkrygings- en kontrakbestuur en uitgawebestuur vir die 2012/13-boekjaar, tot bevindings oor nakoming van wette en regulasies, verkryging en kontrakbestuur, uitgawebestuur en sake met betrekking tot dienslewering vir die 2011/12-boekjaar.

Die Komitee het kennis geneem dat die Wes-Kaapse Onderwysdepartement R15.5 biljoen van 'n begroting van R15.7 biljoen bestee het, met die algehele gevolg van 'n onderbesteding van R166,6 miljoen (1,1%) soos verskyn op bladsy 7 van die 2013/14 Jaarverslag.

Die R166,6 miljoen onderbesteding was grotendeels te wyte aan die volgende faktore, insluitend:

- Die vertraging in die vervaardiging en installering van die toedraaimasjien.
- Doeltreffendheidsmaatreëls binne die Departement geïmplementeer.
- Die vertraging in die konstruksie van werkwinkels vir meganiese- en siviele tegnologie by Tegniese Sekondêre Skole, sowel as vertraging in aflewering van hardeware vir inligtings- en kommunikasietegnologie en gereedskapstelle vir meganiese-, elektriese- en siviele tegnologie by hierdie skole.
- Die vertraging in die Versnelde Skoolinfrastruktuur-ontwikkelingsinisiatief (ASIDI) kapitale infrastruktuurprojekte by openbare gewone skole.
- Vertraging in die verkryging van verpakkingsmateriaal vir 'n loodsingprogram vir melk binne die Skoolvoedingsprogram.

Die Komitee het kennis geneem dat die finale begroting vir kapitale uitgawes onderbestee was met 16,4%, (R154 400 miljoen) vir die 2013/14-boekjaar vergeleke met 2,3% (R13 500 miljoen) vir die 2012/13-boekjaar. Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die vertraging in die aflewering van 'n toedraaimasjien wat verkry is vir doeleindes van eksamen-administrasie, en onderbesteding op infrastruktuurontwikkeling wat te wyte was aan die vertraging in die konstruksie van kapitale projekte by 'n paar openbare skole. Dit kon nie voltooi word voor die einde van die 2013/14-boekjaar nie.

Die Departement is deur die Komitee gelukkig vir die inisiatiewe geneem om die studente-inname te verhoog by Verdere Onderwys- en Opleidingskolleges (VOO) in die Wes-Kaap. Die Ouditeur-Generaal het ook kennis geneem dat die Departement sy skuldinvorderingsperiode verbeter het van 55,4 dae na 2 dae.

Die Departement is aangespoor om daarop te konsentreer om sy interne kontrole-aandrywers te verbeter wat betrekking het op leierskap (oorsigverantwoordelikheid), finansiële en prestasiebestuurskontroles (behoorlike rekordhouding, prosessering en rekonsiliasie-kontrole, rapportering, nakoming en IT-stelselkontrole), en beheer (interne oudit).

Met betrekking tot die verbetering van die Departement se interne kontrolefunksie, het die Komitee by die Departement aangedring om te konsentreer op die volgende belangrike areas vir verbetering, insluitend:

- Leer-en-onderrigondersteuningsmateriaal: Verbeterde bestuursoorsig oor die gebruik van handboeke en retensie by skole.
- Bestuur en Beheer: Implementeer standaard operasionele prosedures waardeur die finansiële bestuurskapasiteit van skole gemonitor kan word.

- Voorwaardelike Toelaes: Implementeer standaard operasionele prosedures vir die bestuur van die MIV/Vigs- en TB-toelae.
- Belanghebbendes in Besigheidsbestuur: Implementeer 'n raamwerk wat sal rigting verskaf aan die proses wat gevolg moet word vir die identifisering, prioritisering van die bou, en verbetering van verhoudings met belanghebbendes.

Die SKOOR-besluite vir die 2013/14-boekjaar, soos ter tafel gelê, word hieronder aangedui.

AGTERGROND/ KNELPUNTE	AANBEVELINGS	Stappe geneem oor SKOOR-besluite met inbegrip van verwante koste	Impak op toekomstige boekjare
<p>Bladsye: 128-138 van die Jaarverslag</p> <p>Opskrif: "SKOOR-besluite"</p> <p>Omskrywing: Die besluite en aksies wat deur die Departement geneem is, is in sy Jaarverslag gepubliseer.</p>	<p>Die Komitee het ooreengekom dat: Die Departement die Komitee se openingsopmerkings oor hierdie verslag met spesifieke verwysing van hierdie Departement, die tabel met resolusies en die lys van die inligting wat deur die Komitee versoek is, in alle toekomstige Jaarverslae sal publiseer.</p>	<p>Die WKOD het die Komitee se openingsopmerkings oor die 2013/14 Jaarverslag, die tabel met resolusies sowel as die lys van inligting wat deur die Komitee versoek is, in die 2014/15-Jaarverslag gepubliseer.</p>	Geen.
<p>Bladsy: 188 van die Jaarverslag</p> <p>Opskrif: "Besonderhede per Program 6 – Onderwys en opleiding vir Volwassenes (BOOV) vir die jaar geëindig 31 Maart 2014"</p> <p>Omskrywing: Die Departement het die kategoriale uiteensetting gepubliseer, insluitend die verwante kostes daaraan verbonde.</p> <p>Die Komitee neem kennis dat die uiteensetting slegs betrekking het op die operasionele kostes met betrekking tot die BOOV-program.</p>	<p>Die Komitee het ooreengekom dat: Die Departement die Komitee inlig oor die koste-analisevoordeel binne die Provinsie wat verkry is uit die Program vir Onderwys en Opleiding vir Volwassenes</p>	<p>Komitee oor Openbare Rekeninge was ingelig op 6 Mei 2015</p>	Geen.

AGTERGROND/ KNELPUNTE	AANBEVELINGS	Stappe geneem oor SKOOR-besluite met inbegrip van verwante koste	Impak op toekomstige boekjare
<p>Bladsy: 200 van die Jaarverslag</p> <p>Opskrif: "Betalings vir kapitale bates"</p> <p>Omskrywing:                      Die Departement het die kategoriele uiteensetting gepubliseer insluitend die verwante kostes van masjinerie en toerusting vir die oorsig-boekjaar. Die Komitee het die Departement ondervra oor die status van werkende masjinerie by Tegniese Sekondêre Skole binne die Wes-Kaap Provinsie.</p>	<p>Die Komitee het ooreengekom dat: Die Departement verseker dat alle Tegniese Sekondêre Skole toegerus is met al die toepaslike masjinerie en toerusting, indien die program-begroting dit toelaat.</p>	<p>Maatreël ingestel vanaf 14/15:</p> <p>Senior Kurrikulum-beplanners (SKB)</p> <p>SKB's, tesame met die skool, identifiseer die gereedskap, toerusting en masjinerie wat benodig word in elke vak sodat die vak op effektiewe en doeltreffende wyse aangebied, en daar op dieselfde wyse aan die kurrikulum voldoen kan word. Skole voltooi 'n rekwisisie met hul benodigdhede in ooreenstemming met die lys van gereedskap en toerusting wat deur die DBO voorsien word en die begroting van die skool. Die samevatting van die Tegniese begroting is opgedeel in die aandeel skole in die projek.</p> <p>Begrotings-beheermaatreëls geïmplementeer:                      Voorlegging van rekwisisie                      Al die benodigdhede van die skole word gekonsolideer en die rekwisisie aan VKB voorgelê as een tender.</p> <p>Sentrale Verkryging                      Alle verkryging word sentraal deur VKB gedoen met duidelike spesifikasies en afleweringdatums.</p>	<p>Impak op toekomstige boekjare</p> <p>Effektiewe aanwending van befondsing, voortspruitend uit toerusting van beter gehalte gelewer in ooreenstemming met spesifikasies. Die gevolg hiervan is dat die toerusting 'n langer lewensverwagting het, verlaagde onderhoudskoste en minder vermorsing op herstelwerk en vervangings.</p>

AGTERGROND/ KNELPUNTE	AANBEVELINGS	Stappe geneem oor SKOOR-besluite met inbegrip van verwante koste	Impak op toekomstige boekjare
		<p>Weeklikse verslae                      Die projekbestuurder monitor die verkrygingsproses en voorsien weeklikse statusverslae vir topbestuur se aandag.</p> <p>Maandelikse verslae en Kwartaallikse verslae soos per DORA-voorskrifte. Verslae word voorgelê aan die Hoof: Onderwys, ADG: Kurrikulum en die HRB, sowel as aan DBO wat die fondse beskikbaar stel. Die rede hiervoor is om te verseker dat goedere en dienste gelewer word, sowel as vir opdatering van uitgawes.</p> <p>Skool-kommunikasie                      Skole word op hoogte gehou van wat hulle moet ontvang sowel as die tydraamwerke waarbinne dit moet geskied.</p> <p>Vergaderings met VKB                      Die projekspan bly in kontak en het maandelikse vergaderings met VKB om enige uitdagings of kwessies te bespreek, bv. laat aflewering, of nie-uitvoering van die kontrak.</p>	

AGTERGROND/ KNELPUNTE	AANBEVELINGS	Stappe geneem oor SKOOR-besluite met inbegrip van verwante koste	Impak op toekomstige boekjare
<p>Bladsy: 200 van die Jaarverslag</p> <p>Opskrif: "Basiese Onderwys"</p> <p>Omskrywing:                      Die Departement het die uiteensetting gepubliseer van die voorwaardelike toelaes wat aan Dinaledi-skole toegeken is vir die oorsig-boekjaar. Die Komitee het kommer uitgespreek oor die feit dat hulle nie kon vasstel watter fondse aan elke individuele Dinaledi-skool toegeken is en die waarde daaruit verkry nie.</p> <p>'n Verdere knelpunt van die Komitee is die status van die Dinaledi-skole, siende dat sommige van die skole herhaalde oortredings begaan.</p>	<p>Die Komitee het ooreengekom dat: Die Departement 'n uiteensetting vir elke individuele Dinaledi-skooltoelaag vir die 2014/15-boekjaar voorlê.</p> <p>Die Departement moet verseker dat 'n meganisme ontwerp en geïmplementeer word om te verseker dat herhaalde oortredings van sekere Dinaledi-skole aangespreek word.</p>	<p>Komitee oor Openbare Rekeninge is op 6 Mei 2015 ingelig.</p>	<p>Geen.</p>
<p>Bladsy: 231 van die Jaarverslag</p> <p>Opskrif: "Staat van Voorwaardelike Toelaes Ontvang"</p> <p>Omskrywing:                      Die Komitee neem kennis dat die Departement die toekenning van 'n voorwaardelike toelae ontvang het van R1 639 728 terwyl dit slegs R1 481 734 het gedurende die oorsig-boekjaar bestee het.</p>	<p>Die Komitee het ooreengekom dat: Die Departement verseker dat dit die volle begroting vir voorwaardelike toelaes wat vir die 2014/15-boekjaar toegeken is, gebruik.</p>	<p>Die Departement het 'n toekenning van R1 794 093 ontvang vir voorwaardelike toelaes vir die 14-15-boekjaar, en het R1 779 941 van die toekenning bestee. Dit kom neer op 99.2% van die toelae, vergeleke met 90.4% in die voorafgaande jaar.</p>	<p>Geen.</p>

## Lys van Inligting Benodig

Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement het die volgende inligting aan die Komitee voorsien soos versoek:

- 'n Gedetailleerde verslag oor die vergadering wat plaasgevind het tussen die Hoof van die WKOD en die Direkteur vir Infrastruktuurontwikkeling en Bestuur met betrekking tot die bodtoekenningsvergadering wat plaasgevind het vir die toekenning van 'n tender aan Filcon Construction. Die verslag behoort alle notules van die Bodtoekenningskomitee te bevat, sowel as die notules van die vergaderings tussen die Afdelingshoof van WKOD en die Direkteur vir Infrastruktuurontwikkeling en Beplanning.
- 'n Gedetailleerde verslag bevattende 'n uiteensetting oor "Ander debiteure", soos uiteengesit op bladsy 219 van die Jaarverslag van die Departement;
- 'n Gedetailleerde verslag met 'n verduideliking van die uitgawes aangegaan teen die Departement van Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling en die Kaapse Professionele Onderwysvereniging (KPOV), soos aangedui op bladsy 237 van die Jaarverslag van die Departement.

## 9. Vorige Wysigings aan Ouditverslae

Die departement berei 'n finansiële bestuursverbeteringsplan (FMIP) voor wat fokus op die kwessies van nie-nakoming wat deur die Ouditeur-Generaal geopper is. Die plan word gehalte-verseker en die Ouditeur-Generaal word in hierdie verband geraadpleeg. Gereelde verslagdoening word aan die departementele ouditkomitee gedoen oor vordering.

Aard van kwalifikasie, vrywaring, ongunstige mening en sake van nie-nakoming	Boekjaar waarin dit ontstaan het	Vordering gemaak met die uitklaring / oplossing van die saak
Verpligtinge foutiewelik geklassifiseer	2013/14	Die berekeninge van die verpligtinge is herbereken na samesprekings met Provinsiale Tesourie en die Ouditeur-Generaal, en reggestel vir die 2013/14 Jaarlikse Finansiële State. Die Nasionale Tesourie Riglyne is gebruik en die interpretasie daarvan is deur Provinsiale Tesourie bevestig.
Openbaarmaking – Verpligting nie goedgekeur	2013/14	Die berekeninge vir die verpligtinge is herbereken na samesprekings met Provinsiale Tesourie en die Ouditeur-Generaal en reggestel vir die 2013/14 Jaarlikse Finansiële State.
Openbaarmaking – Rekeningkundige Beleid nie aangeteken	2013/14	In die profielvorm vanaf Nasionale Tesourie is die spesifieke openbaarmakingsnota wat in die verlede ingesluit was, uitgesluit. Na konsultasie met die Ouditeur-Generaal, is dit ingesluit in die finale Jaarlikse Finansiële State.
Verskille in Finansiële State	2013/14	Die syfers vir die openbaarmaking is herbereken ingevolge die Aangepaste Kontantverrekenings-grondslag en reggestel vir die 2013/14 Jaarlikse Finansiële State. Hierdie kwessie is met beide Provinsiale Tesourie en Nasionale Tesourie opgeneem, en Nasionale Tesourie het saamgestem dat hul riglyne herbewoord moet word, en die berekeninge vir mobiele klaskamers beter gedefinieer moet word om hierdie probleem op te los.



Aard van kwalifikasie, vrywaring, ongunstige mening en sake van nie-nakoming	Boekjaar waarin dit ontstaan het	Vordering gemaak met die uitklaring / oplossing van die saak
Kitspap/Pap nie bedien by twee skole	2013/14	'n Departementele omsendbrief is op 9 April 2014 uitgestuur waar punt 2.5 in die omsendbrief spesifieke melding maak van hierdie kwessie. 'n Aangepaste kontrolelys was ter ondersteuning van hierdie proses weer uitgestuur op 2 Julie 2014. Die Hoofdirekoraat by Hoofkantoor sal op 'n maandelikse basis 'n paar kontrolelyste aanvra vanaf die Distrikte om nakoming te monitor.
Monitering van die kwaliteit van kos	2013/14	'n Departementele omsendbrief is op 9 April 2014 uitgestuur waar punt 2.5 in die omsendbrief spesifieke melding maak van hierdie kwessie. 'n Aangepaste kontrolelys was ter ondersteuning van hierdie proses weer uitgestuur op 2 Julie 2014. Die Hoofdirekoraat by Hoofkantoor sal op 'n maandelikse basis 'n paar kontrolelyste aanvra vanaf die Distrikte om nakoming te monitor.

## 10. Interne Beheereenheid

Die nuutgestigte Interne Beheereenheid het gedurende 2013/14 die volgende funksies onderneem:

'n Proses geïmplementeer om behoorlike beheer te ondersteun

Die Geïntegreerde Interne Kontrolestelsel bestuur: 'n databasis van regsraamwerke is gehandhaaf en bygehou en die behoorlike implementering van delegasie van raamwerke is verseker

Die Register vir Forensiese Ondersoeke gehandhaaf: vorderingsverslae oor FOE-gevalle aan hoofkantoor en distrikte voorsien en die bygewerkte departementele FOE-register aan die Departement van die Premier voorgelê.

Beleide, prosedures en prosesse ontwikkel met betrekking tot die Interne Beheereenheid.

Nakoming van voorskrifte gemonitor: ontwikkel en bestuur 'n werkende nakomingsinstrument; die instrument vernuwe in ooreenstemming met huidige wetgewing ten einde tendense op te spoor om swakhede in die interne beheerstelsel te bepaal.

Die effektiwiteit en die implementering van finansiële voorskrifte geëvalueer: inspeksies voltooi binne die departement; monitor prestasie van VKB kampvegters.

Die departementele risikoregisters geëvalueer: 'n rekord van risikoverslae gehandhaaf; met ORB-eenheid en interne oudit oor die departementele risiko's geskakel.

Fasilitering van Versekeringsdienste

Interne en eksterne oudits gefasiliteer: vordering met aanbevelings in die bestuursverslag en interne ouditverslae gemonitor; die reaksies van bestuur ontleed en geïmplementeer; insette en advies gelewer.

Verslag oor aangeleenthede aan die ouditkomitee gedoen: kommentaar gelewer aan die ouditkomitee oor die status van finansiële bestuursverbeteringsplan

Implementering van regstellende kontroles verseker: inspeksies voltooi, en verslae en registers oor onreëlmatige, vrugtelose en verkwiste uitgawes, en ongemagtigde uitgawes beskikbaar gestel; die post-ouditproses ten opsigte van betalingsbewyse voltooi; die verifiëring van die MPAT-dokumentasie voltooi.

## 11. Interne Oudit en Ouditkomitees

Interne Oudit voorsien bestuur van onafhanklike, objektiewe versekerings- en adviesdienste wat opgestel is om waarde toe te voeg en om die bedrywighede van die departement voortdurend te verbeter. Dit ondersteun die departement om sy doelwitte te bereik deur 'n sistematiese, gedissiplineerde benadering te voorsien om die doeltreffendheid van bestuurs-, risikobestuurs- en beheerprosesse te evalueer en te verbeter. Die volgende sleutel-aktiwiteite word in hierdie verband uitgevoer:

Evalueer en maak gepaste aanbevelings vir die verbetering van bestuursprosesse ter bereiking van die Departement se doelwitte;

Evalueer die geskiktheid en doeltreffendheid, en dra by tot die verbetering van risikobestuursprosesse;

Lewer bystand aan die Rekenpligtige Beampte in die handhawing van effektiewe en doeltreffende beheermaatreëls vir die bepaling van hul effektiwiteit en doeltreffendheid, en deur aanbevelings te maak vir die verbetering of uitbreiding.

Die volgende versekeringsooreenkomste is in die 2014/15 Interne Ouditplan goedgekeur:

- VKO-Oordragbetalings
- VKB – Verkryging onder R30 000
- Kontrakbestuur
- Leerdervoerskemas
- Veilige Skool Bestuur (oorgedra vanaf 13/14)

Die Ouditkomitee is aangestel as 'n toesighoudende liggaam wat onafhanklike toesig hou oor beheer, risikobestuur en beheerprosesse in die Departement, insluitend oorsig en verantwoordelikhede met betrekking tot:

- Interne Ouditfunksie;
- Eksterne Ouditfunksie (Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika - OGSA);
- Departementele Rekeningkunde en Verslagdoening;
- Departementele Rekeningkundige Beleide;
- Hersiening van OGSA bestuurs- en ouditverslag;
- Hersiening van Departement se In-jaar monitering;
- Departementele Risikobestuur;
- Interne Kontrole;
- Voorafbepaalde doelwitte;
- Etiese en Forensiese Ondersoeke.

In die onderstaande tabel word toepaslike inligting oor lede van die ouditkomitee bekend gemaak:

Naam	Kwalifikasies	Intern of ekstern	Indien intern, posisie in departement	Datum van aanstelling	Datum van bedanking	Aantal vergaderings bygewoon
Mnr Ronnie Kingwill	CA(SA); CTA; BCom	Ekstern	NvT	01 Januarie 2014	NvT	8
Prof Estian Calitz	DCom (Ekonomie); BCom (Honneurs) (Ekonometrie); MCom (Ekonomie); BCom (Honneurs) (Ekonomie); BCom	Ekstern	NvT	01 Januarie 2013	NvT	8
Me Zulpha Abrams	CA(SA) & FIIA SA, CIA	Ekstern	NvT	07 April 2014	NvT	7
Mnr Linda Nene	BComm (Rek); Na-graadse Diploma in Bestuur- Korporatiewe Bestuur; CCSA; CRMA; CCP; FIIA SA	Ekstern	NvT	01 April 2014 (tweede kwartaal)	NvT	8
Mnr Luzuko Mduyvelwa	Meestersgraad in Filosofie; Diploma: Projekbestuur; Meestersgraad in Publieke Administrasie; Publieke Administrasie (Honneurs)	Ekstern	NvT	01 Okt 2011	30 Sept 2014	2
Me Rozan Jafftha	CA (SA); CIA	Ekstern	NvT	01 Okt 2014	NvT	2

## 12. Verslag van Ouditkomitee

### Verslag van Ouditkomitee

Die Ouditkomitee bied met genoeg sy verslag aan vir die boekjaar geëindig 31 Maart 2015.

### Verantwoordelikheid van Ouditkomitee

Volgens die Ouditkomitee het dit voldoen aan die verantwoordelikhede voortspruitend uit Artikel 38 (1) (a) (ii) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en Tesourieregulasie 3.1.13. Die Ouditkomitee het 'n toepaslike formele opdrag aanvaar, sy sake geskik ter nakoming van hierdie opdrag en alle verantwoordelikhede daarin vervat, uitgevoer.

## **Die Doeltreffendheid van Interne Kontrole**

Die volgende bevindinge van interne ouditwerk gedoen op grond van risiko-assesserings wat in die departement uitgevoer is, is hersien.

Die volgende versekeringsooreenkomste is in die 2014/15 Interne Ouditplan goedgekeur:

- Vroeëkindontwikkeling: Oordragbetalings
- Werkzaamhede van Verkrygingskanaalbestuur: Verkryging onder R30 000
- Werkzaamhede van Verkrygingskanaalbestuur: Kontrakontwikkeling en Bestuur

Die volgende konsulteringsooreenkoms is in die 2014/15 Interne Ouditplan goedgekeur:

- Leerdervoerskemas

Die volgende versekeringsooreenkoms is oorgedra vanaf die 2013/14 plan en gedurende die huidige jaar voltooi:

- Veilige Skole Bestuur

Die Interne Ouditplan vir die jaar is voltooi.

Die Bestuur het saamgestem met die areas van verbetering, soos aangeteken deur die Interne Oudit in die uitvoer van hul taak. Die Ouditkomitee gaan op deurlopende basis voort met die monitering van die implementering van die ooreengekome aksies.

## **In-Jaar Bestuur en Maandelikse/Kwartaallikse Verslag**

Die departement het maandeliks en kwartaalliks aan Tesourie verslag gelewer ingevolge die vereistes van die PFMA.

Die Ouditkomitee het die kwartaallikse finansiële- en prestasieverslae geëvalueer en is tevrede met die inhoud en kwaliteit daarvan, soos voorberei en uitgereik deur die Rekenpligtige Beampste van die Departement gedurende die oorsigjaar.

## **Evaluering van Finansiële State**

Die Ouditkomitee het:

- die geouditeerde finansiële state soos in die jaarverslag vervat, geëvalueer en bespreek met die Ouditeur-Generaal en die Rekenpligtige Beampste;
- die Ouditeur-Generaal se bestuursverslag, en bestuur se reaksie daarop, geëvalueer;
- veranderinge aan die rekeningkundige beleide en praktyke oorweeg, en waar van toepassing moet hierdie in die jaarlikse finansiële state vervat word;
- die Departement se prosesse om die nakoming van wettige en regulatoriese bepalings te verseker, geëvalueer;
- die inligting oor voorafbepaalde doelwitte soos vervat in die jaarverslag, geëvalueer;
- wesenlike aanpassings voortspruitend uit die oudit van die Departement (waar van toepassing) geëvalueer;
- die tussentydse finansiële state soos voorgelê deur die Departement vir die ses maande geëindig op 30 September 2014, geëvalueer.

### **Interne Oudit**

Die Ouditkomitee is steeds bekommerd oor die toereikendheid van interne ouditprosesse om totale dekking van hoërisiko-areas te verseker.

Die onlangs-goedgekeurde gesamentlike versekeringsbenadering sal steeds toegepas word om effektiewelik die beperkte interne oudithulpbronne te gebruik om te fokus op die mees relevante risiko-areas.

### **Risikobestuur**

Die Departement het eienaarskap geneem, en sodoende sy verantwoordelikheid opgeneem, vir die implementering van die Breë Onderneming Risikobestuur (BOR) metodologie en funksie, en die proses word op 'n kwartaalbasis deur die Ouditkomitee geëvalueer.

### **Verslag van die Ouditeur-Generaal**

Ons het die departement se implementeringsplan vir ouditkwessies wat gedurende die vorige jaar geopper is, geëvalueer, en ons is tevrede dat die sake aandag geniet het soos gerapporteer deur die Ouditeur-Generaal.

Die Ouditkomitee het met die Ouditeur-Generaal en die Departement vergader om te verseker dat daar geen onopgeloste kwessies is voortspruitend uit die regulatoriese oudit nie.

Die Ouditkomitee onderskryf en aanvaar die bevindinge van die Ouditeur-Generaal oor die jaarlikse finansiële state, en is van mening dat die geouditeerde jaarlikse finansiële state aanvaar en saamgelees kan word met die verslag van die Ouditeur-Generaal.

### **Waardering**

Die Ouditkomitee wil graag sy waardering uitspreek teenoor die Bestuur van die Departement, die Ouditeur-Generaal en die Korporatiewe Versekeringsstak vir die samewerking en inligting wat hulle aan ons verskaf het ten einde ons in staat te stel om hierdie verslag saam te stel.



---

**Ronnie Kingwill**  
**Voorsitter van die Ouditkomitee**  
**Onderwysdepartement: Wes-Kaapse Regering**  
**11 Augustus 2015**



Deel D  
**Menslike Hulpbronbestuur**

## **1. Wetgewing vir die Beheer van Menslike Hulpbronbestuur**

Die inligting in hierdie deel vervat word deur die Staatsdiensregulasies (Hoof 1, Deel III J.3 en J.4) voorgeskryf.

Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet 75 van 1997)

Wet op Arbeidsbetrekkinge, 1995 (Wet 66 van 1995)

Wet op Billike Indiensneming, 1998 (Wet 55 van 1998)

Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993)

Wet op die Vergoeding vir Beroepsiektes en -beserings, 1993 (Wet 130 van 1993)

Die Wet op Staatsamptenaarpensioenfonds, 1996 (Proklamasie 21 van 1996)

Die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998)

Die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994)

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996

Wet op Vaardigheidsontwikkeling, 1998 (Wet 97 van 1998)

Die Wet op die Bevordering van Gelykheid en die Voorkoming van Onbillike Diskriminasie, 2000 (Wet 4 van 2000)

Die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet 2 van 2000)

Die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000 (Wet 3 van 2000).

## **2. Inleiding**

### ***Oorsig van sake rakende Menslike Hulpbronne by die Departement***

Die bestuur van die poel poste van bekostigbare opvoeders van die departement is van kritiese belang vir die opvoedkundige sukses van skole. Na 'n deeglike konsulteringsproses, het die departement 676 meer poste toegeken vir die 2015-akademiese jaar, met die klem op 'n verbetering in die leerder/opvoeder-verhouding in die Grondslagfase. Stappe is geneem om 'n opvoeder/leerder-verhouding van 1:36 te verseker in laerskole en 1:34 in hoërskole.

Bo en behalwe dit, het die departement ook sy aantal permanent onderwysers vermeerder, wat 'n groter stabiliteit van die stelsel tot gevolg sal hê. Die departement het 'n beplande oefening uitgevoer om botallige opvoeders te ontplooi, met die gevolg van 'n vermindering van 156 in die aantal botallige opvoeders oor die 2014/15-boekjaar. Meer poste kon dus geskep word sodat onderwysers geplaas kon word by skole waar die grootste behoefte ervaar is.

Die departement het drie vakaturelyste gedurende die 2014-skooljaar beskikbaar gestel, sowel as spesiale vakaturelyste op aandrang, vir die poste van skoolhoofde.



### **Prioriteite vir Menslike Hulpbronbestuur vir die oorsigjaar en die impak van hierdie prioriteite**

#### 1. Skoolleierskap en bestuur:

Daar is gedurende 2014 spesiale aandag geskenk aan die advertering en vul van adjunk-hoof- en skoolhoofposte. Hierdie poste is in elk van die vakaturelyste, sowel as in spesiale vakaturelyste geadverteer en geprioritiseer ter bespoediging van die verwerking van die aansoeke. Hierdie ontwikkeling het die tydperke verkort waarin opvoeders in waarnemende poste was, die gebruikmaking van tydelike personeel verminder, en bygedra tot skoolstabiliteit.

Aanstellingskriteria en seleksieprosesse vir skoolhoofde is verstewig. 'n Bevoegdheids-gebaseerde Assessering (BGA) hulpmiddel was aan die 104 kandidate aangebied om te help met die werwing van skoolhoofde in 2014/15. Terugvoer aan individue het ook bygedra tot die ontwikkeling van Individuele Ontwikkelingsplanne, met inbegrip van die nodige inligting, vir nuut-aangestelde skoolhoofde.

#### 2. Vermindering in aantal tydelike onderwysers:

Die departement het 2 134 onderwysers op 'n permanente basis aangestel met ingang van 1 Januarie 2015.

#### 3. Vermindering in aantal werknemers op uitgebreide verloftydperke:

Dit was geprioritiseer ten einde die finansiële druk op die departement te verlig, en te verseker dat leerders voordeel trek uit optimale onderrig- en leertoestande. Die WKOD bestuur die Beleid en Prosedure oor Ongeskiktheidsverlof en Aftrede weens Swak Gesondheid deur te verseker dat slegs diegene wat geregtig is op tydelike ongeskiktheidsverlof met betaling daardie voordeel ontvang, en dat daar geen onnodige vertraging is in die evaluering van hul geskiktheid, of oorbetalings aan diegene wat nie op sodanige verlof geregtig is nie. Spoedige prosessering van hierdie gevalle het ook bygedra tot die herstel van stabiliteit in skole en leer-kwaliteit verbeter.

#### *Werksmagbeplanningsraamwerk en sleutelstrategieë om 'n vaardige en bekwame werksmag te lok en te werf*

Die departement het gebruik gemaak van die dienste en beskikbaarheid van die gegradueerdes van die Funza Lushaka-beursskema wat deur die nasionale Departement van Basiese Onderwys geadministreer word. Gedurende die tydperk 1 April 2013 tot 31 Desember 2013, is 403 (72%) uit 559 Funza Lushaka-beurshouers van 2013 suksesvol geplaas. Gedurende die tydperk 1 Januarie 2015 tot 31 Maart 2015, is 507 (66.7%) uit die 604 Funza Lushaka-beurshouers van 2014 suksesvol in onderwysposte geplaas. Ander nuwe inskrywings is dieselfde geleentheid aangebied vir permanente aanstelling in opvoederposte.

In die vulling van senior bestuursposte, het die departement klem gelê op die uitslae van die voorgeskrewe bevoegdheidsgebaseerde assesserings wat die kandidate met die hoogste uitslae voltooi het.

### *Bestuursraamwerk vir Werknemersprestasie*

Die departement het die voorgeskrewe beleid ten opsigte van bestuursprestasie aanvaar en onderskryf, en het verseker dat alle personeel, beide opvoeders en staatsdienspersoneel, goed ingelig is oor die verwagting van die Werkgewer. Waar toppresteerders beloon is met prestasie-bonusse, word swak presteerders verplig om deel te neem aan personeel verbeteringsprogramme.

### *Werknemerwelstandsprogramme*

'n Enkele eksterne diensverskaffer het diens gelewer met betrekking tot die Wes-Kaapse Provinsiale Regering.

Die program bied voortgesette ondersteuning ten opsigte van die sielkundige, emosionele en leefstylbehoefte van werknemers. Dit is 'n program wat onder andere fokus op MIV en Vigs, stres, finansiële bestuur, verhoudings, regsaspekte, familiesake, middelmisbruik en trauma-ontlonting. Werknemers se gesondheid- en welstandskwessies word ook aangespreek deur middel van Werknemergesondheid- en Welstandbewustheidsdae. Die doel van hierdie bewustheidsdae dien om gesonde leefstyle te bevorder, en as bewusmaking van die dienste wat die WKOD sy werknemers bied. Daarbenewens vind Bewusmaking oor Gesondheidsbevordering plaas volgens die dae aangeteken op die Departement van Gesondheid se gesondheidskalender. Die WKOD het gedurende die oorsigtydperk 19 Gesondheid- en welstandbewustheidsdae aangebied, bewusmaking geskep deur 20 voorspraaksessies te hou oor die werknemer-welstandsprogram wat die WKOD aan werknemers bied, en het ondersteuning gebied aan 507 werknemers gedurende 40 trauma-ontlontingsessies.

### *Prestasies en uitdagings*

Die departement het die vasstelling van skoolpersoneel verskaf voor die einde van Augustus 2014. Dit het skole in staat gestel om betyds te begin met hulle beplanning vir 2015, asook dat skole voldoende geleentheid gehad het om aansoek te doen vir meer poste waar nodig. Die vasstelling van skoolpersoneel vir 2015 is gegrond op gekontroleerde leerdergetalle soos op 31 Julie 2014.

'n E-Werwingstelsel ("Om die beste te werf") is geïmplementeer met ingang vanaf Januarie 2013. Die stelsel maak dit moontlik vir alle opvoeders, insluitend nuwe gegradueerdes, om hul persoonlike profiele op die stelsel te voltooi, en daardie platform te gebruik om aanlyn aansoek te doen vir geadverteerde poste. Hierdie stelsel het groter effektiwiteit in die bestuur van aansoeke tot gevolg gehad. Alle opvoeder-vakatures in 2014/15 is deur middel van die aanlyn-stelsel gepubliseer. Tot dusver het 37 091 gebruikers op die stelsel geregistreer, en 21 470 gebruikers het hul profiel op die stelsel voltooi.

Die WKOD maak sedert 2013 gebruik van die Pensioene E-Kanaliseringsstelsel. Dit maak voorsiening vir die verwerking van pensioenonttrekking vir begunstigdes en het die omkeertyd vir die werklike betaling van voordele merkwaardig verminder.

Die WKOD het kommunikasie opgeskerp om te verseker dat alle werknemers wat vergoeding ontvang vir werk buite die staatsdiens moet aansoek doen vir goedkeuring.

Die departement het met behulp van Interne Oudit 'n Raamwerk vir Belanghebbendes ontwikkel om die werksverhouding met eksterne belanghebbendes soos vakbonde, skoolhoofde-forum en skoolbeheerliggame te verbeter.

#### Toekomstige Beplanning/Doelwitte vir Menslike Hulpbronbestuur

Die implementering van die e-Werwingstelsel vir kantoorgebaseerde opvoeders en staatsdienspersoneel.

Die voorsiening van aanlyn-aansoeke vir inrigtingsgebaseerde opvoedersposte elektronies aan skole.

Om 'n profiel te skep van alle onderwysers met betrekking tot vakgebied- en fase-spesialisering, sowel as vak- en fase-onderdig vir die behoorlike beplanning van toekomstige onderwysbehoefte met betrekking tot menslike hulpbronne.

### 3. Oorsig van Menslike Hulpbronstatistiek

#### 3.1 Personeelverwante uitgawes

Die volgende tabelle is 'n opsomming van die finale geouditeerde personeelverwante uitgawes per program en salarisvlak. Dit is in die besonder aanduidend van die volgende:

- bedrag bestee aan personeel
- bedrag bestee aan salarisse, oortyd, huiseienaarstoelae en mediese fonds.

Program	Programaanwysing
Program 1	Administrasie
Program 2	Openbare Gewone Skoolonderwys
Program 3	Onafhanklike skoolonderwys
Program 4	Openbare Spesiale Skoolonderwys
Program 5	Verdere Onderwys- en Opleidingskolleges
Program 6	Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes
Program 7	Vroeëkindontwikkeling
Program 8	Infrastruktuurontwikkeling
Program 9	Hulpdienste en verwante dienste

**Tabel 3.1.1 Personeeluitgawes per program vir die tydperk 1 April 2014 tot 31 Maart 2015**

Program	Totale uitgawes (R'000)	Personeel-uitgawes (R'000)	Opleidings-uitgawes (R'000)	Professionele en spesiale dienste uitgawes (R'000)	Personeel-uitgawes as 'n % van totale uitgawes	Gemiddelde personeel-koste per werknemer (R'000)	Aantal werknemers
Program 1	661 462	325 955	1 259	244 834	1.92	375.52	868
Program 2	12 156 510	10 368 302	26 579	754 850	60.99	394.81	35 169
Program 3	89 845	0	0	0	0	0	0
Program 4	973 642	799 583	0	25 408	4.7	284.85	2 807
Program 5	377 865	292 358	0	0	1.72	0	****0
Program 6	34 633	*1 770	0	924	0.01	0	****0
		**757	0		0.03	0	
Program 7	511 778	6 961	0	59 350	0.36	375.52	165

Program	Totale uitgawes (R'000)	Personeel-uitgawes (R'000)	Opleidings-uitgawes (R'000)	Professionele en spesiale dienste uitgawes (R'000)	Personeel-uitgawes as 'n % van totale uitgawes	Gemiddelde personeel-koste per werknemer (R'000)	Aantal werknemers
Program 8	1 439 491	6 779	0	257 148	0	484.21	14
Program 9	755 870	***504 166	0	12 057	0.18	474.89	1 201
		****65 696	0		0.42		
Totaal	17 001 096	11 918 627	27 838	1 354 571	70.33	2 389.8	40 224

Notas:

\* Die personeeluitgawes in Program 6 (Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes) ten bedrae van R1,770m is ten opsigte van die voltydse werknemers wat permanent in diens is. Die aangeduide gemiddelde personeelkoste is dus slegs ten opsigte van voltydse werknemers.

\*\* Die bedrag van R0,757m reflekteer die bedrag ten opsigte van uitgawes vir opvoeders wat op 'n uurlikse basis vir opvoeding by BOOV-sentrums aangestel is.

\*\*\* Die personeeluitgawes ten opsigte van Program 9 (Hulpdienste en Verwante Dienste) ten bedrae van R504,166m, is met betrekking tot die werknemers in permanente diens. Die aangeduide gemiddelde personeelkoste is dus slegs ten opsigte van die voltydse werknemers.

\*\*\*\* Die bedrag van R65,696m reflekteer die uitgawes vir eksaminatore/ moderatore / nasieners en tydelike administratiewe ondersteuningspersoneel (vir die 2014-Matriekeksamen) sowel as MIV/Vigs ondersteuningspersoneel

\*\*\*\*\* Die inligting soos verskaf op 31 Maart 2015, sluit werknemers uit wat in diens is en onder Program 5 (Verdere Onderwys en Opleiding) en Program 6 (Volwasse Onderwys en Opleiding) val. Hierdie werknemers is op Persal oorgeplaas (26 Maart 2015) vanaf die Wes-Kaapse Onderwysdepartement na die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding. Die aantal werknemers vir hierdie programme, is soos volg: Program 5 het 905 werknemers en Program 6 het 8 werknemers.

**Tabel 3.1.2 Personeelkoste per salarisvlak vir die tydperk 1 April 2014 tot 31 Maart 2015**

Salarisbaan	Personeel-uitgawes (R'000)	% van totale personeel-koste	Gemiddelde personeel-koste per werknemer (R'000)	Aantal werknemers
Laer geskool (Vlakke 1-2)	315 081	2.52	101.64	3 100
Geskool (Vlakke 3-5)	775 059	6.21	158.66	4 885
Hoogs geskool – produksie (Vlakke 6-8)	6 907 876	55.85	297.78	23 198
Hoogs geskool – toesighouding (Vlakke 9-12)	4 364 656	34.97	485.34	8 993
Senior en topbestuur (Vlakke 13-16)	55 469	0.44	1155.60	##48
Totaal	#12 481 141	100.00	310.29	40 224

Notas:

# Die totale personeeluitgawes in tabelle 3.1.1 en 3.1.2 verskil aangesien sommige transaksies direk op BAS plaasvind.

## Die totale aantal werknemers aangedui in tabelle 3.1.1 en 3.1.2 hierbo sluit beide staatsdienspersoneel en opvoeders in. Die aantal werknemers op salarisvlak 13 – 16 is uitgesluit die 6 Hoof- Uitvoerende Beampptes verbonde aan die Verdere Onderwys- en Opleidingskolleges.

Die volgende tabelle bevat 'n opsomming per program (Tabel 3.1.3) en salarisvlakke (Tabel 3.1.4) van uitgawes aangegaan as gevolg van salarisse, oortyd, behuisingstoelae en mediese bystand. Die tabel verskaf in elke geval 'n aanduiding van die persentasie van die personeelbegroting vir hierdie items.

**Tabel 3.1.3 Salarisse, Oortyd, Huiseienaarstoelae en Mediese Fonds per program vir die tydperk 1 April 2014 tot 31 Maart 2015**

Program	Salarisse		Oortyd		Huiseienaarstoelae		Mediese Fonds	
	Bedrag (R'000)	Salarisse as 'n % van personeel-koste	Bedrag (R'000)	Oortyd as 'n % van personeel-koste	Bedrag (R'000)	HET as 'n % van personeel-koste	Bedrag (R'000)	Mediese fonds as 'n % van personeel-koste
Program 1	235 340	2.19	5 166	0.05	7 489	0.07	12 583	0.12
Program 2	7 851 396	72.91	74	0.00	218 618	2.03	398 229	3.70
Program 4	0	0.00	0	0.00	0	0.16	0	0.28
Program 5	577 264	5.36	103	0.00	17 538	0.06	30 003	0.10
Program 6	222 011	2.06	0	0.00	6 042	0.00	11 272	0.00
Program 7	1 357	0.01	0	0.00	54	0.01	36	0.00
Program 8	47 461	0.44	0	0.00	950	0.00	2 256	0.02
Program 9	4 262	0.04	0	0.00	10	0.09	3	0.00
Totaal	392 542	3.65	2 691	0.02	9 383	0.09	16 584	0.15

**Tabel 3.1.4 Salarisse, Oortyd, Huiseienaarstoelae en Mediese Fonds per salarisvlak vir die tydperk 1 April 2014 tot 31 Maart 2015**

Salarisbaan	Salarisse		Oortyd		Huiseienaarstoelae		Mediese Fonds	
	Bedrag (R'000)	Salarisse as 'n % van personeel-koste	Bedrag (R'000)	Oortyd as 'n % van personeel-koste	Bedrag (R'000)	HOA as 'n % van personeel-koste	Bedrag (R'000)	Mediese fonds as 'n % van personeel-koste
Geskoold (Vlak 1-2)	225 310	2.09	67	0.00	14 063	0.13	14 725	0.14
Geskoold (Vlak 3-5)	554 085	5.15	2 454	0.02	30 971	0.29	42 528	0.39
Hoogs geskoold – produksie (Vlak 6-8)	5 223 913	48.51	4 267	0.04	143 434	1.33	271 940	2.53
Hoogs geskoold - toesighouding (Vlak 9-12)	3 291 907	30.57	1 246	0.01	71 434	0.66	141 087	1.31
Senior bestuur (Vlak 13-16)	36 418	0.34	0	0.00	182	0.00	686	0.01
Totaal	9 331 633	86.66	8 034	0.07	260 084	2.42	470 966	4.37

### 3.1 Indiensneming en Vakatures

Die tabelle in hierdie afdeling is 'n opsomming van indiensneming en vakatures in 2014/15.

Die volgende tabelle gee 'n opsomming van die aantal poste in die instelling, die aantal werknemers, die persentasie vakante poste, en of daar enige bykomende personeel in die instelling is.

Hierdie inligting word aangebied in terme van twee belangrike veranderlikes:

- program (Tabel 3.2.1) en
- salarisvlak (Tabel 3.2.2).

**Tabel 3.2.1 Indiensneming en vakatures per program soos op 31 Maart 2015**

Personeel-groep	Program	Aantal befondsde poste	On-befondsde poste	Aantal poste gevul	Vakature-koers %	Aantal persone bykomend tot die diensstaat	Totale aantal werknemers
Alle Personeel	Program 1	943	41	853	9.54	15	868
	Program 2	35 028	89	34 941	0.25	228	35 169
	Program 4	2 920	8	2 785	4.62	22	2 807
	Program 5	0	0	0	0	0	0
	Program 6	0	0	0	0	0	0
	Program 7	15	0	165	0	0	165
	Program 8	0	0	14	0	0	14
	Program 9	1 297	37	1 178	9.18	23	1 201
	Totaal	40 203	175	39 936	0.66	288	40 224
Opvoeders	Program 1	110	4	111	0.00	7	118
	Program 2	28 784	1	28 869	0.00	113	28 982
	Program 4	1 837	0	1 830	0.38	12	1 842
	Program 5	0	0	0	0.00	0	0
	Program 6	0	0	0	0.00	0	0
	Program 7	15	0	165**	0.00	0	165
	Program 8	0	0	1	0.00	0	1
	Program 9	655	5	614	6.26	14	628
	Totaal	31 401	10	31 590	0.00	146	31 736
Staatsdienspersoneel	Program 1	833	37	742	10.92	8	750
	Program 2	6 244	88	6 072	2.75	115	6 187
	Program 4	1 083	2	955	11.82	10	965
	Program 5	0	0	0	0.00	0	0
	Program 6	0	0	0	0.00	0	0
	Program 7	0	0	0	0.00	0	0
	Program 8	0	0	13	0.00	0	13
	Program 9	642	32	564	12.15	9	573
	Totaal	8 802	165	8 346	5.18	142	8 488

Notas:

\* In die geval van opvoeders bykomend tot die instelling, word slegs die syfers van die opvoeders wat behoorlik as bykomend geklassifiseer is in terme van die gesamentlike ooreenkoms aangedui.

\*\* Program 7: Poste van opvoeder: pre-primêr word afgeskaf aangesien dit vakant geraak het. Die WKOD het 'n beleid aanvaar waarvolgens fondse gekoppel aan vakante poste vervang word deur 'n subsidiebetaling in 'n poging om meer leerpersele vir Vroeëkindontwikkeling te skep. 165 Opvoeders in Program 7 is pre-primêre personeel. Hierdie personeel word in bykomende poste gedra.

Die aantal vakatures ten opsigte van opvoeders beteken nie dat die instelling oor minder opvoeders beskik as die aantal opvoeders waarop hulle geregtig is nie. Dit is bloot 'n aanduiding dat die opvoederposte nie in 'n permanente hoedanigheid gevul is nie. In elke geval waar die pos nie permanent gevul is nie, word 'n kontrakaanstelling gemaak om te verseker dat alle opvoedkundige instellings behoorlik toegerus is vir onderrig.

**Tabel 3.2.2 Indiensneming en vakatures per salarisvlak soos op 31 Maart 2015**

Personeel-groep	Salarisbaan	Aantal befondsde poste	On-befondsde poste	Aantal poste gevul	Vakature-koers %	Aantal persone bykomend tot die diensstaat	Totale aantal werknemers
Alle Personeel	Laer Geskool (Vlak 1-2)	3 259	73	3 257	0.06	35	3 292
	Geskool (Vlak 3-5)	4 108	43	3 770	14.92	63	4 614
	Hoogs geskool - produksie (Vlak 6-8)	28 712	37	29 211	11.13	37	28 472
	Hoogs geskool - toesighouding (Vlak 9-12)	4 079	22	3 654	12.61	12	3 798
	Senior Bestuur (Vlak 13-16)	45	0	46	0	2	48
	Totaal	40 203	175	39 936	5.18	142	40 224
Opvoeders	Laer Geskool (Vlak 1-2)	0	0	0	0.00	0.00	0
	Geskool (Vlak 3-5)	0	0	0	6.69	0.00	781*
	Hoogs geskool - produksie (Vlak 6-8)	27 560	0	28146	3.58	0.00	27 370
	Hoogs geskool - toesighouding (Vlak 9-12)	3 841	10	3444	0.00	7.00	3 585
	Senior Bestuur (Vlak 13-16)	0	0	0	0.00	0.00	0
	Totaal	31 401	10	31 590	0.00	0.00	31 736
Staatsdienspersoneel	Laer Geskool (Vlak 1-2)	3 259	73	3 257	0.06	35	3 292
	Geskool (Vlak 3-5)	4 108	43	3 770	8.23	63	3 833
	Hoogs geskool - produksie (Vlak 6-8)	1 152	37	1 065	7.55	37	1 102
	Hoogs geskool - toesighouding (Vlak 9-12)	238	12	210	12.61	5	213
	Senior Bestuur (Vlak 13-16)	45	0	46	0.00	2	48
	Totaal	8 802	165	8 346	5.18	142	8 488

Notas:

\* Wat opvoedkundige instellings betref, beteken die getal vakatures ten opsigte van opvoeders nie dat die instelling minder opvoeders het as die getal opvoeders waarop hulle geregtig is nie. Dit dui bloot aan dat die opvoederposte nie in 'n permanente hoedanigheid gevul is nie. In elke geval waar die pos nie permanent gevul word nie, word 'n kontrakaanstelling gemaak om te verseker dat alle opvoedkundige instellings die getal opvoeders het waarop hulle geregtig is.

\* Alle opvoederposte word geskep vir die aanstelling van professioneel, ten volle gekwalifiseerde opvoeders (minstens Matriek plus 3 jaar opleiding) op die minimum van salarisvlak 6-7. Die WKOD het 'n paar ondergekwalfiseerde opvoeders in die stelsel. Hulle is die 785 opvoeders wat op salarisvlak 3-5 vergoed word, aangesien hulle nie aan die minimum posvereistes voldoen om op salarisvlak 6-7 betaal te word nie. Hierdie opvoeders is almal in goedgekeurde poste aangestel wat op hierdie tabel in salarisbaan 6-8 aangetoon word.



**Tabel 3.2.3 Indiensneming en vakatures per kritieke beroepsgroepe soos op 31 Maart 2015**

Kritieke beroepsgroep	Aantal poste op goed-gekeurde diensstaat	Aantal poste gevul	Vakature-koers	Aantal werknemers addisioneel tot die diensstaat
NvT	NvT	NvT	NvT	NvT
Totaal	NvT	NvT	NvT	NvT

Notas:  
 \* Die CORE-klassifikasie, soos bepaal deur die DPSA, moet vir die voltooiing van hierdie tabel gebruik word.  
 \* Kritieke beroepsgroepe word omskryf as beroepe of subkategorieë binne 'n beroep  
 (a) waar daar tans 'n skaarste van gekwalifiseerde en ervare persone ondervind word, of in die toekoms verwag 'n skaarste ondervind gaan word, hetsy as gevolg daarvan dat sodanige ervare persone nie beskikbaar is nie, of dat hulle wel beskikbaar is maar nie voldoen aan die toepaslike indiensenemingskriteria nie;  
 (b) waarvoor persone 'n gevorderde kennis oor 'n spesifieke vakgebied of wetenskap of leerarea benodig en sodanige kennis deur middel van 'n langdurige kursus of studie en/of gespesialiseerde instruksie opgedoen word;  
 (c) waar die inherente aard van die beroep die bestendige uitvoering van diskresie verg en dit grotendeels intellektueel van aard is; en ten opsigte waarvan 'n departement 'n hoë mate van moeilikheid ervaar om die dienste van werknemers te werf of behou.

### 3.3 Vulling van SBD-poste

Die tabelle in hierdie afdeling voorsien inligting oor indienseneming en vakatures soos dit verband hou met lede van die Senior Bestuursdienste per salarisvlak. Dit voorsien ook inligting oor die advertering en vulling van SBD-poste, redes vir nie-nakoming van voorgeskrewe tydsraamwerke en dissiplinêre stappe geneem.

**Tabel 3.3.1 SBD-posinligting soos op 31 Maart 2015**

SBD-vlak	Aantal SBD-poste per vlak		Aantal SBD-poste gevul per vlak	% SBD-poste gevul per vlak	Aantal SBD-poste vakant per vlak	% SBD-poste vakant per vlak
	Befonds	On-befonds				
Direkteur-Generaal / Departementshoof	1	0	1	100.00	0	0.00
Salarisbaan 16, maar nie HOD	0	0	0	0.00	0	0.00
Salarisbaan 15	4	0	4	100.00	0	0.00
Salarisbaan 14	8	0	7	87.50	1	33.33
Salarisbaan 13	32	0	32	100.00	2	66.66
Totaal	45	0	44	97.78	3	100.00

Notas:  
 \* Twee (2) SBD-lede word bykomend tot die WKOD-diensstaat gedra plus een (1) SBD-lid in die Kantoor van die Minister van Onderwys in die Wes-Kaap.  
 \* Die aantal werknemers in Tabel 3.3.1 sluit die een (1) Hoofdirekteur: VOO-kolleges (SV14) uit, asook die ses (6) HUB (SV13) verbonde aan die Verdere Onderwys- en Opleidingskolleges. Hierdie werknemers is op Persal (26 Maart 2015) oorgedra vanaf die Wes-Kaapse Onderwysdepartement na die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding.

**Tabel 3.3.2 SBD-posinligting soos op 30 September 2014**

SBD-vlak	Aantal SBD-poste per vlak		Aantal SBD-poste gevul per vlak	% SBD-poste gevul per vlak	Aantal SBD-poste vakant per vlak	% SBD-poste vakant per vlak
	Befonds	On-befonds				
Direkteur-Generaal / Departementshoof	1	0	1	100.00	0	0.00
Salarisbaan 16, maar nie DH	0	0	0	100.00	0	0.00
Salarisbaan 15	4	0	4	100.00	0	0.00
Salarisbaan 14	9	0	8	88.89	1	33.33
Salarisbaan 13	38	0	38	100.00	2	66.66
Totaal	52	0	51	98.08	3	100.00

Notas:

- Twee (2) SBD-lede word bykomend tot die WKOD-dienststaat gedra plus een (1) SBD-lid in die Kantoor van die Minister van Onderwys in die Wes-Kaap.
- Die aantal werknemers in Tabel 3.3.1 sluit die een (1) Hoofdirekteur: VOO-kolleges (SV14) uit, asook die ses (6) HUB (SV13) verbonde aan die Verdere Onderwys- en Opleidingskolleges. Hierdie werknemers is op Persal (26 Maart 2015) oorgedra vanaf die Wes-Kaapse Onderwysdepartement na die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding.

**Tabel 3.3.3 Advertering en vulling van SBD-poste vir die tydperk 1 April 2014 tot 31 Maart 2015**

SBD-vlak	Advertering	Vul van poste	
	Aantal vakatures per vlak geadverteer in die ses maande sedert vakature ontstaan het	Aantal vakatures per vlak gevul in die ses maande nadat die vakatures ontstaan het	Aantal vakatures per vlak nie gevul binne 6 maande maar gevul binne 12 maande
Direkteur-Generaal / Departementshoof	0	0	0
Salarisbaan 16, maar nie DH	0	0	0
Salarisbaan 15	0	0	0
Salarisbaan 14	2	1	1
Salarisbaan 13	3	3	0
Totaal	5	4	1

**Tabel 3.3.4 Redes waarom die vulling van befondsde vakante SBD-poste nie nagekom is nie – binne 6 maande geadverteer en binne 12 maande nadat dit vakant geraak het, gevul vir die tydperk 1 April 2014 tot 31 Maart 2015**

Redes vir vakatures nie geadverteer binne ses maande
NVT
Redes vir vakatures nie gevul binne ses maande
NVT

**Nota**

\* Ingevolge die Staatsdiensregulasies, hoofstuk 1, deel VII C.1A.3 moet departemente goeie oorsaak of rede aandui waarom die vulling van SBD-poste binne die voorgeskrewe tydsraamwerke nie nagekom is nie.

**Tabel 3.3.5 Dissiplinêre stappe ingestel vir nie-nakoming van die voorgeskrewe tydsraamwerke vir die vul van SBD-poste binne 12 maande vir die tydperk 1 April 2014 tot 31 Maart 2015**

Dissiplinêre stappe ingestel vir nie-nakoming van die voorgeskrewe tydsraamwerke vir die vul van SBD-poste binne 12 maande
NvT

**Notas**

\* Ingevolge die Staatsdiensregulasies, hoofstuk 1, deel VII C.1A.2 moet departemente goeie oorsaak of rede aandui waarom die vulling van SBD-poste binne die voorgeskrewe tydsraamwerke nie nagekom is nie. In die geval van nienakoming van hierdie regulasie, moet die betrokke uitvoerende gesag of departementshoof gepaste dissipline stappe doen ingevolge artikel 16A(1) of (2) van die Staatsdienswet.

**3.4 Posevaluering**

Binne 'n nasionaal-bepaalde raamwerk, kan die uitvoerende gesag enige pos in sy of haar organisasie evalueer of herevalueer. Ingevolge die regulasies moet alle vakatures op salarislvlak 9 en hoër geëvalueer word voordat dit gevul word. Die volgende tabel is 'n opsomming van die getal poste wat gedurende die oorsigjaar geëvalueer is. Die tabel verskaf ook statistieke oor die getal poste wat op- of afgegradeer is.

**Tabel 3.4.1 Posevaluering per salarislvlak vir die tydperk 1 April 2014 tot 31 Maart 2015**

Salarisbaan	Totale aantal poste soos op 31/3/2015	Aantal poste geëvalueer	% poste geëvalueer per salarislvlak	Poste opgegradeer		Poste afgegradeer	
				Aantal	% van aantal poste	Aantal	% van aantal poste
Laer geskoold (Vlak 1-2)	3 259	0	0.00	0	0.00	0	0.00
Geskoold (Vlak 3-5)	4 108	0	0.00	0	0.00	0	0.00
Hoogs geskoold - produksie (Vlak 6-8)	28 712	39	0.14	0	0.00	0	0.00
Hoogs geskoold - toesighouding (Vlak 9-12)	4 079	18	0.44	0	0.00	0	0.00
Senior Bestuur Diensvlak A (Vlak 13)	32	0	0.00	0	0.00	0	0.00
Senior Bestuur Diensvlak B (Vlak 14)	8	0	0.00	0	0.00	0	0.00
Senior Bestuur Diensvlak C (Vlak 15)	4	0	0.00	0	0.00	0	0.00
Senior Bestuur Diensvlak D (Vlak 16)	1	0	0.00	0	0.00	0	0.00
<b>Totaal</b>	<b>40 203</b>	<b>57</b>	<b>0.14</b>	<b>0</b>	<b>0.00</b>	<b>0</b>	<b>0.00</b>
<b>Nota</b>							
* Slegs staatsdiensposte is onderworpe aan prosedures vir posevaluering.							

Die volgende tabel verskaf 'n opsomming van die getal werknemers wie se posisies opgegradeer is weens hulle poste wat opgegradeer is. Die getal werknemers kan verskil van die getal poste opgegradeer, aangesien nie alle werknemers outomaties in die nuwe poste geabsorbeer word nie en party van die opgegradeerde poste kan ook vakant wees.

**Tabel 3.4.2 Profiel van werknemers wie se posisie opgegradeer weens die feit dat hul poste opgegradeer is, vir die tydperk 1 April 2014 tot 31 Maart 2015**

Geslag	Swart	Asiër	Kleurling	Wit	Totaal
Vroulik	0	0	0	0	0
Manlik	0	0	0	0	0
Totaal	0	0	0	0	0

Werknemers met 'n gestremdheid	0
--------------------------------	---

Die volgende tabel verskaf 'n opsomming van die aantal sake waar vergoedingsvlakke die graad oorskry het wat deur die posevaluering bepaal is. Redes vir die afwyking word in elke geval verskaf.

**Tabel 3.4.3 Werknemers met salarisvlakke hoër as wat deur die posevaluering bepaal word per beroep vir die tydperk 1 April 2014 tot 31 Maart 2015**

Totale aantal werknemers wie se salaris die graad oorskry het wat deur posevaluering bepaal is	Geen
--	------

Die volgende tabel is 'n opsomming van die begunstigdes van bogenoemde in terme van ras, geslag en gestremdheid.

**Tabel 3.4.4 Profiel van werknemers met salarisvlakke hoër as die vlakke wat deur die posevaluering bepaal is per posevaluering vir die tydperk 1 April 2014 tot 31 Maart 2015**

Totale aantal werknemers wie se salaris die grade oorskry het wat deur posevaluering bepaal is	Geen
--	------

### 3.5 Verandering in indiensneming

Hierdie afdeling verskaf inligting oor veranderinge in indiensneming oor die boekjaar. Omsetkoerse gee 'n aanduiding van tendense in die indiensnemingsprofiel van die departement. Die volgende tabelle verskaf 'n opsomming van omsetkoerse per salarisbaan en kritieke beroepe (see definisies in onderstaande aantekeninge).

**Tabel 3.5.1 Jaarlikse omsetkoers per salarisvlak vir die tydperk 1 April 2014 tot 31 Maart 2015**

Personeel-groep	Salarisbaan	Aantal werknemers per vlak soos op 31 Maart 2014	Aanstellings	Oorplasing na die departement	Aanstellings en oorplasing na die departement	Beëindigings	Oorplasing uit die departement	Beëindigings en oorplasing uit die departement	Omsetkoers %
Alle Personeel	Laer geskool (Vlak 1-2)	3 315	4 351	1	4 352	4 031	162	4 193	4.90
	Geskool (Vlak 3-5)	4 646	5 689	9	5 698	4 028	440	4 468	25.96
	Hoogs geskool - produksie (Vlak 6-8)	28 651	13 874	18	13 892	13 197	944	14 141	0.00
	Hoogs geskool – toesighouding (Vlak 9-12)	3 873	537	9	546	1 301	338	1 639	0.00
	Senior Bestuur Diensvlak A (Vlak 13)	38	2	0	2	2	5	7	0.00
	Senior Bestuur Diensvlak B (Vlak 14)	9	1	0	2	1	1	2	0.00
	Senior Bestuur Diensvlak C (Vlak 15)	4	1	0	1	1	0	1	0.00
	Senior Bestuur Diensvlak D (Vlak 16)	1	1	0	1	0	0	0	0.00
	Totaal	40 537	24 456	37	24 494	22 561	1 890	24 451	*0.00
Opvoeders	Laer geskool (Vlak 1-2)	0	0	0	0	0	0	0	0.00
	Geskool (Vlak 3-5)	785	3 794	0	3 794	2 363	67	2 430	174.00
	Hoogs geskool – produksie (Vlak 6-8)	27 482	13 536	14	13 550	12 950	765	13 715	0.00
	Hoogs geskool – toesighouding (Vlak 9-12)	3 669	482	4	486	1 281	287	1 568	0.00
	Senior Bestuur Diensvlak A (Vlak 13)	0	0	0	0	0	0	0	0.00
	Senior Bestuur Diensvlak B (Vlak 14)	0	0	0	0	0	0	0	0.00
	Senior Bestuur Diensvlak C (Vlak 15)	0	0	0	0	0	0	0	0.00
	Senior Bestuur Diensvlak D (Vlak 16)	0	0	0	0	0	0	0	0.00
	Totaal	31 936	17 812	18	17 830	16 594	1 119	17 713	0.00

Personeel-groep	Salarisbaan	Aantal werknemers per vlak soos op 31 Maart 2014	Aanstellings	Oorplasinge na die departement	Aanstellings en oorplasinge na die departement	Beëindigings	Oorplasinge uit die departement	Beëindigings en oorplasinge uit die departement	Omsetkoers %
Staatsdiens	Laer geskool (Vlak 1-2)	3 243	4 351	1	4 352	4 031	162	4 193	4.90
	Geskool (Vlak 3-5)	3 800	1 895	9	1 904	1 665	373	2 038	0.00
	Hoogs geskool – produksie (Vlak 6-8)	1 300	338	4	342	247	179	426	0.00
	Hoogs geskool – toesighouding (Vlak 9-12)	205	55	5	60	20	51	71	0.00
	Senior Bestuur Diensvlak A (Vlak 13)	38	2	0	2	2	5	7	0.00
	Senior Bestuur Diensvlak B (Vlak 14)	9	1	1	2	1	1	2	0.00
	Senior Bestuur Diensvlak C (Vlak 15)	4	1	0	1	1	0	1	0.00
	Senior Bestuur Diensvlak D (Vlak 16)	1	1	0	1	0	0	0	0.00
	Totaal	8 601	6 644	20	6 664	5 967	771	6 738	0.00

**Notas:**

Kolom 3 (aantal werknemers) sluit die aard van aanstellings en botallige personeel in en sluit die Minister uit. Staatsamptenare en Opvoeders wat nie permanente poste beklee nie, word op 'n kontraktbasis aangestel vir 'n sekere tydperk. Dit sluit werknemers in wat in substantiewe vakatures aangestel word, wat ontstaan weens natuurlike uitvloei, afsterwe, bevorderings, ens. en werknemers (opvoeders) wat as plaasvervangers in die plek van diegene wat afwesig is weens siekteverlof, kraamverlof, ens. aangestel word. Dit impliseer dat dieselfde werknemer tot vier keer in 'n bepaalde verslagtydperk aangestel kan word, aangesien elke kontrak as 'n nuwe aanstelling beskou word. Die verstryking van die kontrak word vir verslagdoeleindes as 'n beëindiging van diens beskou en dit is die rede vir die buitengewoon hoë getal beëindigings.

\*As gevolg van die verskuiwing van die Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) komponent, het die verskuiwing van werknemers uit die departement 'n impak op die omsetkoers van die WKOD.

**Tabel 3.5.2 Jaarlikse omsetkoerse per kritieke beroepsgroep vir die tydperk 1 April 2014 tot 31 Maart 2015**

Kritieke beroepsgroep	Aantal werknemers aan die begin van die tydperk April 2013	Aanstellings en oorplasinge na die departement	Beëindigings en oorplasinge uit die departement	Omset-koers
Totaal	NVT	NVT	NVT	NVT

Die onderstaande tabel identifiseer die hoofredes waarom personeel die departement verlaat het.

**Tabel 3.5.3.1 Redes waarom personeel die departement verlaat het vir die tydperk 1 April 2014 tot 31 Maart 2015**

Groep	Tipe beëindiging	Aantal personeel- lede	% van totale beëindig- ing	Aantal beëindigings as 'n % van die totale aantal werknemers soos op 31 Maart 2015
Alle Personeel	Sterfte/heengaan	126	0.52	0.31
	Bedanking	1 360	5.56	3.38
	Verstryking van kontrak	19 874	81.25	49.41
	Ontslag - operasionele veranderinge	12	0.05	0.03
	Ontslag – wangedrag	73	0.30	0.18
	Ontslag – ondoeltreffendheid	1	0.00	0.00
	Uit diens gestel as gevolg van swak gesondheid	100	0.41	0.25
	Aftrede	1 015	4.15	2.52
	Skeidingspakket deur werknemer geïnisieer	10	0.04	0.02
	Oorplasing na ander staatsdepartemente	1 890	7.73	4.70
	<b>Totaal</b>	<b>24 461</b>	<b>100.00</b>	<b>60.81</b>
	Opvoeders	Sterfte/heengaan	84	0.47
Bedanking		1 138	6.42	3.59
Verstryking van kontrak *		14 456	81.57	45.55
Ontslag – operasionele veranderinge		12	0.07	0.04
Ontslag – wangedrag		39	0.22	0.12
Ontslag – ondoeltreffendheid		1	0.01	0.00
Uit diens gestel as gevolg van swak gesondheid		71	0.40	0.22
Aftrede		793	4.47	2.50
Skeidingspakket deur werknemer geïnisieer		10	0.06	0.03
Oorplasing na ander staatsdepartement		1 119	6.31	3.53
<b>Totaal</b>		<b>17 723</b>	<b>100.00</b>	<b>55.85</b>
Staatsdienspersoneel		Sterfte/heengaan	42	0.62
	Bedanking	222	3.29	2.62
	Verstryking van kontrak *	5 418	80.41	63.83
	Ontslag – operasionele veranderinge	0	0.00	0.00
	Ontslag – wangedrag	34	0.50	0.40
	Ontslag – ondoeltreffendheid	0	0.00	0.00
	Uit diens gestel as gevolg van swak gesondheid	29	0.43	0.34
	Aftrede	222	3.29	2.62
	Skeidingspakket deur werknemer geïnisieer	0	0.00	0.00
	Oorplasing na ander staatsdepartemente	771	11.44	9.08
	<b>Totaal</b>	<b>6 738</b>	<b>100.00</b>	<b>0.49</b>

**Nota:**

Die syfer vir die “verstryking van kontrak” mag hoog voorkom vergeleke met ander staatsdepartemente en werkgewer. Die hoë syfer is as gevolg van die WKOD se beleid waardeur werknemers op kontrak aangestel word vir kort tydperke. Hierdie poste word gereeld geadverteer binne die raamwerk van toepaslike gesamentlike ooreenkoms met die oog daarop om dit so gou as moontlik permanent te vul. Verder word plaasvervanger opvoeders aangestel in die plek van opvoeders wat hulle verlof gebruik of wat gesekondeer word. Die kortste tydperk vir 'n kontrakaanstelling met betrekking tot 'n opvoeder, is twee weke.



**Tabel 3.5.3.2 Redes waarom personeel bedank het, 1 April 2014 tot 31 Maart 2015**

Groep	Tipe beëindiging	Alle Personeel	% van totale beëindigings
Alle Personeel	Ouderdom	10	0.74
	Swak gesondheid	18	1.32
	Beter vergoeding	77	5.66
	Kontrak het verstryk	2	0.15
	Huishoudelike probleme	2	0.15
	Emigrasie	9	0.66
	Verdere studies	10	0.74
	Tuisteskepper	2	0.15
	Aan-diens besering	1	0.07
	Huwelik	3	0.22
	Aard van werk	108	7.94
	Geen rede (hoofsaaklik "verstryking van kontrak")	45	3.31
	Ander onderwysdepartemente	2	0.15
	Ander beroep	95	6.99
	Eie besigheid	1	0.07
	Persoonlike griewe	18	1.32
	Afskaffing van pos	956	70.29
	Oorplasing Ander Stelsel	1	0.07
<b>Totaal</b>		<b>1 360</b>	<b>100.00</b>
Opvoeders	Ouderdom	7	0.51
	Swak gesondheid	15	1.10
	Beter vergoeding	62	4.56
	Kontrak het verstryk	1	0.07
	Huishoudelike probleme	1	0.07
	Emigrasie	9	0.66
	Verdere studies	10	0.74
	Tuisteskepper	2	0.15
	Aan-diens besering	1	0.07
	Huwelik	3	0.22
	Aard van werk	89	6.54
	Geen rede (hoofsaaklik "verstryking van kontrak")	40	2.94
	Ander onderwysdepartemente	2	0.15
	Ander beroep	68	5.00
	Eie besigheid	1	0.07
	Persoonlike griewe	16	1.18%
	Afskaffing van pos	811	59.63
Oorplasing Ander Stelsel	0	0.00	
<b>Totaal</b>		<b>1 138</b>	<b>83.68</b>
Staatsdienspersoneel	Ouderdom	3	0.22
	Swak gesondheid	3	0.22
	Beter vergoeding	15	1.10
	Kontrak het verstryk	1	0.07
	Huishoudelike probleme	1	0.07
	Emigrasie	0	0.00
	Verdere studies	0	0.00
	Tuisteskepper	0	0.00
	Aan-diens besering	0	0.00
	Huwelik	0	0.00
	Aard van werk	19	1.40
	Geen rede (hoofsaaklik "verstryking van kontrak")	5	0.37
	Ander onderwysdepartemente	0	0.00
	Ander beroep	27	1.99
	Eie besigheid	0	0.00
	Persoonlike griewe	2	0.15
	Afskaffing van pos	145	10.66
Oorplasing Ander Stelsel	1	0.07	
<b>Totaal</b>		<b>222</b>	<b>16.32</b>

**Tabel 3.5.3.3 Ouderdomme groepe van permanente personeel wat bedank het, 1 April 2014 tot 31 Maart 2015**

Ouderdomme	Bedankings - Alle personeel	Alle personeel - %	Bedankings: Opvoeders	Opvoeders %	Bedankings staatsdiens-personeel	Staatsdiens-personeel %
Ouderdomme 20 >	0	0.00	0	0.00	0	0.00
Ouderdomme 20 tot 24	37	2.72	35	3.08	2	0.90
Ouderdomme 25 tot 29	146	10.74	134	11.78	12	5.41
Ouderdomme 30 tot 34	87	6.40	70	6.15	17	7.66
Ouderdomme 35 tot 39	88	6.47	73	6.41	15	6.76
Ouderdomme 40 tot 44	206	15.15	173	15.20	33	14.86
Ouderdomme 45 tot 49	270	19.85	236	20.74	34	15.32
Ouderdomme 50 tot 54	228	16.76	173	15.20	55	24.77
Ouderdomme 55 tot 59	214	15.74	179	15.73	35	15.77
Ouderdomme 60 tot 64	79	5.81	61	5.36	18	8.11
